DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

OKW-27
A

# DIE OPELUGONTSPANNINGSPOTENSIAAL VAN SEKERE STAATSEIENDOMME IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Deur M.E.Jooste en J.D.Venter

001.3072068 NBSR RES 27

navorsingsreeks nr. 27

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing

This report is also available in english

BIBLIOTEEK
LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

RGN·HSRC

031215

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING

# DIE OPELUGONTSPANNINGSPOTENSIAAL VAN SEKERE STAATSEIENDOMME IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

deur

M.E. JOOSTE, B.Sc.(Ed.Phys.), B.Ed.
J.D. VENTER, D.Phil.

1965

TOEKENNINGS VAN DIE NASIONALE RAAD VIR SOSIALE NAVORSING VIR DIE ONKOSTE VAN HIERDIE OPNAME EN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VERSLAG WORD MET DANK ERKEN

0000420224

DIE INHOUD VAN HIERDIE VERSLAG MAG VRYELIK AANGEHAAL WORD, MITS DIE BRON ERKEN WORD

001.3072068 NBSR RES 27
*042022*

1983 -09-0 9

STANDKODE
001.3072068
NBSR RES 27
BESTELNOMMER
G

BESTELNOMMER
061215

# VOORWOORD

Een van die probleme waarmee digbevolkte lande in toenemende mate te kampe het, is ruimte vir opelugontspanning. In Suid-Afrika kan ons hierdie vraagstuk nog nie as een van ons groot probleme beskou nie danksy die uitgestrektheid van ons land teenoor 'n relatief klein bevolking.

Hierdie toestand sal egter nie onveranderd bly voortbestaan nie want met 'n betreklik vinnige bevolkingsaanwas, 'n stygende lewenspeil, 'n toenemende industrialisasie en verstedeliking tesame met steeds meer vrye tyd en die ontwikkeling van vervoergeriewe, is daar 'n toenemende vraag na ruimte vir opelugontspanning. Indien daar dus nie vroegtydig op 'n wetenskaplik verantwoorde wyse beplan word nie, kan daar op hierdie terrein probleme ontstaan wat ontsaglik veel sal kos om opgelos te word. Om hierdie rede was dit dus nodig om vroegtydig 'n algemeen verkennende ondersoek na die potensiaal van opelugontspanningsgebiede te doen. Die resultaat van so 'n opname word in hierdie verslag aangebied.

'n Ondersoek van hierdie aard kan natuurlik nie gedoen word sonder dat verskillende instansies hulp verleen nie en daarom wil ek my opregte dank en waardering uitspreek jeens die beamptes van die Departement van Bosbou wat benewens die inligting wat hulle verskaf het ook die persoon belas met die veldwerk, met raad en daad bygestaan het. My opregte dank ook aan die Driehoeksmetingkantoor wat die kaarte geteken het, Staatsfilmproduksies wat vir die ontwikkeling van die voorlopige foto's verantwoordelik was en ook die Departemente van Lande en Waterwese vir inligting wat hulle verstrek het. My dank gaan ook aan lede van die Advieskomitee vir die gewaardeerde hulp deur hulle gelewer.

Mnr. Martin Jooste wat vir 'n jaar deur die Universiteit van Pretoria na die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing gesekondeer is om hierdie ondersoek uit te voer, kan moeilik genoeg bedank word vir die omvattende veldwerk wat hy ten behoewe van hierdie opname uitgevoer het.

Ten slotte gaan my dank ook aan al die Buro-amptenare wat met hierdie ondersoek behulpsaam was.

P. M. ROBBERTSE
Direkteur
Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing

# INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| INLEIDING | | |
| AFDELING I | REGERINGSGRONDE, IN DIE WES-KAAPLANDSE WINTERREENVALSTREEK, WAT VIR OPELUG-ONTSPANNINGSOORDE GESKIK IS .......... | 9 |
| AFDELING II | REGERINGSGRONDE, IN DIE SENTRALE KAAPSE GEBIED, WAT VIR OPELUGONTSPANNINGS-OORDE GESKIK IS .......... | 69 |
| AFDELING III | REGERINGSGRONDE, IN DIE OOS-KAAPSE GEBIED, WAT VIR OPELUGONTSPANNINGSOORDE GESKIK IS .......... | 87 |
| AFDELING IV | REGERINGSGRONDE, IN SENTRAAL-NATAL, WAT VIR OPELUGONTSPANNINGSOORDE GESKIK IS .......... | 101 |
| AFDELING V | REGERINGSGRONDE, IN NOORDOOS-NATAL, WAT VIR OPELUGONTSPANNINGSOORDE GESKIK IS .......... | 117 |
| AFDELING VI | REGERINGSGRONDE, IN NOORD- EN OOS-TRANSVAAL, WAT VIR OPELUGONTSPANNINGS-OORDE GESKIK IS .......... | 137 |
| AFDELING VII | REGERINGSGRONDE, IN SUIDWES-TRANSVAAL, DIE ORANJE-VRYSTAAT EN NOORDWES-KAAP-LAND, WAT VIR OPELUGONTSPANNINGSOORDE GESKIK IS .......... | 181 |
| BYLAE 1 | ALFABETIESE LYS VAN ALLE STAATSDAMME IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA ...... | 202 |
| BYLAE 2 | BESIENSWAARDIGE GEBIEDE WAT NIE AAN DIE KRITERIA WAARVOLGENS DIE GEBIEDE GEMEET IS, VOLDOEN HET NIE ........ | 204 |
| BYLAE 3 | SAMEVATTING VAN MOONTLIKE ONTSPANNINGSAKTIWITEITE IN DIE VERSKILLENDE BOSBOURESERVATE .......... | 205 |

# INLEIDING

## 1.1 ALGEMEEN

Volgens die 1960-sensus woon reeds ongeveer 83 persent van die Republiek se Blanke bevolking in stedelike gebiede. Namate die verstedeliking toeneem, word die behoefte aan opelugontspanning ook groter. Benewens die ruimtelike inperking van die stedelike mens, is ook ander faktore uit die stadslewe vir die sterk behoefte aan opelugontspanning verantwoordelik. So byvoorbeeld bring spesialisasie 'n groter mate van geroetineerdheid in die beroepslewe en sodoende kan slegs 'n beperkte deel van die menslike behoeftes in sy beroepslewe bevredig word. Gedurende sy vrye tyd soek hy dan bevrediging vir sy onbevredigde behoeftes en dit is in hierdie opsig wat die opelugontspanning 'n noodsaaklike funksie vervul. Verder speel sowel die uiters aangename klimaat van die Republiek as die landelike agtergrond van 'n groot deel van die stedelinge ook 'n belangrike rol om die behoefte aan ontspanning in die buitelug te versterk. T.C. Robertson, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Natuurunie, stel dit in die inleiding tot die Brockman-verslag* soos volg: „A people whose character was formed in close contact with the soil - by the challenge of an environment of veld, bush, berg and rivers - was being conditioned and changed by city life. In spite of this they appear to have retained an atavistic longing for the kind of life which made the Afrikaner people, the descendants of Voortrekkers and 1820-Settlers, alike. Evidence of this was to get away from cities, even if only for such leisure time pursuits as picnicking angling, aquatic sports, mountaineering, visits to the Kruger Park or seaside resorts."

Geen beter bewys vir die behoefte aan ontspanning in die buitelug en die Suid-Afrikaner se voorliefde vir die natuur kan gevind word as in die groepies mense, gedurende naweke of op openbare vakansiedae, onder feitlik elke skaduryke boom of langs elke stroom of dam nie. 'n Verdere bewys vir hierdie bewering word daarin gevind dat piekniekplekke en vermaaklikheidsoorde naby stedelike gebiede op openbare vakansiedae of gedurende naweke, tot oorlopens toe vol is.

Opsommend kan dus gesê word dat die meerderheid Suid-Afrikaners 'n baie sterk voorliefde vir buitelugontspanning toon. Onwillekeurig ontstaan nou die vraag watter faktore die mens se rekreatiewe of ontspanningspotensiaal bepaal. Die antwoord, sover dit die materiële aspek van die saak raak, lê in 'n resente begrip, naamlik die T.I.M.-faktor waar T staan vir tyd, I vir inkomste en M vir mobiliteit. Die swakste van enige van hierdie drie faktore bepaal tot watter mate enige individu kan deelneem aan 'n rekreasieprogram.

Vervolgens kan nou bepaal word hoe hierdie drie faktore by die inwoners van die Republiek voorkom.

Behalwe vir die twaalf openbare vakansiedae wat vir die grootste deel van die bevolking beskikbaar is, is alle werknemers in die Republiek geregtig op minstens veertien dae vakansieverlof. Dikwels is hierdie getal veel hoër. Verder is die maksimum werksweek 46 uur terwyl die neiging om dit verder te verkort oral aangetref word. In die geheel geneem, kan dus aanvaar word

* Brockman, C.F.: Outdoor Recreation in Relation to Nature Conservation in South Africa. Preliminary Report Submitted to The South African Nature Union. 1960.

dat die Suid-Afrikaanse publiek nie deur die T-faktor van ontspanningsaktiwiteite weerhou word nie.

Ten opsigte van die I-faktor vergelyk die inwoners van die Republiek gunstig met die meeste ander lande van die wêreld. Minimum loonskale wat van toepassing is, stel die meeste inwoners in staat om aan opelugontspanningsaktiwiteite deel te neem. Daardie groep van die Blanke bevolking wat wel 'n inkomste het, dit wil sê huisvroue, skoliere, ensovoorts, uitgesluit, se inkomste soos in die volgende tabel ontleed, bevestig bostaande bewering.

| Jaarlikse inkomste in Rand | Persentasie van totale Blanke* bevolking met 'n inkomste |
|---|---|
| 799 en minder | 29.0 |
| 800 - 1,599 | 26.6 |
| 1,600 - 3,999 | 35.6 |
| 4,000 en meer | 6.2 |
| Ongespesifiseer | 2.6 |
| TOTAAL | 100.00 |

Wat mobiliteit betref, beskik die Blanke Suid-Afrikaanse bevolking na verhouding, oor die derde hoogste aantal motors van al die volkere ter wêreld. Die volgende tabel bied vergelykbare gegewens ten opsigte van enkele lande.

| Land | Getal persone in totale Blanke bevolking per motor |
|---|---|
| Kanada | 3.4 |
| V.S.A. | 2.4 |
| Verenigde Koninkryk | 7.3 |
| Frankryk | 6.3 |
| Republiek van Suid-Afrika | 4.0 |

Benewens privaat vervoer is daar ook 'n betreklik goedkoop en gereelde treindiens wat die hele land bedien. Aanvullend tot voorgenoemde, beskik al die stede ook oor 'n netwerk van busroetes terwyl die plattelandse gebiede deur uitstekende nasionale en provinsiale paaie met die stede en dorpe verbind is.

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat die Suid-Afrikaanse bevolking 'n sterk voorliefde vir opelugontspanning het en dat die tyd, inkomste en mobiliteit in die meeste gevalle nie ernstige belemmeringe is in 'n poging om hierdie behoefte te bevredig nie. Die enigste onseker faktor wat nog nie aangeraak is nie, is die vraag of daar in die toekoms altyd voldoende beskikbare geskikte grond sal wees om in die behoefte aan ontspanning in die buitelug te voorsien. Hierdie verslag gee aan laasgenoemde belangrike faktor verdere aandag.

* Hierdie gegewens is op die 1960-sensusgegewens gebaseer en sal tans veel hoër wees.

## 1.2 DIE DOEL EN METODE VAN DIE ONDERSOEK

### 1.2.1. **Algemeen**

Gedurende Julie 1961 het die Suid-Afrikaanse Natuurunie tydens 'n kongres in Pretoria die belang van opelugontspanning weer eens beklemtoon. Daar is op gewys dat die getal potensiële opelugontspanningsoorde geleidelik verdwyn omdat hierdie gebiede vir ander doeleindes gebruik word. Hierop het die destydse Adjunk-minister van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap opdrag gegee dat 'n opname van alle staatsgronde in die Republiek van Suid-Afrika, wat die potensiaal besit om as opelugontspanningsoorde ontwikkel te word, gemaak moet word. Hierdie ondersoek sou deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap onderneem word. Die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing het R10,000 gestem om die koste aan die ondersoek verbonde, te bestry.

Op 22 Desember 1961 word 'n konferensie deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing belê ten einde die aangeleentheid met belanghebbende liggame en ander Staatsdepartemente te bespreek. Op hierdie konferensie was die volgende instansies verteenwoordig :

Die Departemente van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling
Bosbou
Kleurlingsake
Lande
Indiërsake
Onderwys, Kuns en Wetenskap
Die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne
Die Suid-Afrikaanse Munisipale Vereniging
Suid-Afrikaanse Toeristekorporasie
Suid-Afrikaanse Natuurunie
Die Nasionale Parkeraad en
Die Komitee van Onderwyshoofde

Op hierdie konferensie is die noodsaaklikheid van so 'n ondersoek weer eenparig beklemtoon.

### 1.2.2 **Die doel van die ondersoek**

Soos reeds uit die voorafgaande geblyk het, is die doel van hierdie ondersoek om sover moontlik 'n inventaris op te stel van gronde wat onder beheer van die sentrale en provinsiale regerings ressorteer en wat die potensiaal besit om as opelugontspanningsoorde ontwikkel te word. Grond wat reeds ontwikkel is, sowel as grond wat aan 'n privaat eienaar of eienaars behoort, word dus nie in hierdie ondersoek ingesluit nie.

### 1.2.3 **Die metode van die ondersoek**

Die eerste vereiste vir hierdie ondersoek was om sover moontlik 'n lys van grond wat onder die sentrale en provinsiale owerhede ressorteer, te maak. Aangesien daar geen register van regeringsgronde in die Republiek bestaan nie, was dit moeilik om aan hierdie vereiste te voldoen. Hierin is egter geslaag deur gebruik te maak van die nuutste Topo-kadastrale kaarte oor Suid-Afrika, wat deur die Staatsdrukker uitgegee word. Benewens ander gegewens

bevat hierdie kaarte 'n aanduiding van bosbougebiede, Bantoegebiede en ontoegewysde staatsgrond. As gevolg van die voortdurende verkoop en aankoop van staatsgrond mag dit wees dat hierdie kaarte, alhoewel die jongste uitgawes gebruik is, nie altyd die korrekte grense aandui nie. Sulke foute sal dan in die kaarte in hierdie verslag oorgeneem wees.

Hierdie gegewens is aangevul uit inligting wat van die verskillende Staatsdepartemente verkry is, sowel as plaaslike informasie wat verkry is van hoofstreekbosboubeamptes en bosbouers.

Ten einde ook alle grond wat onder die verskillende provinsiale owerhede ressorteer by die ondersoek in te sluit, is aan die verskillende provinsiale owerhede skrywes gerig waarin hulle versoek is om 'n aanduiding van al die grond wat onder hulle ressorteer en wat nie reeds vir een of ander bepaalde doel toegewys is nie, te gee. Dit het later geblyk dat daar geen grond onder die beheer van die provinsiale owerhede staan wat nie reeds vir een of ander doel afgesonder is nie.

Nadat hierdie inventaris voltooi is, is oorgegaan tot die opstel van 'n vraelys wat moes dien as 'n handleiding en 'n kriterium vir die veldwerker in die beoordeling van die gebiede. Benewens die voltooiing van hierdie vraelys moes die veldwerker ook 'n uitvoerige verslag wat in 'n bepaalde raamwerk moes inpas, ten opsigte van elke gebied wat hy volgens die kriterium in sy vraelys as 'n potensiële opelugontspanningsoord beskou, opstel. Ter aanvulling van hierdie verslae moes die veldwerker waar moontlik van elke gebied een of meer foto's neem. Omstandighede soos, byvoorbeeld digte mis, gebrek aan besienswaardigheid en reën het soms veroorsaak dat geen foto's geneem kon word nie. Verder is die beskrywings van die verskillende gebiede ook met kaarte toegelig. Uit die voorafgaande volg dit natuurlik dat die veldwerker elkeen van die gebiede wat op die inventaris verskyn, self moes besoek, maar alhoewel hierdie voorsorgmaatreël getref is om die inligting ten opsigte van die verskillende gebiede so korrek moontlik te verkry, kan die ondersoekers ongelukkig nie bo alle twyfel verseker dat daar hoegenaamd geen onjuisthede ten opsgite van minder belangrike feite mag voorkom nie, want daar is ook benewens die ondersoek ter plaatse van ander inligtingsbronne gebruik gemaak.

Vir die doel van die opname is die Republiek in sewe streke verdeel. 'n Oorsigtelike kaart van elkeen van hierdie streke word by die betrokke afdeling van die verslag, wat ook op hierdie streeksbasis ingedeel is, ingesluit.

Wat die geskikste besoektye wat in die verslag genoem word, betref, is daar gepoog om met die wisseling wat by gebiede se mikroklimate mag voorkom (vergelyk byvoorbeeld die klimaatsverskille op die top van 'n berg vergeleke met dié aan die voet) tred te hou.

Daar is gepoog om sover moontlik die roetes na gebiede volgens die numeriese reekse wat vir elke provinsie bestaan, te beskryf. Die nommers van die nasionale paaie in ons land word altyd voorafgegaan deur die letter N.

1.2.4. **Begripsbepaling**

(a) Kampeer- of piekniekeenheid. Vir die doel van hierdie ondersoek is na deeglike oorweging maar tog in 'n groot mate arbitrêr besluit dat 'n gebied van 15 jaart by 15 jaart voldoende oppervlakte vir een motor en 'n tent of een motor en 'n woonwa is. Waar daar dus in hierdie verslag na kampeer- of piekniekeenhede verwys word, word daarmee dus 'n oppervlakte-eenheid van 225 vk. jaart , 'n gebied wat groot genoeg is vir 'n

gesin om hul motor op te parkeer en ook nog 'n tent op te slaan, bedoel. Hier moet verduidelik word dat hoewel die drakrag van hierdie gebiede gemeet is met die reeds gemelde oppervlakte-eenheid, die drakrag van die gebiede van ander aktiwiteite, soos byvoorbeeld wandel, bergklim en hengel nie noodwendig hiermee sal ooreenstem nie. Daar is ook sekere gebiede wat nie oor genoeg gelyk oppervlakte beskik om 'n redelike groep mense, volgens hierdie standaarde gemeet, te huisves nie. Daarom is hierdie gebiede nie in fyn besonderhede beskryf nie, maar word hulle in die vorm van 'n bylaag by die verslag gevoeg met 'n aanduiding van wat in hulle besienswaardig is.

(b) Gekoppelde aktiwiteite. Mense kamp baie selde net om te kampeer. Gewoonlik word ook ander aktiwiteite beoefen om die uitstappie aangenamer te maak, soos byvoorbeeld hengel, watersport, bergklim en so meer. Hierdie aktiwiteite word gekoppelde aktiwiteite genoem.


(c) Beskutte ruimte. Hiermee word ruimte in skaduwee onder bome waaronder tente opgeslaan kan word, bedoel.

Aangesien die grense van al die voorgenome Bantoetuislande nog nie vasgestel is nie, is daar besluit om nie die opelugontspanningspotensiaal van enige gebied wat deur die Departement van Bantoe-administrasie en-ontwikkeling beheer word, te ondersoek nie.

Die plekname wat in die verslag gebruik is, stem ooreen met die lys van amptelike plekname soos deur die betrokke afdeling van die Driehoeksmetingkantoor verstrek. Behalwe enkele uitsonderings is hierdie amptelike plekname in beide offisiële landstale dieselfde.

Bosbougebiede geld altyd as natuurreservate en is uit die aard van die saak geslote gebiede. Hoewel daar in baie van hierdie gebiede vir piekniekgangers en kampeerders voorsiening gemaak word, moet daar altyd in alle gevalle eers toestemming van die plaaslike bosbouer verkry word voordat die gebied binnegegaan word.

# KAART VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA WAAROP DIE AFDELINGS WAARIN DIE ONTSPANNINGSOORDE GELEË IS AANGEDUI WORD




Driehoeksmeting, 1964.

## AFDELING I

## REGERINGSGRONDE, IN DIE WES-KAAPLANDSE WINTER-REËNVALSTREEK, WAT VIR OPELUGONTSPANNINGSOORDE GESKIK IS



Die skilderagtige Franschhoekvallei

# AFDELING I




Driehoeksmeting, 1964.

# BLOUBERG-BOSBOURESERVAAT



## BLOUBERG-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING I    NO. 1

**Ligging:** Hierdie gebied is aan die Atlantiese kus, omtrent agtien myl noord van Kaapstad, geleë.

**Bereikbaarheid:** Enige tipe voertuig kan die area maklik bereik want gruis- en teerpaaie lei na die gebied.

**Roetebeskrywing:** Provinsiale Pad No. 41 oor Milnerton lei na die reservaat. Genoemde pad draai tussen Duncandokke en Woodstock uit Nasionale Pad N9.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie plat, sanderige gebied, met 'n kuslyn van bykans ses myl, is aan die Atlantiese oseaan geleë. Naby die see is die gebied effens duinagtig en bedek met gras en ander plantegroei. Dieper die binneland in is die area oortrek met Rooikrans- en Port Jacksonbome. Die strand wat mooi en gelyk is, wissel van fyn sand met fyn gebreekte skulp tot sand met growwe gebreekte skulp. Daar is geen vars water nie. Ongeveer ses duim reën per jaar val gedurende die wintermaande. Die res van die jaar is die klimaat sonnig en droog.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hierdie gebied van ongeveer 2,000 morg het 'n drakrag van etlike honderde kampeer- of piekniekeenhede. Aangesien daar nie vars water beskikbaar is nie, is dit alleen vir eendaagse uitstappies geskik. Naby die strand is daar geen beskutting in die vorm van bome nie. Skuiling en water moet dus op uitstappies saamgeneem word. Afgesien van die feit dat daar slegs twee geskikte swemplekke is, en die water baie koud is, is die gebied tog geskik vir hengel, kreefvangs en ander seekos. Die maande April tot Augustus is die geskikste besoektyd vir die hengelaar, terwyl Oktober tot April weer vir ander ontspanningsaktiwiteite geskik is.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Hierdie herwonne gebied lewer tans skulpe vir kalkmaking.

# SEDERBERG-BOSBOURESERVAAT






Verweerde rotse in die Sederberg-bosboureservaat

## SEDERBERG-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING I NO. 2

**Ligging:** Hierdie groot reservaat is ongeveer honderd-en-vyftig myl vanaf Kaapstad en twaalf myl suidoos van die geskiedkundige dorpie Clanwilliam geleë.

**Bereikbaarheid:** 'n Goedgemaakte grondpad vanaf Clanwilliam maak die bosboustasie by Algeria maklik bereikbaar. Die binneveld van die reservaat kan alleen deur voetpaaie van tweehonderd myl, wat ook vir pakdonkies geskik is, bereik word. Bestaande paaie binne die reservaat is slegs geskik vir voertuie met vierwielaandrywing, maar motorpaaie is in aanbou.

**Roetebeskrywing:** Nasionale Pad N11 verbind Kaapstad, Malmesbury en Clanwilliam. Vanaf Clanwilliam lei 'n goeie gruispad twaalf myl suidwaarts na die bosboustasie, Algeria.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied van omtrent sewentigduisend morg lê bo-op en langs die hoogste kruine van die Sederberge. Takke van die Olifantsrivier loop deur hierdie gebied en verdeel die westelike hange van die berge telkemale. Deur verwering van die Tafelbergsandsteen, waaruit hierdie gebiede grotendeels bestaan, ontstaan talle fantastiese vorms. Behalwe hierdie besienswaardigheid is die sanderige gelyktes tussen die bergspitse begroei met die streeksplantegroei van die gebied, naamlik struike, blomme en bome waaroor die digter C.L. Leipoldt so liries kon raak. Oral word die inheemse bergsederbome (Widdringtonia Juniperoides) waarna die gebied vernoem is, aangetref. Hierdie sederbome groei gewoonlik op sulke hoë rotsagtige plekke dat hulle nie juis beskutting aan kampeerders of piekniekgangers kan bied nie; die ander plantegroei bied ook nie beskutting nie. Eersteklas beskutting word egter deur hierdie interessante verwering van die berge in hierdie gebied verskaf, en wel in die vorm van hol kranse en klippe wat in hul duisende hier aangetref word. In die gebied is daar baie wild te sien. Klipspringers en vaalribbokke is volop. Wanneer die kruine van hierdie berge in die winter met sneeu bedek is, bied hulle tonele van ongeëwenaarde prag aan. Onvergelyklike vergesigte kan ook vanaf hierdie berge verkry word. Op 'n helder dag kan Tafelberg by Kaapstad, 'n honderd-en-vyftig myl vanaf Sneeuberg (6,652 vt.), duidelik gesien word. Die geploegde en anders ontwikkelde vlakte van die Swartland strek soos 'n lappieskombers ver suidweswaarts. Behalwe die inheemse sederbome, word hier ook baie boegoe (Barosma betulina) en rooibostee (Borbonia spesies), aangetref. Ander besienswaardighede in die omgewing is die graf van C. Louis Leipoldt, net langs die pad, wat deur die oostelike deel van die reservaat gaan, asook 'n eienaardige stel hol kranse, bekend as „Die Stadsaal", op privaatgrond aan die westelike grens van die gebied. Die klimaat is nat en koud in die winter, maar daar is 'n verruklike, blomryke lente en 'n droë, warm somer.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Vars, onbesoedelde strome en die afwesigheid van besmette insekte en diere, maak die gebied geskik vir 'n groot verskeidenheid aktiwiteite. Piekniek en kampeer kan gekoppel word met wandel, bergklim, perdry en die identifisering van plante. Twee plekke in die strome is ook geskik vir swem. Die gebied kan etlike duisende kampeereenhede dra. September tot April en selfs later, is 'n geskikte besoektyd.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied lewer hout en boegoe en dit is die opvanggebied van die strome wat die Olifantsrivier voed. Die gebied is ook 'n beskermingsgebied van inheemse flora en fauna.

# KLUITJIESKRAAL-BOSBOURESERVAAT



## KLUITJIESKRAAL-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING I NO. 3

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer vyf-en-sewentig myl noordoos van Kaapstad, onmiddellik langs Provinsiale Pad No. 22 tussen Ceres en Wolseley, waar die pad met die bekende Wittebrug oor die Breërivier gaan, geleë.

**Bereikbaarheid:** Enige tipe voertuig kan die gebied maklik bereik.

**Roetebeskrywing:** Die pad tussen Ceres en Wolseley, wat deur die reservaat gaan, word gevolg. Net voordat Wittebrug bereik word, word daar na links afgedraai. Na ongeveer 200 treë vanaf die uitdraaipad word die kampeerterrein bereik.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied is geleë waar die Breërivier by Mitchell'spas uitkom. Die smal vallei verbreed hier en ontbloot plat sanderige vlakke wat vir 'n paar honderd treë aan weerskante van die rivier tot teen die berghange wat steil die hoogte inskiet, strek. Terwyl die berge begroei is met kleiner struike en blomme, is die sanderige stroke langs die rivier begroei met groter bome, onder andere Port Jacksonbome wat vanweë hulle hoogte en verspreiding, eersteklasskuiling vir kampeerders en piekniekgangers bied. In die middel van hierdie gebied wat omtrent drie morg groot is, vorm die Breërivier 'n groot, stil poel van variërende diepte, terwyl 'n pragtige, sterk fontein vars drinkbare water verskaf. Die gebied se klimaat is reënerig en koud gedurende die wintermaande en droër en warmer gedurende die lente en somer.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Daar is ruimte vir 'n honderdtal kampeer- of piekniekeenhede. Onbesoedelde rivierwater skep geleentheid vir kampeerders om heerlik in die rivier te swem, en hoër op in die rivier, met die nodige lisensie, na forelle te hengel. Met die nodige toestemming kan ook berggeklim word. Die geskikste besoektyd is vanaf Oktober tot April.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die Kluitjieskraal-bosboureservaat is hoofsaaklik 'n opvangsgebied, maar beskerm ook inheemse flora en fauna.

# HAWEQUAS-BOSBOURESERVAAT (BAINSKLOOF)



Die kronkelgang van die Witrivier en die kloof met sy rotsagtige wande

## HAWEQUAS-BOSBOURESERVAAT (BAINSKLOOF)
## AFDELING I NO. 4

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer vyf-en-sestig myl noordoos van Kaapstad geleë, by die middel (of tweede) tol in die bekende en skouspelagtige Bainskloof.

**Bereikbaarheid:** Alle soorte voertuie kan die gebied maklik bereik want die paaie is geteer, behalwe vir ongeveer 'n kwart myl.

**Roetebeskrywing:** Provinsiale Pad No. 10 vanaf Paarl deur Wellington, gaan na Bainskloof.


**Beskrywing van die gebied:** Vanaf Wellington styg Provinsiale Pad No. 10 en loop bo in Bainskloof in, byna 1,500 voet bokant die vloer van die nou kloof. Onder in die kloof vloei die Witrivier (wat ondanks sy naam ambergekleurde water het) oor spierwit, rondgespoelde klippe. Getrou aan die kontoere van die Limietberge, wat die noordoostelike helling van die kloof vorm, wentel die pad geleidelik dalende, byna parallel met die stroom ver onder. Na ongeveer agtien myl, naby die samevloeiing van die Wit- en Breërivier, eindig die kloof en loop die pad meer gelyk en reguit oor 'n vlakte. Die wande van hierdie kloof is baie steil en rotsagtig, maar tog redelik begroei met struike en blomme. 'n Geskiedkundige besienswaardigheid, naamlik die ysterring waaraan die berugte perdedief „Scotty Smith" vasgeboei was, om sy veelvuldige pogings om te ontsnap terwyl hy besig was om die straf van „hardepad" in die kloof uit te dien, te verydel, word langs die pad aangetref. Besienswaardighede van 'n meer natuurlike aard is onder andere die snaaksgevormde rotsformasies. Naby die middel van Bainskloof, by die tweede tol, waar 'n klein stroompie in die Witrivier invloei, is omtrent drie morg boomryke oppervlakte geskik vir kampeer- en piekniekplek. 'n Dertigtal eenhede kan hier gedra word. In die nabyheid is 'n swemgat van variërende diepte. In die omgewing is daar 'n aantal Boesmantekeninge en 'n klein watervalletjie te sien. In die winter is die klimaat koud en nat, en in die lente en somer droër en warm.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Met skoon bruikbare water en sonder enige vorm van besmetting, leen die gebied hom uitstekend tot kampeer en piekniek. Die gebied is geskik vir hengel (forelle) in die kouer bo-lope van die strome, swem, stap en bergklim, en die identifisering van struike en blomme. Die gunstigste besoektyd is vanaf Oktober tot April.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Hierdie gebied word beskerm as die opvanggebied van verskillende strome. Dit is ook 'n bewaringsgebied van inheemse flora en fauna.

# HAWEQUAS-BOSBOURESERVAAT (DUTOITSKLOOF)






Die brug in Dutoitskloof

# HAWEQUAS-BOSBOURESERVAAT (DUTOITSKLOOF)
## AFDELING I NO. 5

**Ligging:** Dutoitskloof, wat deel is van die Hawequas-bosboureservaat, is aan weerskante van die Nasionale Pad N9 tussen Paarl en Worcester geleë. Dit is omtrent veertig myl noordoos van Kaapstad.

**Bereikbaarheid:** Dutoitskloof is maklik met enige tipe voertuig bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Nasionale Pad N9 wat Paarl en Worcester verbind,loop deur Dutoitskloof.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie kloof is redelik smal. Dit is tussen die berge, waar die Elandsrivier sy weg deur die Slanghoekberge aan die noordekant, en die Dutoitsberge aan die suidekant, gebaan het, geleë. Nasionale Pad N9 is aan die suidekant van die ruigbegroeide rivieroewer, teen die steil hellings van die Dutoitsberge, uitgelê. Tussen die pad en die rivier is daar drie geskikte plekke vir opelugontspanningsaktiwiteite. Twee hiervan is gedeeltelik ontwikkel. Al drie is naby die Elandsrivier, wat later deur die samevloeiing van die Molenaarsrivier vergroot word, geleë. Rondom hierdie plekke skiet die steil hellings van die Slanghoek- en Dutoitsberge hoog die lug in en toon oneindig gekraakte en geplooide rotsformasies aan verbygangers. Die laer gedeeltes van die berge is met 'n mat van die mooi Kaapse flora begroei. Hierdie indrukwekkende toneel ontvou aan alle kante van die pad tussen Worcester en Paarl. Die drie gebiede beslaan 'n totale, goed beskutte, oppervlakte van sowat elf morge. Die gebied het 'n tipiese Mediterreense klimaat, naamlik 'n koue, nat winter, 'n verruklike lente, en 'n droë, warm somer.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:**

1. Die Brug (Blanke gebied): Hierdie gebied is geleë waar Nasionale Pad N9 oor die Elandsrivier gaan. Dit beslaan ongeveer twee morg. Groterige koeltebome word hier aangetref. Hierdie gebied is geskik vir kampeer en piekniek (nie karavane nie), hengel en bergklim. Swem is verbode omdat die rivier Rawsonville van drinkwater voorsien. Die gebied is gedeeltelik ontwikkel en het 'n drakrag van ongeveer twintig eenhede.
2. Die Nie-Blanke ontspanningsgebied is sowat twee myl noord van Die Brug geleë. Dit beslaan ongeveer ses morg grond. 'n Rybare pad gaan bokant 'n groot poel in die rivier verby. Die terrein is geskik vir kampeer, piekniek, hengel en bergklim. Swem is verbode. Die terrein is gedeeltelik ontwikkel en het 'n drakrag van 'n honderdtal eenhede.
3. Leeuklip (Blanke gebied, onontwikkeld) beslaan omtrent drie morg en is naby die grens van die Paarl-Worcester Afdelingsraad wat langs die pad aangedui word, geleë. Die gebied is redelik beskut en het 'n drakrag van dertig eenhede. Dit is geskik vir kampeer, piekniek, hengel en bergklim. Die geskikste tyd om hierdie gebiede te besoek, is van September tot April.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou besit al die grond buite die grense van die Nasionale Pad.

**Huidige gebruik:** Die gebied word as 'n opvanggebied van verskeie strome, en as 'n bewaringsgebied van inheemse flora en fauna, beskerm. Die gedeeltelik-ontwikkelde dele is reeds vir die publiek oopgestel.

# HAWEQUAS-BOSBOURESERVAAT (STETTYNSKLOOFDAM)



# HAWEQUAS-BOSBOURESERVAAT (STETTYNSKLOOFDAM)
## AFDELING I NO. 6

**Ligging:** Stettynskloofdam is ongeveer twintig myl suidoos van Paarl in die Wemmershoekberge geleë.

**Bereikbaarheid:** Geteerde en gruispaaie maak Stettynskloofdam maklik met enige tipe voertuig bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Provinsiale Pad No. 5, draai suid van Worcester uit Nasionale Pad N9 en lei na Rawsonville. In Rawsonville word die pad na Stettynskloof gevolg.

**Beskrywing van die gebied:** By die bymekaarkompunt van die Wemmershoek- en Stettynsberge is die Holslootrivier opgedam en vorm dit die redelike groot Stettynskloofdam. Die berge is besonder spits met baie steil hellings. Die kante langs die dam is dus moeilik begaanbaar en saam met die donkergekleurde water gee dit 'n onheilspellende effek aan die dam. Op die berge in die omgewing word die gewone kleurryke versameling inheemse struike en blomme van die Kaap aangetref. Alleenlik aan die onderkant van die damwal, waar daar sowat drie morg geskikte grond is, is die bome so groot dat hulle beskutting aan piekniekgangers en kampeerders bied. Op plekke langs die uitloop van die dam is daar ook hoë bome wat goeie beskutting kan bied. Hierdie plekke is egter moeilik bereikbaar. Karavane kan nie hier en ook nie onderkant die damwal getrek word nie.


Die klimaat is nat en koud in die winter, maar droër en warmer in die lente en somer. Die geskikste tyd om hierdie gebied te besoek is vanaf September tot April.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hierdie dam voorsien Worcester van drinkwater en word ook as 'n broeidam vir vis beskerm. Nòg hengel, nòg swem word in die dam toegelaat. Hierdie aktiwiteite is egter nie onderkant die damwal, waar die gebied groot genoeg vir 'n honderdtal eenhede is, verbode nie. Verder stroomaf, met die uitloop van die dam, is daar geskikte hengelplekke en klein swempoele. Ander aktiwiteite waaraan deelgeneem kan word, is bergklim en die bewondering van inheemse plante, asook die besigtiging van wild soos klipbokkies, vaalribbokke, kuifkopduikers en grysbokke wat hier algemeen aangetref word.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou besit die Hawequas-bosboureservaat en die Worcesterse munisipaliteit besit die Stettynskloofdam.

**Huidige gebruik:** Die gebied word beskerm as 'n bewaargebied van inheemse fauna en flora en as 'n opvanggebied van verskillende strome.

# BRANDVLEIDAM



Vergesig oor Brandvleidam

## BRANDVLEIDAM
## AFDELING I NO. 7

**Ligging:** Brandvleidam is omtrent vyf myl suid van Worcester geleë.

**Bereikbaarheid:** Teer- en grondpaaie maak die dam maklik vir enige tipe voertuig bereikbaar. Tans is dit egter nog vir die publiek gesluit.

**Roetebeskrywing:** Brandvleidam word met Provinsiale Pad No.5 vanaf Rawsonville bereik. Net suid van Worcester draai hierdie pad uit Nasionale Pad N9 en loop deur Rawsonville na die dam toe en verder na Villiersdorp.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie groot dam, met 'n omtrek van omtrent een-en-twintig myl, is geleë in 'n sanderige kom wat die indruk van 'n klein woestyntjie, waarin die Holslootrivier en ander strome opgedam is, gee. Hierdie sanderige gebied is deel van 'n waaisandherwinningsprojek van die Departement van Bosbou. Die dam self, met sy lang, gelyk, strandagtige oewers, is omring met klein, spits koppies. Die koppies is yl begroei met gras en ander streeksplantegroei wat by droogtetoestande aangepas is. Hier is feitlik geen bome wat skaduwee of ander beskutting bied nie. Die gebied met 'n baie lae winterreënval is grotendeels deur die jaar sonnig, koud in die winter en warm in die somer.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Aangesien daar geen besmetting in die water is nie, is hierdie dam potensieel baie geskik vir alle vorms van bootsport, waterski, hengel en swem. Die sanderige, strandagtige oewers gee die indruk van 'n see-omgewing, en dit kan 'n duisendtal kampeer- of piekniekeenhede huisves. Soos dikwels op 'n strand, is daar geen beskutting in die vorm van bome nie. Kampeerders of piekniekgangers moet dus self hul beskutting voorsien. Die groot waarde van die dam as 'n ontspanningsoord is in sy bereikbaarheid vanaf die vinnig-ontwikkelende en florerende dorp Worcester geleë. Omdat die dam in 'n baie droë en sanderige kom geleë is, sal die oopstel van die dam vir publieke gebruik, die herwinningswerk wat die Departement van Bosbou in hierdie omgewing uitvoer, bemoeilik. Die dam en sy water behoort aan die Breërivierwatervoorsieningsraad, wat op die oomblik nie hengel en swem toelaat nie. Indien die dam ooit vir rekreatiewe doeleindes oopgestel gaan word, sou die geskikste besoektyd vanaf September tot April wees, maar enige mooi dag gedurende die jaar sou ook geskik wees.

**Huidige besitter:** Die dam self behoort aan die Breërivierwatervoorsieningsraad en die gebied om die dam aan die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die dam word self gebruik vir waterbewaring en die gebied om die dam vir die herwinning van waaisand.

# FRANSCHHOEK-BOSBOURESERVAAT



Die Franschhoek-bosboureservaat vanaf Franschhoekpas gesien

## FRANSCHHOEK-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING I NO. 8

**Ligging:** Die Franschhoek-bosboureservaat is aan weerskante van die Franschhoek-vallei, ongeveer tien myl suid van Paarl, geleë.

**Bereikbaarheid:** Met gruis- en teerpaaie is die area met enige tipe voertuig maklik bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Hierdie gebied kan van òf Paarl òf Stellenbosch òf Franschhoek bereik word. Net suid van Paarl draai 'n goedgemerkte pad uit Nasionale Pad N9, na Franschhoek. Vanaf Stellenbosch word die gebied bereik deur eers na Groot Drakenstein oor Helshoogte te ry, en daarvandaan die goedgemerkte pad na Franschhoek te volg.


**Beskrywing van die gebied:** Die Franschhoek-bosboureservaat is bo-op die kruine, en langs die hellings van 'n hele aantal bekende Bolandse berge, onder andere Groot Drakenstein, Wemmershoek- en Franschhoekberge, geleë. Die reservaat begrens die nou Franschhoekvallei, waarin die skilderagtige dorpie, Franschhoek geleë is, aan sy noordelike en suidoostelike kante. Die dorp is omring met pragtige druiweplase met netjiese wit plaashuise. Die huise het die karakteristieke gewels van die tydperk van die Franse Hugenote. Baie huise het nog uit hierdie tydperk ongeskonde bly staan. Vanaf die plaasgrense begroei 'n digte mat inheemse struike en plante die berghange tot waar die reëlmatige rye van die aangeplante bome gesien word. Uit die suidelike berge vloei die Franschhoekrivier wat later op die vloer van die vallei by die Bergrivier aansluit. In die omgewing van die dorp is verskeie geskiedkundige besienswaardighede, soos bv. die ou Hugenotebegraafplaas by La Motte, die Hugenote-Monument, en verskeie ou historiese plase wat besoek kan word. Die deel het ook die tipiese klimaat van Suid-Afrika se winterreënvalstreek.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Vanweë die feit dat die Franschhoekrivier, as gevolg van sy stroomroete naby 'n bewoonde gebied, besoedel mag wees, en sy water ook in die Bergrivier stort by 'n punt bokant die geskikte kampeergebied, sal alle water uit hierdie riviere vir eet- en drinkdoeleindes eers gekook moet word. Verder is daar forelle in die water wat met die nodige permit gevang mag word. Daar is ook verskeie groot swemgate. Net suid vanwaar die brug van die pad tussen Franschhoek en Groot Drakenstein oor die Bergrivier gaan, is sowat veertig morg goed beboomde, gelyke grond tussen die rivier en die pad. Dit is geskik vir etlike honderde kampeer- of piekniekeenhede. Ander moontlike aktiwiteite is bergklim en wandel. Die gunstigste besoektyd is van Oktober tot April.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word tans vir houtproduksie gebruik. Dit is 'n bewaringsgebied vir inheemse flora en fauna, asook die opvanggebied van verskeie strome.

# PURGATORY-UITSPANNING




Driehoeksmeting 1965.

## PURGATORY-UITSPANNING
## AFDELING I NO. 9

**Ligging:** Hierdie gebied is sowat ses myl suidoos van Franschhoek, aan weerskante van die Dutoitsrivier, geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik bereikbaar. Geteerde en grondpaaie bestaan.

**Roetebeskrywing:** Vanaf Franschhoek word Provinsiale Pad No. 4, wat bo-oor Franschhoekpas en op die vlakte anderkant Franschhoekberg oor die Dutoitsrivier gaan, gevolg tot waar dit deur die uitspanning gaan.


**Beskrywing van die gebied:** Aan die noordwestekant van die uitspanning lê die Wemmershoekberge en aan die suidwestekant die Franschhoekberge. Verder suid na Villiersdorp is 'n gelyk, droërige vlakte. Van hoog bo uit Dutoitskop en Adolfskop na die noordweste, ontstaan die strome wat die Dutoitsrivier vorm. Die omgewing langs die oewers van hierdie stroom is redelik bebos met skaduryke bome. Die gebied se klimaat is tipies van die winterreënvalstreek.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Ongeveer vyf morg redelik gelyke grond aan weerskante van die rivier is geskik vir kampeer of piekniek vir 'n vyftigtal eenhede. Die rivierwater is skoon en bruikbaar. Ander moontlike opelugontspanningsaktiwiteite is slegs bergklim en die bewondering van die gebied se inheemse blomme en struike. In sy geheel is die gebied meer geskik vir eendaagse uitstappies. Die gunstigste besoektyd is vanaf Oktober tot April.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Dit is 'n opvanggebied vir die Dutoitsrivier en sy takke en 'n beskermings gebied van inheemse flora en fauna.

## JONKERSHOEK-BOSBOURESERVAAT



„Die Pieke" in die Jonkershoek-bosboureservaat

## JONKERSHOEK-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING I NO. 10

**Ligging:** Die Jonkershoek-bosboureservaat is ongeveer ses myl suidoos van Stellenbosch geleë. Dit omsluit verskeie berge asook die oorsprong van die Eersterivier.

**Bereikbaarheid:** Die gebied kan maklik met geteerde en gruispaaie bereik word.

**Roetebeskrywing:** Stellenbosch kan òf vanaf Nasionale Pad N9, naby Paarl, òf vanaf Nasionale Pad N2 vanaf Firgrove, met Provinsiale Pad No.27 bereik word. Jonkershoekweg in Stellenbosch gaan in 'n ooswaartse rigting tot in die reservaat.

**Beskrywing van die gebied:** Die Jonkershoek-bosboureservaat van 12,000 morg is in 'n v-vormige vallei en bo-op die aangrensende berge geleë. Die vallei word gevorm deur die sameloop van die Jonkershoekberge aan die noordwestelike kant en Stellenboschberg aan die suidwestelike kant. Waar hierdie berge mekaar ontmoet, troon die identiese kruine van Die Pieke (Engels: The Twins) en vorm die punt van die skerp hoek van Jonkershoekvallei. Vanuit die berge wat hier bymekaarkom, ontspring die Eersterivier met sy eikbegroeide walle. Die rivier vloei amper in die middel van hierdie skouspelagtige vallei na Stellenbosch en verder tot in die see. Al die berge is tipies van hierdie landsdeel, naamlik rotsagtig, steil en hoog, oneindig gekraak en geplooi, almal met 'n karakteristieke loodblou kleur. Die laer hange is begroei met inheemse plante. Teen die agtergrond van hierdie berge en die loop van die Eersterivier, met sy helder sagte water en kenmerkende groen eikelower aan sy oewers, word een van die mooiste tonele in die berge van hierdie deel van die Kaap gesien. Die gebied het 'n koue, nat winter, 'n verruklike lente en 'n droë, warm somer. Die geskikste besoektyd is vanaf Oktober tot April.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hoewel die grootste deel van die vallei aan die Departement van Bosbou behoort, besit die Munisipaliteit van Stellenbosch die bestaande kampeer- en piekniekarea. Daar is egter dieper die reservaat in een morg grond by Kleinplaas, en nog 'n morg by die ou muilekamp, wat geskik is vir kampeer- of piekniekplekke. Elkeen van hierdie plekke het 'n drakrag van amper vyftig eenhede. Aktiwiteite wat met kampeer en piekniek gekoppel kan word, is swem, hengel, wandel en bergklim oor duidelike en goeie voetpaaie wat die reservaat deurkruis. Verder is daar 'n belangrike hidrologiese navorsingstasie binne die reservaat, en net buite die reservaat, 'n belangrike foreltelery. Hier is ook 'n kwekery van inheemse plantesoorte wat plante aan die publiek verskaf. Verder is daar ook 'n voëlplaas waar damme vir watervoëls aangebring is.


**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

Foreltelery: Die afdeling Binnelandse Vissery.

Voëlplaas en Kwekery: Die afdeling Natuurbewaring van die Kaapse Provinsiale Administrasie.

**Huidige gebruik:** Die gebied lewer hout, dien as opvanggebied van die Eersterivier, huisves 'n baie belangrike hidrologiese navorsingstasie, en is 'n beskermingsgebied van inheemse flora en fauna.

# DIE KAAPSE SKIEREILAND






Tafelbaai vanaf Devil 's Peak-bosboustasie

## DEVIL'S PEAK-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING I NO. 11

**Ligging:** Hierdie betreklike klein reservaat is hoog teen die suidoostelike vlak van Devil's Peak langs Tafelberg in Kaapstad geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is redelik maklik met 'n steil en kronkelende gruispad bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Hierdie gebied kan alleenlik bereik word as daar met De Waalweg na Kaapstad gereis word, en ongeveer twee myl vanaf Kaapstad links gedraai word met 'n goedaangeduide pad.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie reservaat is 469 morg groot. Dit is hoog teen die steil suidoostelike hang van Devil's Peak, ongeveer 1,400 voet bo seespieël, geleë. Van die strategiese punt by die bosboustasie word seker een van die mooiste uitsigte oor Tafelbaai en Valsbaai wat daar te vind is, gebied. 'n Onbelemmerde uitsig noordwaarts sluit in byna die hele Tafelbaaigebied, met Robbeneiland in die middel, terwyl 'n blik suidwaarts amper die hele Valsbaaigebied met die kurwes van die wit strande tot by Somersetstrand omvat. Meer ooswaarts oor die Kaapse Vlakte en die beboude dele van Woodstock, Goodwood, Parow en Belville, kan gesien word hoe die berge by Paarl en Stellenbosch die lug in troon. Byna loodreg bokant die bosboustasie skiet 'n piek van Devil's Peak die lug in. Paadjies waarmee Tafelberg bestyg kan word, begin hier. Hoewel die klipperige oppervlakte van die gebied met denne beplant is, is die inheemse blomme en struike van die Skiereiland tog tussen die rotse en klippe, waar die denne nie staan nie, herkenbaar. By die bosboustasie is daar ook 'n historiese monument, 'n ou fort, genoem die „King's Blockhouse", te sien. Die gebied het 'n koue, nat winterklimaat met 'n warm, droë somer.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Die rit na hierdie gebied is die moeite werd, selfs al is dit net vir die aanskouing van die verruklike vergesigte. Verder is die gebied alleenlik geskik vir wandel en bergklim met hier en daar 'n klein stroompie water om die wandelaar of klimmer se dors te les. In die nou bosboupaaie wat tien myl lank is en wat die gebied deurkruis, kan daar ook per motor gery word, mits die bestuurder se vernuf en sy voertuig opgewasse is teen so 'n toets. Daar is geen kampeerplek nie, en daar word nie toegelaat dat in die gebied op ongemagtigde plekke vuurgemaak word nie. Aangesien die gebied hoofsaaklik vir eendaagse uitstappies geskik is, is enige mooi dag dwarsdeur die jaar vir besoeke geskik.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word hoofsaaklik gebruik vir houtproduksie, die beskerming van inheemse plante- en dierelewe en ook vir die beskerming van die nasionale monument aldaar. Hierdie gebied is gedeeltelik vir die publiek oopgestel.

# DIE KAAPSE SKIEREILAND




DIE KAAPSE SKIEREILAND

## CECILIA-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING I NO. 12

**Ligging:** Hierdie reservaat is aan die suidoostelike hange van een van die voorheuwels van Tafelberg, net bokant Wynberg, geleë.

**Bereikbaarheid:** Gruis- en teerpaaie maak die gebied maklik bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Die gebied word bereik deur met De Waalweg, later Rhodesweg (Provinsiale Pad No. 3), te ry en dan die pad na Houtbaai te volg. Uit hierdie Houtbaaipad draai 'n goedgemerkte pad na die gebied.


**Beskrywing van die gebied:** Van die suidooste gesien, is die gebied 'n donkergroen, beplante voorheuwel van Tafelberg, bokant Wynberg. Verder na agter troon die rotsagtige, maar tog begroeide, kruine van die Twaalf Apostels. Die gebied van tweeduisend sewehonderd morg self is hoofsaaklik met groot denne- en bloekombome beplant. Hierdie bome word orals in en tussen die klowe van die area aangetref en skep die stil atmosfeer kenmerkend van groot getalle aangeplante uitheemse bome. Daar is baie waterstroompies wat in die klofies afloop. Indien 'n mens op die bosboupaaie in die gebied wandel, kan behalwe nabygeleë tonele, vanweë die hoë bome, niks van die buitewêreld gesien word nie. Aangesien die gebied in die Kaapse Skiereiland lê, het hy 'n tipiese winterreënvalklimaat.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Die groot aantal helder en onbesmette stroompies is te klein vir swemdoeleindes. Die gebied bied egter baie geleenthede vir piekniek en eendaagse uitstappies. 'n Hele aantal piekniekplekke sal hier ontwikkel kan word, waarna die gebied vir die publiek oopgestel mag word. Daar is ongeveer tien myl bosboupaaie geskik vir wandel. Vir ses myl is die paaie vir motors begaanbaar. Etlike honderde piekniekgangers kan op hierdie manier in dié redelike groot reservaat ontspan. Kirstenbosch, die wêreldberoemde botaniese tuin, lê net langs hierdie gebied en kan vanuit die Cecilia-bosboureservaat besoek word. Die geskikste besoektyd is vanaf Oktober tot Maart of andersins enige mooi dag.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word vir houtproduksie gebruik. Dit is ook 'n belangrike brandbestrydingsentrum teen die bosbrande wat van tyd tot tyd die Skiereiland teister. Verder is dit 'n opvanggebied van verskeie strome en 'n bewaargebied van inheemse flora en fauna, en is alreeds gedeeltelik vir die publiek oopgestel.

## DIE KAAPSE SKIEREILAND



Die pragtige Chapman's Peak-pad wat deur die westelike gebied van die Tokai-bosboureservaat loop

## TOKAI-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING I NO. 13

**Ligging:** Hierdie gebied is in die Kaapse Skiereiland, vanaf Houtbaai aan die Atlantiese Oseaan, tot by Steenberg en Pollsmoor, bokant Muizenberg, geleë.

**Bereikbaarheid:** Enige tipe voertuig kan die area maklik bereik. Sowel teer- as gruispaaie bestaan.

**Roetebeskrywing:** Vanuit De Waalweg (N2) word Rhodesweg (Provinsiale Pad No.3) tot in die omgewing van Pollsmoor gevolg. Hiervandaan moet na die pad na die ingang van die reservaat verneem word.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied wat vyftienhonderd morg groot is, is hoofsaaklik op die berge van die Skiereiland geleë. Vanaf die pad word dit gesien as 'n plantasie teen die hange van 'n reeks voorheuwels van Constantiaberg, met laasgenoemde effens noord van die plantasie. Die heuwels agter die plantasie is laag met rotsagtige, gedeeltelik-begroeide hange. Die plantegroei wissel van gras tot die bekende Skiereilandse blomme- en struiksoorte. Hoe nader 'n mens aan die gebied kom, hoe groter vertoon die bome op die beplante gedeelte. Binne die gebied word die uitsig deur die bome versper. Baie van die klein stroompies wat deur die gebied vloei, is nie standhoudend nie. In die omgewing van die bosboustasie is daar die bekende historiese Manor House en dieper die gebied in, 'n grot wat bekend staan as „The Elephant's Eye". Die klimaat van die gebied is dié van die winterreënvalstreek, naamlik 'n nat, koue winter en 'n droë, warm somer.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hier is hoë, skaduryke bome op sowat twee en 'n half morg grond. Sonder enige noemenswaardige besmetting van water of deur insekte, bied hierdie reservaat geleentheid vir 'n vyftigtal kampeer- of piekniekeenhede. Die aktiwiteite wat hiermee gekoppel kan word, is hoofsaaklik bergklim, hengel aan die kus en die bewondering van die inheemse plante. Die gebied leen hom ten beste vir eendaagse uitstappies. 'n Geskikte besoektyd is vanaf Oktober tot April, maar enige ander mooi dag in die jaar sal egter ook geskik wees.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Tans word die gebied gebruik vir houtvoorsiening, as 'n opvanggebied van verskillende strome en as 'n bewaargebied van inheemse plante en dierelewe. Die gebied is alreeds gedeeltelik vir die publiek oopgestel.

# DIE KAAPSE SKIEREILAND




Driehoeksmeting 1965.



Uitsig vanaf Strandfontein weswaarts oor Valsbaai in Kaappunt se rigting

## STRANDFONTEIN-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING I NO. 14

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer in die middel van Valsbaai se noordelike strand, ongeveer vyf myl oos van Muizenberg, geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is tot by die toesighoudende beampte se huis met 'n geteerde pad vanaf Muizenberg vir enige tipe voertuig maklik bereikbaar. 'n Begin is al gemaak met die aanbou van 'n nuwe hoofpad vanaf Kaapstad tot by Firgrove wat dan deur hierdie reservaat sal loop.

**Roetebeskrywing:** Die gebied kan vanaf Muizenberg en met die Strandfonteinpad bereik word. Provinsiale Pad No. 31 loop vanaf Muizenberg, al langs die strand tot by die reservaat.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied van drieduisend morg wat aan die see geleë is, vertoon vanaf die binnelandse kant, plat en sanderig en is dus tipies Kaapse Vlakte. Alles is egter herwonne sand wat digbegroei is met Rooikrans- en Port Jacksonbome. Die strand self het pragtige fyn wit sand wat hier en daar deur rotse onderbreek word. Van die bosboustasie af het 'n mens 'n wonderlike uitsig oor Valsbaai wat die omvang van die hele baai, vanaf Gordonsbaai tot Kaappunt, insluit. Hierdie reservaat se strand wat ongeveer sewe-en-'n-half myl lank is, is vanweë die afwesigheid van strome in die see besonder veilig vir swem. Die strand besit egter feitlik geen bruikbare vars water nie. Op slegs een plek naby die einde van die teerpad is daar 'n sterk standhoudende fontein waaruit water vir menslike gebruik deur 'n windpomp gepomp word. In die omgewing van hierdie fontein is daar ongeveer drie morg grond waar beskutting vir kampeerders en piekniekgangers uit die digte plantegroei uitgekap kan word en waar 'n honderdtal eenhede met gemak kan staan. Die klimaat is koud en nat in die winter, met 'n droë, warm somer, wanneer die bekende Suidoostewind soms sterk waai.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hierdie gebied het 'n voldoende oppervlakte vir selfs duisende kampeer- of piekniekeenhede, maar die moontlikhede word beperk deur die gebrek aan genoeg vars water. Die gemelde honderd kampeereenhede wat hier aangepas kan word, is egter 'n konserwatiewe skatting, aangesien die fontein se sterkte nog nie bepaal is nie. Addisionele water en ander paaie kan redelik maklik aangelê word, en dit sal die drakrag van die gebied aansienlik verhoog. Gekoppel met kampeer of piekniek, kan hier geswem, gehengel, onderwatergejag, en vir lang ente langs die strand gestap word. Die geskikste besoektyd vir kampeer of piekniek is vanaf Oktober tot April, en vir hengel gedurende die kouer wintermaande.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou. 'n Deel van hierdie gebied is egter afgestaan aan die Afdelingsraad van Wynberg.

**Huidige gebruik:** Die gebied word hoofsaaklik gebruik vir die bewaring van 'n herwonne waaisandgebied en vir die verkoop van brandhout wat uit hierdie aangeplante bos gekap word. Die gebied is ook gedeeltelik vir die publiek oopgestel.

# EERSTERIVIER-BOSBOURESERVAAT






'n Blik vanaf Kapteinsklip-omgewing weswaarts

## EERSTERIVIER-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING I NO. 15

**Ligging:** Hierdie gebied wat uit twee dele bestaan, is op die Valsbaaikus, ongeveer agt myl suid van Kuilsrivier en vyftien myl oos van Kaapstad, geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gedeelte tussen Nasionale Pad N2 en die strand is moeilik bereikbaar met 'n ou, verspoelde en verweerde militêre pad. Die deel van die gebied tussen Nasionale Pad N2 en Provinsiale Pad No. 3 kan te voet of met trekkers of voertuie met vierwielaandrywing bereik word vanaf 'n sanderige pad wat daardeur gaan.

**Roetebeskrywing:** Nasionale Pad N2 tussen Kaapstad en Firgrove loop deur die gebied.


**Beskrywing van die gebied:** Die plaas langs die see, waarop die grootste gedeelte van hierdie reservaat geleë is, was oorspronklik „Drift Sands" genoem na aanleiding van die groot gelyk, sanderige vlakte, bekend as die Kaapse Vlakte, wat tussen die see en die naaste berge geleë is. Die gebied is vyfduisend morg groot en is nou nog net so plat en sanderig, behalwe dat dit met Port Jacksonbome begroei is. Nader aan die see word dit egter duinagtig. Die duine sak af na 'n pragtige strand van fyn sand wat hier en daar onderbreek word deur rotse. Die Kuilsrivier, wat nie standhoudend is nie, loop deur hierdie gebied. Die gebied het die tipiese winterreënval-klimaat van die Boland.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** In hierdie gebied moet gewaak word teen bosluiskoors. Aangesien bruikbare water nie in die gebied beskikbaar is nie, moet piekniekgangers self hul water voorsien. Daar is beskutte terrein onder redelike groot bome langs die Kuilsrivier, groot genoeg vir etlike honderde piekniek-eenhede. Moontlike ontspanningsaktiwiteite is wandel en swem in die poele van die Kuilsrivier wanneer hy loop, byvoorbeeld in die lente. Nader aan die strand is daar minder skuiling onder bome, maar daar kan gehengel word. Dit bied ook moontlikhede vir swem en ander strandaktiwiteite. Die geskikste besoektyd vir swem, piekniek en kampeer is vanaf Oktober tot April, en vir visvang die kouer wintermaande.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die herwinning van waaisand.

# KOGELBERG-BOSBOURESERVAAT






Poele in die Palmietrivier

## KOGELBERG-BOSBOURESERVAAT (INSLUITENDE PALMIETRIVIERVALLEI) AFDELING I NO. 17

**Ligging:** Hierdie groot gebied met sy wydverspreide grense, is ongeveer sestien myl suidoos van Somerset West geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied se mooiste dele is vir alle soorte voertuie met redelik goeie gruispaaie bereikbaar. Tans is die gebied vir publieke kampering gesluit, en moet van die Staatsbouer by Highlands-plantasie toestemming gekry word om die gebied binne te gaan.

**Roetebeskrywing:** Om die pragtige Palmietriviervallei te bereik, moet daar omtrent vyf myl wes van Kleinmond uit Provinsiale Pad No. 27 tussen Gordon's Bay en Kleinmond in 'n ongemerkte pad noordwaarts gedraai word net voordat die Palmietrivier oorgegaan word. Hierdie pad loop deur die gebied.


**Beskrywing van die gebied:** 'n Lengtesnit van hierdie reservaat van sewe-en-twintigduisend morg, wat tussen die berge by Grabouw en die see geleë is, kan verkry word as die pad wat langs die Palmietrivier loop, gevolg word. Van Provinsiale Pad No.27 (Gordon's Bay na Kleinmond) wentel hierdie pad vir plus minus sestien myl al langs die Palmietrivier, wat met sy donker, amberkleurige water oor spierwit sand en ronde, wit klippe stroom. Die pad teen die hellings van die westelike berge van hierdie vallei, volg die kontoere van die berge getrou in 'n stadige stygende baan, terwyl die rivier verder ondertoe byna identiese kronkels vorm tussen die wit rande van sy loop, of op plekke stil, donkerbruin poele, wat pragtig kontrasteer met die weerkaatsing van die groot, rond-gespoelde, wit klippe aan sy kante. Die heuwels en berge hier is begroei met 'n digte mat van 'n groot verskeidenheid inheemse struike en blomme. Tussen die effekleurige waas van groot vlakke heide in blom, pronk die blomme van talle soorte proteas, terwyl die vlamme van rooi disas in die vleie 'n mens se oog vang. Talle brunia, asook 'n menigte soorte kleiner blomme, trek gedurigdeur 'n mens se aandag. Die blommeprag bied gedurende die hele jaar iets om na te kyk. Die kolle enerskleurige heide wat tegelyk blom, laat die gebied op plekke amper sprokiesagtig mooi vertoon. Langs die rivier wat telkens van 'n groter hoogte gesien word, is daar op talle plekke mooi bome waaronder gekampeer of gepiekniek kan word. Hier kom die mees suidelike vorm van inheemse bos in ons land voor. Wanneer 'n mens op die hoogste draai van die pad stilhou, kry 'n mens 'n verruklike vergesig al langs hierdie pragtige vallei af. Die gebied het 'n nat, koue winter, 'n verruklike lente, en 'n droë, warm somer.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Langs die rivier is daar feitlik honderde plekke om te kampeer of piekniek te hou, elkeen as't ware met sy eie privaat wit sandstrand en eie privaat swempoel. Gekoppel hiermee is daar uitstekende geleentheid vir hengel na palings, waarvan die rivier vol is, asook vir swartbaars en kurpers. Vir kano's is die rivier etlike myle met min moeite, bevaarbaar. Verder is daar uitstekende geleenthede vir bergklim en wandel om die natuurskoon te geniet, en met die nodige permit, om blomme te versamel. Hierdie uitgestrekte gebied kan etlike duisende eenhede dra. Vanaf Oktober tot Desember is die blommeprag die aanskoulikste. Enige mooi dag is egter vir besoeke geskik. Vir kampeer en piekniek is die geskikste tyd van Oktober tot Maart.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word gebruik vir houtproduksie (Highlands-plantasie), as 'n opvanggebied van verskeie strome en as 'n belangrike bewaargebied van inheemse flora en fauna.

## GRABOUW-BOSBOURESERVAAT



## GRABOUW-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING I NO. 18

**Ligging:** Hierdie gebied is tussen Grabouw en Somerset West, omtrent agt myl oos van laasgenoemde, geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is vir enige tipe voertuig maklik bereikbaar. Geteerde en gruispaaie bestaan.

**Roetebeskrywing:** Nasionale Pad N2, tussen Somerset West en Grabouw, loop deur hierdie reservaat. Verlof vir toegang tot die reservaat moet egter vanaf die Bosboukantoor in Grabouw verkry word.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie reservaat van ongeveer tweeduisend morg is eintlik in 'n hooglandkom, ongeveer 1,100 voet bokant seespieël, geleë. Sodra 'n mens oor Sir Lowryspas kom, is die oorheersende indruk wat 'n mens van hierdie gebied kry dat dit klipperig, droog en effens verlate is. Selfs die reëlmatige rye aangeplante bome verwyder nie hierdie indruk nie, veral nie as 'n mens ooswaarts kyk nie. Aan die noordwestelike kant, 'n hele paar myl verder, verrys die hoër kruine van die Hottentotshollandberge. Vanaf Sir Lowry'spas egter, is daar 'n pragtige uitsig oor die „perdeskoen" van Valsbaai. Nadat die nuwe Nasionale Pad N2 voltooi is, is die „ou" teerpad, wat ook deur hierdie reservaat geloop het, afgestaan aan die Departement van Bosbou. Die gebied noord van N2 (wat die ou pad insluit) is weer afgekamp sodat hierdie reservaat oor 'n eersteklas teerpad beskik. Hierdie deel is naby die ou geskiedkundige G h a n t o u p a s, waarlangs die destydse Overbergse boere hulle groente en ander produkte na Kaapstad vervoer het, geleë. Die ou kanonne waarmee die aankoms van skepe in Tafelbaai aangekondig is, is ook nog hier te sien. Die vore wat die slepende wiele van swaar gelaaide waens uit die soliede klip uitgekerf het toe hulle hierdie steil pas afgegaan het, is nog duidelik in die pad van die Ghantoupas te sien. In hierdie hele gebied, met 'n tipiese winterreënvalklimaat, is daar net een swemgat in die Wesselsgatrivier.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Sonder enige besmetting van water en deur insekte is die gebied geskik vir kampeer of piekniek en sekere gekoppelde aktiwiteite. Daar is volop geleentheid vir stap en bergklim, byvoorbeeld al langs die Palmietriviervallei tot in die Kogelberg-reservaat. Daar is ook nog sowat vyf-en-veertig myl rybare paaie (motors) in die reservaat. Hierdie gebied het 'n drakrag van vyf-en-twintig kampeer- en pieknieke enhede. Die geskikste tyd om die gebied te besoek is vanaf Oktober tot Maart.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied lewer hout, besit 'n groot Staatskwekery wat ook aan die publiek bome verkoop, dien as opvanggebied vir takke van die Berg- en Palmietrivier en dien as 'n bewaringsgebied van inheemse flora en fauna.

## LEBANON-BOSBOURESERVAAT




Driehoeksmeting 1965.

# LEBANON-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING I NO. 19

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer elf myl oos van Grabouw geleë.

**Bereikbaarheid:** Die reservaat is maklik met teer- en gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Nasionale Pad N2 loop elf myl oos van Grabouw deur hierdie reservaat.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie reservaat beslaan sowat 6,500 morg op die heuwels aan weerskante van die Nasionale Pad N2, 'n paar myl oos van Grabouw. Die reservaat is hoofsaaklik met dennebome beplant. Tussen die reëlmatige rye denne, wat hoog teen die heuwels oos van die pad opgaan, staan daar kolle immergroen Port Jacksonbome. Deur die noordwestelike deel van die gebied se oostelike punt, noord van die pad, loop 'n treinspoor. Tussen hierdie spoor en die Jakkalsrivier, staan 'n groot kol ruie Port Jacksonbome met groot gelyk openinge tussenin. Uit die heuwels aan die suidoostelike kant van die pad vloei daar 'n klein riviertjie, die Knoflokskraalrivier, deur die reservaat. Die gebied het 'n winterreënvalklimaat.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Ongeveer twee en 'n half morg goed beskutte grond naby die Jakkalsrivier is vir kampeer of piekniek geskik. Die oop ruimtes hier is geskik vir spele. Daar is nie besmetting van water of insekte nie, en die terrein het 'n drakrag van ongeveer 'n honderd kampeer- of piekniekeenhede. Die moontlikheid bestaan dat die Departement van Bosbou sal toelaat dat 'n dam naby die pad gebou word waar die Knoflokskraalrivier onder die Nasionale Pad deurloop. Dit sal pragtige geleenthede vir kampeer en piekniek op sowat twintig morg boomryke grond bied. Hierdie terrein is aan die suidoostelike kant van die reservaat geleë. Gekoppelde aktiwiteite is swem en hengel wat, indien dit toegelaat word, die beste tussen Oktober en Maartmaand beoefen kan word.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Hierdie reservaat word gebruik vir houtproduksie. 'n Deel van die gebied is 'n opvanggebied, en dit dien ook as 'n bewaringsgebied van inheemse flora en fauna.

## NUWEBERG-BOSBOURESERVAAT



## NUWEBERG-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING I NO. 20

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer sewe myl noordoos van Grabouw geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik bereikbaar met goeie grondpaaie.

**Roetebeskrywing:** Provinsiale Pad No.8, tussen Grabouw en Villiersdorp, loop deur hierdie gebied. 'n Goedgemerkte grondpad uit hierdie pad lei na die bosboustasie.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied wat sesduisend morg groot is, lê bo-op 'n nek, en omsluit verskeie kruine van die Groenlandberge. Noordwaarts, na Villiersdorp, strek grasbegroeide heuwels en geploegde saailande en suidwaarts, tot by Grabouw, lê groot vrugteboorde tussen spits heuwels. Die Palmietrivier vloei deur 'n gebied met 'n tipiese Bolandse klimaat met koue, nat winters en droë, warm somers.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Langs die ou hoofpad wat deur hierdie gebied gaan, is daar ongeveer twee morg ongelyke grond onder groot dennebome waar gekampeer of piekniek gehou kan word. Dit het 'n drakrag vir 'n dertigtal kampeereenhede. Vars water is ongeveer 500 treë daarvandaan en dus is die gebied meer vir eendaagse uitstappies geskik. Pragtige vergesigte kan vanaf die hoogste dele van hierdie berge gesien word. Hierdie dele is met bosboupaaie, in 'n redelik goeie toestand, bereikbaar. Terselfdertyd is daar uitstekende geleentheid vir stap en bergklim. Daar bestaan baie voetpaaie, onder andere een van sowat sewe-en-dertig myl na Jonkershoek naby Stellenbosch. Tussen Oktober en Maart skyn die geskikste tyd vir besoeke te wees.

**Huidige gebruik:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige besitter:** Die reservaat word vir houtproduksie gebruik, en verder is dit die opvanggebied van die Palmietrivier en Riviersonderend. Dit dien ook as 'n beskermingsgebied van inheemse flora en fauna.

# GROOTVADERSBOS-BOSBOURESERVAAT



Die Lemoenhoekberge in die Grootvadersbos-bosboureservaat

## GROOTVADERSBOS-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING I     NO. 21

**Ligging**: Hierdie reservaat is ongeveer dertig myl noordoos van Swellendam, net regs van Barrydale, geleë.

**Bereikbaarheid**: Baie dele van die gebied is met gewone voertuie, langs redelik goeie paaie, bereikbaar. Hoër die berge in, binne die gebied, moet van voertuie met vierwielaandrywing gebruik gemaak word, en daarna moet voetpaaie gevolg word.

**Roetebeskrywing**: Daar word vanaf Nasionale Pad N2, tussen Swellendam en Heidelberg, uitgedraai met Provinsiale Pad No.14 na Suurbraak. Van hier word die pad na Grootvadersbos geneem.

**Beskrywing van die gebied**: Hierdie reservaat van tweeduisend vyfhonderd morg, is op sommige van die laer kruine van die Langeberge alhier geleë. Hoër kruine na die noorde is sigbaar. Die terrein self is 'n ronderige, heuwelagtige gebied met diep klowe tussenin. In hierdie klowe vloei daar waterstrome. Andersins is die gebied dig begroei met varings en ander groot inheemse bome. Die hange van die berge is begroei met 'n groot verskeidenheid inheemse struike en blomme waaronder 'n mens verskeie soorte proteas, heide, disas en brunia aantref. Waar daar op plekke groot konsentrasies van dieselfde blomme gelyktydig blom (o.a. heide), vang 'n verruklike kol kleur teen die berg 'n mens se oog. In baie van die digbegroeide klowe, waaruit helder strome die riviere van hierdie gebied voed, heers daar nog byna 'n primordiale toestand van ongeskonde natuurlike bos. In die groen skemering van Boesmans- (of Boosmans-) bos lê daar 'n paar swart stinkhoutstompe (Ocotea bullata) wat deur die wind omgewaai is en waarvan een 'n deursnit van byna vier voet het. Dit is natuurlik 'n besondere grootte vir hierdie skaars en duur houtsoort. Daar staan ook talle reuse witels- en ander inheemse bome. Die gebied het 'n gewone winterreënvalklimaat met 'n hoë reënval in die berge en klowe.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite**: Hierdie hele gebied is geskik vir wandel en bergklim en selfs kampeer, as 'n persoon sy eie kamptoerusting kan vervoer. Om die bosboustasie is daar twee plekke wat geskik is vir kampeer of piekniek. Elk is ongeveer twee morg groot met 'n drakrag van dertig eenhede. Hierdie terreine is langs die pad, een in wat bekend is as Jerusalem, en die ander in Grootvadersbos-Wes, geleë. Albei is naby vars, drinkbare water. Behalwe bergklim en wandel, en die bewondering van die inheemse blomme en struike van die gebied, is daar geen ander aktiwiteite wat hier met kampeer of piekniek gekoppel kan word nie. Die beste besoektyd is vanaf Oktober tot Maart.


**Huidige besitter**: Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik**: Die reservaat lewer hout, dien as 'n opvanggebied en ook as bewaringsgebied van inheemse flora en fauna.



061215

## WALKERBAAI-BOSBOURESERVAAT






Die seekus by Walkerbaai-bosboureservaat

# WALKERBAAI-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING I NO. 22

**Ligging:** Walkerbaai-bosboureservaat is op die strand van Walkerbaai, omtrent ses myl oos van Hermanus, geleë.

**Bereikbaarheid:** Hierdie reservaat is as gevolg van sy sanderigheid,onbereikbaar met konvensionele voertuie. Paaie kan egter aangelê word.

**Roetebeskrywing:** Provinsiale Pad No.28, vanaf Hermanus oor Stanford na Gansbaai, loop om hierdie gebied. Die gebied kan van hierdie pad binnegegaan word.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied is 4,642 morg groot,met 'n strandlengte van byna agt myl, en lyk vanaf Hermanus soos een geweldige groot wit sandduin. Agter die voorste gedeeltes, in holtes tussen die duine, is daar digbebosde dele met Port Jacksonbome wat skuiling aan kampeerders of piekniekgangers kan bied. In die omgewing is daar ook 'n sterk onderaardse bron water wat gebruik kan word vir watervoorsiening vir 'n groot aantal mense. Vars water is ook beskikbaar van die Kleinrivier wat net verby die gebied se westelike grens vloei. Die gebied het die nat winters en droë, warm somers van die winterreënvalstreek.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Vanweë sy onbereikbaarheid en gebrek aan water is die gebied op die oomblik meer geskik vir eendaagse uitstappies. Met voldoende vars water kan hierdie gebied etlike honderde eenhede dra. Hier is uitstekende geleentheid vir swem en goeie hengelmoontlikhede bestaan ook. Die gunstigste besoektyd vir hengelaars is gedurende die kouer maande, en vir swem vanaf Oktober tot Maart.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die herwinning van waaisand.

# BUFFELJAGTSAND- EN DUINEFONTEINSAND-BOSBOURESERVAAT






Die strand naby Quoin Point

## BUFFELJAGTSAND- EN DUINEFONTEINSAND-BOSBOURESERVAAT AFDELING I NO. 23

**Ligging:** Hierdie aangrensende gebiede vorm 'n smal kusstrook en strek vanaf die Caledonse distriksgrens vir ongeveer agtien myl in 'n suidoostelike rigting, al langs die Bredasdorpse kus.

**Bereikbaarheid:** Weens 'n gebrek aan paaie en die sanderige aard van die terrein, kan die grootste gedeelte van die gebied, met die uitsondering van die suidoostelike gedeelte waar 'n pad na Buffeljagtsand (Quoin Punt) lei, nie met konvensionele voertuie binnegegaan word nie. Besoekers sal bereid moet wees om afstande per voet of met voertuie met vierwielaandrywing af te lê. Voordat die waaisand enigsins gevestig is, sal dit moeilik wees om enige aangelegde pad hier skoon en rybaar te hou.

**Roetebeskrywing:** Die oostelike gedeelte van die gebiede kan bereik word deur vanaf Provinsiale Pad No.28 tussen Kaap Agulhas en Elim ongeveer sewe myl oos van Elim 'n uitdraaipad na die suide (Quoin Punt) te volg. Die toestand van hierdie grondpad se oppervlakte verander namate hy geskraap word. Die naaste punt aan die westelike deel van die gebied, wat per motor bereik kan word, is Uilenkraalsmond. Dit word met 'n gedeeltelik geteerde pad vanaf Gansbaai bereik.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie kusstrook wat byna drieduisend morg groot is, staan bekend as 'n waaisandgebied. Die oppervlakte is sanderig en los en vorm duine wanneer die wind waai. Die yl plantemat bestaan hoofsaaklik uit gras en blombos asook ander klein struike en blomme. Op plekke is Port Jacksonbome aangeplant, maar dié is tans nog te klein om enige beskutting aan besoekers te bied. Etlike myle van die kuslyn, aan die oostekant van die gebied, bestaan dit uit groot gebreekte massas rotse. Origens is die strande mooi gelyk en sanderig. Bruikbare water is op 'n paar plekke beskikbaar soos byvoorbeeld by Duinefontein waar vars fonteinwater uit die duine sypel. Hierdie gebied, met 'n reënval van omtrent 22 duim (550 mm.) per jaar, het 'n winterreënvalklimaat met 'n koue, nat winter, en 'n droë, warm somer.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Die lang kuslyn leen hom tot strandaktiwiteite soos byvoorbeeld swem, visvang en onderwatervisjag naby die rotse. Visvang sal egter op sommige plekke deur die aanwesigheid van seebamboes by die rotse bemoeilik word. Tans is daar nie veel beskutting vir kampeerders en piekniekgangers nie, maar honderde persone sal die gebied kan besoek indien meer bome aangeplant word. Die gunstigste besoektyd vir swem sal gedurende Oktober tot April wees, en vir vistermanne gedurende die kouer maande.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die herwinning van waaisand.

# DE MOND-BOSBOURESERVAAT



'n Blik stroomop by die Heuningnesrivier in die De Mond-bosboureservaat

## DE MOND-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING I NO. 24

**Ligging:** Hierdie betreklik klein reservaat is om die monding van die Heuningnes-rivier op die Bredasdorpse Afdelingsraadkus, ongeveer sestien myl suid van Bredasdorp geleë.

**Bereikbaarheid:** Die piekniekarea om die toesighoudende beampte se huis is maklik bereikbaar met harde, ongelyke grondpaaie.

**Roetebeskrywing:** Vanaf Bredasdorp word die Provinsiale Pad No.29 vir ongeveer agt myl na Arniston gevolg en uit genoemde pad draai 'n onaangeduide pad na De Mond toe.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie reservaat wat driehonderd-en-sestig morg groot is, is in die groot sanderige kurwe van Struisbaai geleë, en is die gedeeltelik herwonne waaisandgebied om die mond van die Heuningnesrivier. Deur die middel van die gebied loop die Heuningnesrivier met 'n harde sanderige bodem en lae sanderige oewers. Tydens hoogwater stoot die see omtrent sewe myl in hierdie getyrivier op. Daar is nie vars water nie. Indien 'n mens egter 'n gat van sowat drie voet diep naby die loop van die rivier grawe, sal daar gou 'n groot hoeveelheid skoon syferwater opdam. Daar is 'n hele aantal groot digte immergroen melkbosbome wat uitstekende skuiling aan kampeerders of piekniekgangers sal bied. Daar is heelwat vis in die helder seewater in die rivier en talle vaalribbokke en bloubokkies is ook hier te sien. Tydens laagwater word in die riviermond, groot vlakke gelyk sand wat vir spele geskik is, blootgelê. Langs die strand by die oop see is daar 'n pragtige plat strand, maar geen vars water is hier beskikbaar nie. Die gebied het 'n reënval van ongeveer 22 duim (550 mm.) per jaar en dit val hoofsaaklik gedurende die wintermaande.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hier is uitstekende piekniek- en kampeermoontlikhede vir 'n twintigtal eenhede onder groot koeltebome, en sonder skuiling, vir nog etlike honderde langs die rivieroewers. Aktiwiteite wat hiermee gekoppel kan word, is veilige swem en hengel in die see of in die rivier, asook wandel langs die strand en op die duine waar baie kleinwild gesien kan word. Die geskikste tyd vir piekniek of kampeer is vanaf Oktober tot April, en vir hengel die daaropvolgende kouer maande.


**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Hierdie reservaat word gebruik vir die herwinning en die beskerming van bestaande inheemse flora en fauna.

# GARCIA-BOSBOURESERVAAT




# STILBAAI-OOS EN STILBAAI-WES-BOSBOURESERVAAT



## STILBAAI-WES-BOSBOURESERVAAT (GEBIED I)
## AFDELING I NO. 26

**Ligging:** Hierdie betreklike klein strandgebied aan die Indiese Oseaan omtrent twintig myl suid van Riversdale is naby die dorpie Stilbaai-Wes geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied kan per motor binnegegaan word, maar naby die strand is daar sanderige duine wat verhoed dat 'n konvensionele motorvoertuig tot op die strand kom. Van die plek waar motors gelaat sal moet word, is die strand egter maklik te voet bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Stilbaai-Wes word met 'n goedgemaakte Provinsiale Pad No.1 wat ongeveer agt myl vanaf Riversdale op die Nasionale Pad N2 na Mosselbaai, suidwaarts wegdraai, bereik. Hiervandaan gaan 'n pad oor die Kafferkuilsrivier na Stilbaai-Wes vanwaar 'n pad na die suide na die gebied voer.


**Beskrywing van die gebied:** Aan Noordkapperbaai beskik hierdie gebied van ongeveer 176 morg oor 'n aantreklike gelyk en sanderige strand van ongeveer 'n myl wat hier en daar deur groot hoeveelhede ronde klippe onderbreek word. Vanaf die strand verrys pragtige sandduine met gras en Port Jacksonbome begroei terwyl vars fonteinwater op verskeie plekke deur die sand van die duine sypel. Die Port Jacksonbome sal 'n redelike mate van beskutting aan 'n honderdtal of meer piekniek- of kampeereenhede bied. Die area het 'n koue, reënerige winter met 'n warm, droë somer.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Die strandgebied is baie geskik vir swem en strandspele en ook die hengelaar behoort 'n besoek die moeite werd te vind. Die aard van die terrein en die grootte van die gebied sal dit moontlik maak vir etlike honderde piekniekgangers of kampeerders om die gebied te besoek. Die koue maande is die beste tyd van die jaar vir die hengelaar terwyl die tydperk tussen Oktober en Maart vir ander aktiwiteite geskik is.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die herwinning van waaisandgebied.

# STILBAAI-OOS EN STILBAAI-WES-BOSBOURESERVAAT



Stilbaai-Oos-bosboureservaat

## STILBAAI-OOS-BOSBOURESERVAAT (GEBIED 2)
## AFDELING I NO. 27

**Ligging:** Hierdie gebied lê aan die Indiese Oseaan onmiddellik oos van Stilbaai-Oos, sowat twintig myl suid van Riversdale.

**Bereikbaarheid:** Die gebied kan nie met konvensionele voertuie binnegegaan word nie. Dit wil egter voorkom asof 'n pad redelik maklik aangelê kan word.

**Roetebeskrywing:** 'n Goedaangeduide Provinsiale Pad No.1 wat vanaf die Nasionale Pad tussen Riversdale en Mosselbaai (N2) ongeveer agt myl buite Riversdale, na Stilbaaidorp lei, word gevolg. Vanaf die oostelike deel van die dorp sal die gebied slegs per voet of met behulp van voertuie met vierwielaandrywing binnegegaan kan word.


**Beskrywing van die gebied:** Die uitstaande kenmerk van hierdie gebied wat meer as 4,000 morg beslaan, is 'n pragtige strand wat oor 'n afstand van sowat vyf myl strek. Die fyn los sand naby die strand verander verder na die binneland in duine, digbegroei met Port Jacksonbome. Onderaardse water is maklik bekombaar as daarvoor gegrawe word. Die gebied het 'n koue reënerige winter met 'n warm, droë somer.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Kampeerders en piekniekgangers sal hier in groot veiligheid in die feitlik stroomvrye see kan swem terwyl die visterman sekerlik ook nie die gebied teleurgesteld sal verlaat nie. Potensieel het hierdie gebied 'n drakrag van etlike duisende kampeer- of piekniekeenhede. Besoeke met die oog op kampeer, piekniek en swem, word in die tydperk tussen Oktober en Maart, aanbeveel terwyl die hengelaar meer sukses in die koue as in die warm maande sal hê.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die herwinning van 'n waaisandgebied.

# DIE ELANDSBAAI-UITSPANNING




Driehoeksmeting 1965



Elandsbaai

## ELANDSBAAI-UITSPANNING
## AFDELING I NO. 75

**Ligging:** Hierdie gebied geleë aan die mond van die Verlorenvleirivier aan die Atlantiese oseaan, is ongeveer sestig myl noordwes van Piketberg.

**Bereikbaarheid:** Alle voertuie kan tot naby die mond van die Verlorevleirivier kom. Aangesien die sand hier baie los is, kan die strand net te voet bereik word.

**Roetebeskrywing:** Vanaf Piketberg word die goedaangeduide pad, wat gedeeltelik geteer is, tot in Elandsbaai gevolg. Hier moet verneem word na die pad, wat naby die riviermond verbyloop en ongelukkig taamlik sleg is.


**Beskrywing van die gebied:** Die Verlorevleirivier mond tussen ylbegroeide, rotsagtige rantjies wat geleidelik daal na 'n plat, sanderige, bossies-begroeide vlakte, in die Atlantiese Oseaan uit.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Die tien morg grond om die mond van die Verlorevleirivier bied ruimte vir ongeveer honderd kampeerders of piekniekgangers. Daar is geen bome nie en kampeerders moet hul eie skuiling verskaf. Die rivierwater is drinkbaar as dit gekook word. Hoewel die water koud, en die strand vol gebreekte skulpe is, kan hier geswem en gedurende die wintermaande gehengel word. Kreef kan vanuit bote gevang word. Dieper in die binneland vorm die rivier groot, rietbegroeide watervlaktes wat geskik is vir hengel, swem en bootsport. Hier kom ook 'n verskeidenheid watervoëls voor. Die gebied het 'n drakrag van ongeveer honderd kampeereenhede.

**Huidige besitter:** Die Departement van Lande.

**Huidige gebruik:** Geen.

# STAATSGROND OM DIE MONDING VAN DIE UILENKRAALRIVIER



Uilenkraal-Oos

## GEDEELTELIKE STAATSGROND AAN LINKEROEWER BY DIE MOND VAN DIE UILENKRAALRIVIER (UILENKRAAL-OOS) AFDELING I NO. 76

**Ligging:** Die gebied is geleë aan die linkeroewer by die mond van die Uilenkraalrivier, ongeveer agt myl suidoos van Gansbaai en agtien myl suidoos van Hermanus.

**Bereikbaarheid:** Die regteroewer van die Uilenkraalrivier teenoor die gebied kan met konvensionele voertuie bereik word. Vandaar kan die gebied te voet, of deur die rivier, of oor die hangbrug bereik word.

**Roetebeskrywing:** Vanaf Gansbaai word die pad na Baardskeerderbos-Elim gevolg. Na ongeveer ses myl draai 'n goedaangeduide pad wat na Uilenkraalmond lei, na regs uit.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied is tien morg groot en strek oor sanderige duine wat gedeeltelik met Port Jacksonbome begroei is. Aan die noordwestekant word die gebied begrens deur die Uilenkraalrivier en aan die suidekant deur die see.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** In die vlak water van die rivier is dit moontlik vir kinders en volwassenes om in veiligheid te swem. Die mond van die rivier bied ook uitstekende geleentheid vir hengel. Hierdie gebied is geskik vir alle strandaktiwiteite. Die gebied het 'n drakrag van etlike honderde kampeer- of piekniekeenhede.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word gebruik vir die herwinning van waaisand.

## AFDELING II

## REGERINGSGRONDE, IN DIE SENTRALE KAAPSE GEBIED, WAT VIR OPELUGONTSPANNINGSOORDE GESKIK IS




Die Tsitsikammakus


## AFDELING II




Driehoeksmeting, 1964.

# HARKERVILLE-BOSBOURESERVAAT



Die rotsagtige kus van Harkerville-bosboureservaat

## HARKERVILLE-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING II NO. 28

**Ligging:** Hierdie gebied is onmiddellik langs die see, omtrent twaalf myl oos van Knysna, geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied, behalwe die kus, is maklik met alle konvensionele voertuie bereikbaar. Om die see te bereik, moet steil voetpaaie gevolg word.

**Roetebeskrywing:** Die gebied word met 'n goedgemerkte pad uit Nasionale Pad N2, wat Knysna met Plettenbergbaai verbind, ongeveer twaalf myl oos van Knysna, bereik.


**Beskrywing van die gebied:** Deur hierdie heuwelagtige gebied van elfduisend morg digbegroei met inheemse en aangeplante bome, vloei verskeie strome. Die hange van die voorheuwels wat na die see front, is so steil dat sommige van die strome wat deur die gebied vloei, daar watervalle vorm. Die inheemse woud van hierdie gebied groei tot na aan die see op plekke en waar daar nie bome is nie, groei daar heide, proteas en ander struike wat bekend is as „fynbos". Die gebied se reënval is oor die hele jaar versprei maar kom die meeste in die somer voor.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Bo-op 'n voorheuwel, wat byna loodreg bokant die see troon, is daar 'n kreupelhoutbos met voetpaadjies en baie geskikte, goed beskutte, kampeer of piekniekplek vir 'n honderdtal eenhede. Hier is ongelukkig geen varswater in die nabyheid nie, en eie water moet voorsien word. Die enigste aktiwiteite wat hier met kampeer gekoppel kan word, is wandel en hengel langs die rotsagtige kus, wat byna ses myl lank is, want swem en onderwatervisjag, kan in die rowwe see gevaarlik wees. Die geskikste besoektyd is vanaf Oktober tot April.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word vir die voorsiening van inheemse en aangeplante houtsoorte en vir die bewaring van inheemse fauna en flora gebruik.

# KEURBOOMSRIVIER-BOSBOURESERVAAT



'n Blik stroomop vanaf die mond van die Keurboomsrivier

## KEURBOOMSRIVIER-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING II NO. 29

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer sewe-en-dertig myl oos van Knysna geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is met enige tipe voertuig oor teer- en gruispaaie maklik bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Die Keurboomsrivier, wat 'n deel van hierdie reservaat is, kan maklik bereik word vanaf Nasionale Pad N2, wat omtrent vyf myl noordoos van Plettenbergbaai oor die rivier gaan. Die bosboustasie word met 'n goedgemerkte uitdraaipad, ongeveer sestien myl oos van Plettenbergbaai vanuit N2 bereik.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied, wat sestienduisend morg groot is, is op die voorheuwels van die Tsitsikammaberge geleë. Die steil hange van die voetheuwels waartussen die Keurboomsrivier stadig wentel, is digbegroei met inheemse bos. Die hoër geleë hange op die berge is kaler en hoofsaaklik met gras en struike begroei, behalwe op die plekke waar hulle met dennebome beplant is. Langs die Keurboomsrivier is daar geskikte kampplek onder groot bome. 'n Ander geskikte kampeerterrein word aangetref waar hierdie rivier in die see uitmond. Die gebied se reënval is oor die hele jaar versprei maar kom meesal in die somer voor.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Langs die stil waters van die Keurboomsrivier is daar geskikte, beskutte kampplek vir 'n sestigtal eenhede. By die monding van die rivier, waar 'n half myl van die strand aan die reservaat behoort, is staanplek vir nog 'n honderdtal kampeer- of piekniekeenhede. Gekoppel met kampeer of piekniek, is daar geleentheid vir swem en hengel in òf die water van Keurboomsrivier òf in die see. Keurboomsrivier met sy stil, donkergekleurde water is uiters geskik vir alle vorms van bootsport en waterski. Bote kan tot ses myl met die rivier opvaar; verruklike weerkaatsings op stil dae, waarvoor die rivier bekend is, kan waargeneem word. Vanaf die bosboustasie kan wandelinge met bosboupaaie vir omtrent nege myl na die „Vleitjies" onderneem word. Mooi vergesigte kan op hierdie wandelings verkry word. Geskikte besoektye is mooi dae dwarsdeur die jaar.


**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word gebruik vir die voorsiening van hout, en as 'n beskermingsgebied van inheemse flora en fauna.

# BLOUKRANS-BOSBOURESERVAAT




Driehoeksmeting 1965.



'n Gedeelte van die strand by Bloukrans-bosboureservaat

## BLOUKRANS-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING II    NO. 30

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer veertig myl oos van Knysna geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is met teer- en gruispaaie maklik bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Nasionale Pad N2, wat Plettenbergbaai en Humansdorp verbind, loop 'n paar myl noordoos van Plettenbergbaai, deur die gebied. Goedgemerkte paaie uit die Nasionale Pad N2 lei na Nature's Valley en die bosboustasie.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied van sewentienduisend morg is tussen die suidelike voorheuwels van die Tsitsikammaberge en die see geleë. Deur die gebied, digbegroei met inheemse en aangeplante bos, vloei verskillende riviere. Die area se plantegroei wissel van die kaler grasbegroeide bergtoppe, tot die digbegroeide hange van die berge se voorheuwels waar die groot geelhout-, stinkhout-, kamassie-, ysterhout- en ander boomsoorte hulle tuiste het. Behalwe waar die sogenaamde fynbos ('n verskeidenheid van kleiner struike, heide en ander plante) die bome afwissel, word hierdie bome in 'n kleiner vorm tot digby die see aangetref. Die reuse bome wat in hierdie gebied aangetref word, veral dié langs die pad waaronder daar op baie plekke tafels en bankies aangebring is, en waar daar gelyke oppervlaktes is, bied uitstekende beskutting vir kampeerders en piekniekgangers. Nasionale Pad N2 wat deur hierdie gebied oor die Bloukranspas loop, bied aan die reisiger pragtige vergesigte oor die digbegroeide berghange. Die reën is oor die hele jaar versprei met die meeste gedurende die somermaande.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Waar die Grootrivier wat deur hierdie gebied vloei, in die see uitmond, word 'n mooi binnelandse lagune van wisselende diepte gevorm. Aan die suidwestelike kant van die rivier onder groot bome is daar reeds kampeerplek vir 'n dertigtal eenhede, en aan die oorkant van die rivier is daar geskikte gebied vir nog etlike honderde eenhede. Gekoppelde aktiwiteite hier is swem in die helder, onbesoedelde water van die rivier asook in die see langs die sanderige strand wat 'n myl lank is en wat maklik vanaf die kampeerterrein bereik kan word. Die orige tien myl van die rotsagtige kus, hoewel nie met konvensionele voertuie bereikbaar nie, is bekend as 'n uitstekende hengelkus. Hierdie gebied kan wel deur middel van steil voetpaaie bereik word. Daar kan met roeibote en kano's op die Grootrivier gevaar word en wandelinge oor ongeveer sestien myl voetpaaie deur die beroemde Tsitsikammawoud kan ook onderneem word. Hoewel dit gedurende hierdie maande ook mag reën, is die geskikste besoektyd vanaf Oktober tot April.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word tans vir die verskaffing van inheemse en aangeplante houtsoorte, beskikbaarstelling van kampeerterrein, verkoop van sand en klip vir boudoeleindes, en vir die beskerming van die inheemse plante en dierelewe gebruik.

NB. Binne afsienbare tyd sal die Nasionale Parkeraad die gebied vanaf Grootriviermond tot by Eersteriviermond, vanaf die eerste kusrante tot een myl die see in beheer, en alle ontspanningsaktiwiteite wat daar mag plaasvind, sal onder die beheer van die Nasionale Parkeraad wees. Tans val hierdie area binne die Bosbouereservate van Bloukrans, Lottering, Stormsrivier en Bluelilliesbush.

# LOTTERING-BOSBOURESERVAAT






By Geelhoutbosmond

## LOTTERING-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING II NO. 31

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer vyftig myl oos van Knysna geleë.

**Bereikbaarheid:** Die bosstasie kan maklik met teer- en gruispaaie bereik word. Die kus, daarenteen, kan alleenlik met steil voetpaaie bereik word.

**Roetebeskrywing:** Nasionale Pad N2 tussen Knysna en Humansdorp loop deur die gebied en 'n goedaangeduide pad uit N2 loop totby die bosboustasie. By die bosboustasie moet na die geskikste pad na die see verneem word.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied wat ses-en-twintigduisend morg groot is, is op die suidelike voetheuwels van die Tsitsikammaberge, tussen die hoofbergreeks en die see geleë. Bo-op die voetheuwels en die hoër geleëklowe van die berge is die area digbegroei met die beroemde inheemse Tsitsikammewoud wat uit die ewe beroemde swartstinkhout (Ocotea bullata), geelhout (Podocarpus spesies) en baie ander bekende boomsoorte bestaan. Waar die area nie met inheemse woud bedek is nie, word aangeplante dennebome aangetref. Waar die voetheuwels van die gebied steil na die see toe afsak, is die area tot digby die see met òf die inheemse woud, òf met die sogenaamde fynbos, wat uit watsonias, verskillende soorte heide, vuurpyle, proteas en talle ander soorte struike bestaan, begroei. Kweek word tot byna op die rotse, waarteen die branders slaan, gevind. Verskeie strome vloei deur die gebied en mond later by die gebied se rotsagtige kus in die see uit. Die oorwegende groenigheid van die gebied dwarsdeur die jaar is te danke aan die reënval wat oor die hele jaar versprei is, maar wat die meeste gedurende die warm somermaande val.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** By twee plekke, Bloubaai en Geelhoutbosmond, is daar in die nabyheid van onbesoedelde bruikbare water, geskikte staanplek vir respektiewelik dertig en honderd kampeer- of piekniekeenhede. Moontlike gekoppelde aktiwiteite in hierdie gebied is swem en onderwateraktiwiteite wat egter vanweë die skerp rotse, versigtig aangepak moet word. Hier is uitstekende geleenthede vir hengel. Hoewel hierdie area se reënval oor die hele jaar versprei is, is dit redelik droog gedurende die herfs en winter. Hierdie droër maande is die geskikste besoektye.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Hierdie gebied word gebruik vir houtproduksie van sowel aangeplante as inheemse tipes. Verder word dit ook vir die bewaring van inheemse flora en fauna gebruik.

# STORMSRIVIER-BOSBOURESERVAAT






Waar die Stormsrivier by die see invloei

## STORMSRIVIER-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING II NO. 32

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer twee-en-vyftig myl wes van Humansdorp geleë.

**Bereikbaarheid:** Hierdie gebied kan met enige tipe voertuig oor nasionale en goeie grondpaaie bereik word.

**Roetebeskrywing:** Ongeveer drie myl wes van die dorpie Stormsrivier, draai 'n goed-aangeduide pad uit Nasionale Pad N2 na Stormsriviermond af.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied wat veertienduisend morg groot is, is bo-op die Tsitsikammaberge geleë en strek tot teenaan die see. Die berge is digbegroei met die groot inheemse bome waarvoor hierdie gebied beroemd is. Naby die see skiet die berge steil af na die skouspelagtige rotskuslyn wat hier honderde sloepe en riwwe vorm wat soos vingers in die see steek. Die inheemse bos groei tot byna teenaan die see, en van die naaste bome tot op die rotse onmiddellik langs die see, is die hele gebied oortrek met 'n digte grasmat. Die bome, naaste aan die see geleë, bied uitmuntende skuiling vir kampeer of piekniek, terwyl die grasbedekte gelyktes 'n baie geskikte oppervlakte vir die opslaan van tente is. In die digte natuurbos is daar wild te sien. Die wild is egter nie volop nie en vanweë die digtheid van die plantegroei ook nie maklik waar te neem nie. Deur die gebied, in die nabyheid van moontlike kampeer- of piekniekplekke, vloei verskeie strome met vars bruikbare water. Die geskikste terrein vir kampeer of piekniek word in die omgewing van die Stormsrivier se monding gevind. Van hier kan 'n skouspelagtige uitsig oor die hoë groen-begroeide berghange, wat na die helderblou oseaan afskiet, verkry word. Onder word die blou van die oseaan afgewissel met die skuimende wit van branders wat op die rotse breek. Die reënval is oor die hele jaar versprei met die grootste neerslag gedurende die somer.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hierdie gebied met sy ideale ligging by die monding van die Stormsrivier, sonder enige noemenswaardige besmetting, bied uitstekende geleenthede vir die volgende vorms van opelugontspanning: Kampeer, of piekniek met gekoppelde aktiwiteite soos swem in een of twee sanderige inhamme vir volwassenes en, vir kinders, in verskeie poele, onderwatervisjag of besigtiging van die onderwaterlewe, watersport met bote al na gelang die see dit toelaat, en hengel. Ongeveer sestig of meer morg bied staanplek vir etlike honderde kampeer- of piekniekeenhede. Geskikte besoektye is mooi dae dwarsdeur die jaar.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word gebruik vir die voorsiening van inheemse en aangeplante houtsoorte, en vir die bewaring van die dierelewe en van die groot inheemse Tsitsikammawoud waarvan 'n deel in die gebied geleë is.

## BLUELILLIESBUSH-BOSBOURESERVAAT






Sandbaai by die Bluelilliesbush-bosboureservaat

## BLUELILLIESBUSH-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING II NO. 33

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer vyftig myl wes van Humansdorp geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is oor redelike gruispaaie tot by die steil helling wat na Sandbaai lei met alle konvensionele voertuie bereikbaar. Van daar moet steil voetpaaie gevolg word.

**Roetebeskrywing:** Vanaf Nasionale Pad N2, tussen Stormsrivier en Witelsbos, dui 'n goedgemerkte pad die weg na Bluelilliesbush-bosboustasie aan. Vandaar moet daar verneem word na die pad na Sandbaai, wat die enigste geskikte gebied vir kampeer of piekniek is.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie reservaat beslaan veertienduisend morg en is bo-op die Tsitsikammaberge geleë, en strek suidwaarts tot by die see. Die berge is deels begroei met die digte inheemse Tsitsikammawoud, en waar die berghange steil na die see afdaal, is hulle dig begroei met fynbos wat uit proteas, heide en ander inheemse blomme en struike bestaan. Naby Sandbaai vloei 'n helder stroom bruikbare water in die see. Hier is 'n plat, gras begroeide deel, sonder noemenswaardige beskutting van bome, geskik vir kampeer of piekniek. Die bergbegrensde kus van hierdie landsdeel is van hier af mooi sigbaar na alle kante. Hoewel die reën hier oor die hele jaar versprei is, val die meeste in die somer.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Die moeilik bereikbare, gelyke stuk grasbegroeide grond van twee morg langs die see by Sandbaai bied geleenthede vir kampeer of piekniek, gekoppel met swem, onderwaterse visjag en hengel. Die vyftig kampeer- of piekniekeenhede wat hier kan staan, sal al hulle toerusting vir ongeveer 'n myl langs steil voetpaaie moet dra. Die geskikste besoektyd is mooi dae dwarsdeur die jaar.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Tans word die gebied gebruik vir die voorsiening van inheemse en aangeplante hout, en vir die beskerming van die dierelewe en die inheemse plantegroei.

# WITELSBOS-BOSBOURESERVAAT






Die steiltes van Witelsbos se kusrante

## WITELSBOS-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING II NO. 34

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer veertig myl wes van Humansdorp geleë.

**Bereikbaarheid:** Die bosboustasie kan maklik met enige tipe voertuig oor 'n kort gruispad bereik word. Plantasiepaaie, wat plaaslik beduie sal moet word, lei na afklimplekke vanwaar daar na die viswaters gestap kan word.

**Roetebeskrywing:** 'n Goedgemerkte pad, uit die Nasionale Pad N2, wat Knysna en Humansdorp verbind, ongeveer 32 myl oos van Nature's Valley, lei na Witels-bos-boustasie. By die bosboustasie moet na die plantasiepaaie verneem word. Die paaie lei na plekke vanwaar daar na die viswaters gestap kan word.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied wat van bo-op die hoogste voetheuwels van die Tsitsikammaberge aan hulle suidoostelike kant geleë is en tot by die see strek, is vierduisend morg groot. In die gebied word van die inheemse Tsitsikam-mawoud en aangeplante bos aangetref. Die berghange wat na die see afskiet, is met fynbos en groter inheemse bome begroei. Langs die rotsagtige kuslyn is geen plat areas wat vir kampeer geskik is, te vind nie. Verskeie strome vloei deur hierdie gebied. Die gebied kry gedurende die heel jaar reën maar die meeste kom gedurende die somermaande voor.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hierdie gebied se ontspannings-waarde lê uitsluitlik in die goeie hengelmoontlikhede wat die rotsagtige kuslyn bied. Geskikte hengelplekke kan alleenlik met steil voetpaadjies wat myle lank is, bereik word. Enige mooi dag is geskik vir besoeke.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word vir houtproduksie en vir die beskerming van die inheemse plantegroei en dierelewe gebruik.


# AFDELING III

## REGERINGSGRONDE, IN DIE OOS-KAAPSE GEBIED, WAT VIR OPELUGONTSPANNINGSOORDE GESKIK IS




Die Kloof van die Umtamvunarivier

# AFDELING III




Driehoeksmeting, 1964.

# ALEXANDRIA-BOSBOURESERVAAT






Die see by die mond van die Sondagsrivier

## ALEXANDRIA-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING III NO. 35

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer sestig myl oos van Port Elizabeth geleë, en bestaan uit 'n hele paar gebiede waarvan hier slegs dié wat vir opelugontspanning geskik is, bespreek word en op die meegaande kaart aangebring is.

**Bereikbaarheid:** Slegs twee dele van hierdie groot area, naamlik Boesmansriviermond en Sondagsriviermond is redelik maklik met konvensionele voertuie bereikbaar. Die Sondagsriviermond kan egter alleen oor privaatgrond bereik word. Die res van die gebied is vanweë waaisand alleenlik vir voertuie met vierwielaandrywing toeganklik.


**Roetebeskrywing:** Die dorpie Alexandria is met verskillende roetes vanuit Nasionale Pad N2 tussen Port Elizabeth en Grahamstown bereikbaar. Vanuit Alexandria lei Provinsiale Pad No. 45 na Boesmansriviermond. Sondagsriviermond is vanaf die dorpie Colchester slegs oor privaatgrond bereikbaar.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie reservaat van veertienduisend morg is hoofsaaklik langs die see geleë, hoewel kleiner, aparte, geïsoleerde deeltjies van die gebied meer binnelands geleë is. Die gebied is hoofsaaklik sanderig. Die dele wat meer na die binneland geleë is, is duinagtig dog reeds so begroei met gras, bome en ander struike dat 'n digte plantemat gevorm word. In die gebiede word daar heelwat kleinwild soos duikers, bosbokke, bloubokke, wildevarke, kleiner roofdiere en selfs luiperds aangetref. Nader aan die see word die plantegroei yler en word alleenlik groot wit sandduine naas die strand gesien. Die kuslyn van die gebied is byna sewentig myl lank. Die strand bestaan hoofsaaklik uit fyn sand wat hier en daar deur rotsagtige stroke onderbreek word. Deur die gebied vloei drie riviere, naamlik die Boknes-, Boesmans- en Sondagsrivier. Die mondings van laasgenoemde twee het populêre ontspanningsoorde geword. Langs die strand is daar ook nog talle fonteine wat uit die sand sypel en heerlike vars water verskaf. Waar die Boesmansrivier by die see uitmond, staan een van die kruise van Bartholomeus Dias tydens sy reis om die Kaap geplant het, en wat tans 'n nasionale monument is. Die gebied het 'n reënval wat oor die hele jaar versprei is maar dit kom minder in die koue winter as in die warm somer voor.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Sonder enige noemenswaardige vorms van besmetting van water of deur insekte en met 'n drakrag van etlike duisende kampeer- of piekniekeenhede, is hierdie gebied 'n baie ryk potensiële ontspanningsoord. Die moontlike piekniek- of kampeerterrein beslaan etlike honderde morg grond met redelike beskutting. Aktiwiteite wat met piekniek of kampeer gekoppel kan word, is hengel, swem en alle vorms van bootsport, insluitende waterski. Vir bootsport en waterski is die Sondags- en Boesmansriviere baie geskik. Die geskikste besoektyd is vanaf September tot Maart. Omdat die gebied vir waaisandherwinning gebruik word, word die toegang beperk.


**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebiede meer na die binneland van hierdie reservaat word gebruik vir houtproduksie terwyl die gebied naaste aan die strand bewaar en beplant word om waaisandherwinning te vergemaklik. Origens word alle wild en plantegroei in die gebied beskerm.



Die beroemde perdeskoen van die Kowie river in die Bathurst-bosboureservaat

## BATHURST-BOSBOURESERVAAT




BATHURST-BOSBOURESERVAAT

## BATHURST-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING III NO. 36

**Ligging:** Die vernaamste dele van hierdie gebied is onderskeidelik ongeveer vier myl wes van Bathurst in die binneland en langs die kus ongeveer vyftien myl suidwes van Port Alfred geleë.

**Bereikbaarheid:** Albei die gebiede kan oor teer- en gruispaaie met alle konvensionele voertuie bereik word.

**Roetebeskrywing:** In Bathurst, wat met Provinsiale Pad No.36, vanuit Grahamstown bereik word, moet die pad na die natuurreservaat gevolg word. Die seekusgedeelte van die gebied kan met 'n pad wat uit Provinsiale Pad No. 45 tussen Alexandria en Port Alfred, ongeveer 18 myl oos van Alexandria, na Kariega uitdraai, bereik word.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied wat in sy geheel sesduisend morg beslaan, is verdeel in 'n hele paar kleiner stukke wat bo-op hoë heuwels, om die klowe en die vlakker lope van riviere en op die strand langs die see geleë is. Met die oog op opelugontspanning is die vernaamste dele die natuurreservaat wat ongeveer vier myl wes van Bathurst geleë is, en 'n strokie langs die kus tussen die Kariega- en die Kasukarivier. Hierdie eersgenoemde gebied van etlike honderde morg is geleë om die kloof wat die Kowie River hier uit die berge gesny het. Die hele gebied is digbegroei met inheemse bome en struike. Op die bodem van hierdie kloof, nader aan die loop van die Kowie River, word die terrein platter en word groot bome wat goeie skuiling aan piekniekgangers en kampeerders kan bied, aangetref.

Tussen die mondings van die Kariega- en die Kasukarivier is 'n strandgebied van byna drie myl wat ook onder hierdie reservaat ressorteer, geleë. Dit is 'n pragtige sanderige strand met ylbegroeide duine. Die gebied het 'n koue, sonnige winter en 'n warm somer, wanneer meeste van die reën val.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** In die natuurreservaat wat langs die loop van die Kowie River, geskikte kampeer of piekniekplek aan etlike honderde kampeer- of pieknieeenhede kan verskaf, kan swem en visvang met hierdie aktiwiteite gekoppel word. Die Kowie River bied ook geleentheid vir waterski.

By die strandgebied kan daar etlike honderde kampeer- of pieknieeenhede staan, maar die beskutting is karig. Aktiwiteite wat hier met kampeer of piekniek gekoppel kan word, is hengel en swem in die see of Kariega- en Kasukarivier wat albei getyriviere is. Die Kariegarivier leen hom ook uitstekend tot die beoefening van bootsport en waterski, en waar daar rotse naby die gebied se strand voorkom, kan daar ook aan onderwateraktiwiteite deelgeneem word. Die geskikste tyd om hier besoek af te lê, is vanaf September tot Maart.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word tans gebruik vir die beskerming van sy inheemse plantegroei en dierelewe, en vir die moontlike herwinning van waaisand op die strandgebiede.

# HOGSBACK-BOSBOURESERVAAT




Driehoeksmeting 1965.

## HOGSBACK-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING III NO. 37

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer twintig myl noordoos van Alice geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied kan maklik met gruispaaie bereik word.

**Roetebeskrywing:** Die gebied word met Provinsiale Pad No.7, tussen Alice en Cathcart, wat feitlik deur die middel van die gebied gaan, bereik.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied is bo-op die steil noordelike voorheuwels (Hogsberge) van die groot Amatolareeks geleë. Die ronde kruine van die Hogsberge is hoofsaaklik met gras bedek waar hulle nie met aangeplante bome begroei is nie. In teenstelling hiermee is die laer hange van die berge asook die klowe dig met inheemse bos begroei. Hier word orals oop ruimtes aangetref wat deur groot koeltebome, inheems en soms aangeplant, begrens word. Hier word ook baie ou eikebome waarvan sommige meer as 'n honderd jaar oud is, gevind. 'n Laning van hierdie ou eikebome, asook 'n arboretum, waar verskillende soorte bome geidentifiseer kan word, word 'n klein entjie van die dorpie Hogsback aangetref. Verskeie naamlose bergstrome vloei deur die gebied en mond later in die Tyumerivier uit. Die gebied het 'n matige, nat, en by tye mistige somer, en 'n sonnige, koue winterklimaat.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Sonder enige noemenswaardige vorm van besmetting van water of deur insekte en met genoeg ruimte om etlike honderde eenhede vir piekniek of kampeer te huisves, bied hierdie area die moontlikheid om na forelle in die Tyumerivier te hengel, of om 'n twintig myl ver te stap, of perd te ry in 'n netwerk bosboupaaie waarvandaan 'n baie groot geelhoutboom asook mooi vergesigte waargeneem kan word. Die geskikste tyd om hierdie gebied te besoek, is van Oktober tot April en selfs later.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word tans gebruik vir houtproduksie, die beskerming van 'n opvanggebied asook vir die bewaring van inheemse flora en fauna.

# KOLOGHA-BOSBOURESERVAAT






Vergesig na die bosstasie van die Kologha-bosboureservaat

## KOLOGHA-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING III NO. 38

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer vyf myl noordwes van Stutterheim geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied kan maklik met gruispaaie bereik word.

**Roetebeskrywing:** Die gebied kan met 'n goedaangeduide uitdraaipad vanuit die Provinsiale Pad No.4 tussen Stutterheim en Kubusie-bosboureservaat bereik word. Nasionale Pad N6, tussen Cathcart en Stutterheim, gaan ook deur die noordelike deel van die reservaat.


**Beskrywing van die gebied:** Die reservaat strek vanaf die kruine van die Amatolaberge se oostelike voetheuwels tot aan hulle voet. Op sommige plekke is die hange en kruine van die voetheuwels digbegroei met inheemse woud terwyl die res van die gebied met dennebome beplant is. Deur die gebied vloei 'n aantal naamlose bergstrome wat almal in die Kologharivier, wat ook deur die gebied vloei, uitmond, en wat daarna 'n entjie bokant 'n geskikte kampeerterrein, 'n waterval van ongeveer veertig voet vorm. Die gebied het 'n warm, reënerige somer en 'n koue, sonnige winter.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Met 'n geskikte ruimte wat vir ongeveer 'n honderdtal kampeer- of piekniekeenhede staanplek kan bied in 'n omgewing waar daar geen noemenswaardige vorm van besmetting bestaan nie, bied hierdie reservaat enkele ontspanningsmoontlikhede. Gekoppel met kampeer of piekniek is daar moontlikhede vir wandel op bosboupaaie met mooi uitsigte oor die omliggende omgewing en redelike kans om berg te klim tot op Dohnepiek (4,777 vt.) of Rooikrans (4,250 vt.). Daar kan ook met motors in die gebied rondgery word. Daar is geen hengel- of swemmoontlikhede nie. Die geskikste besoektyd is vanaf September tot Mei.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Tans word die gebied vir houtproduksie asook vir die bewaring van inheemse woud en dierelewe gebruik.

# KUSGEBIEDE VAN KEIMOND TOT BY DIE GROOT VISRIVIER



Kampeerterrein by Cintsa

# KUSBOSBOURESERVATE VANAF KEIMOND TOT BY DIE MOND VAN DIE GROOT VISRIVIER
## AFDELING III NO. 39

In hierdie gebied lê daar nie minder nie as sestien stukkies grond wat onder die beheer van die Departement van Bosbou ressorteer, en waarvan die meeste besonder geskik is vir opelugontspanning. Aangesien party so klein is dat hulle nie duidelik op die kaart „Suid-Afrika 1:250,000, Topokadastrale reeks", aangewys word nie, word die groep as 'n geheel behandel.

**Ligging:** Die sestien gebiede wat hier bespreek word, is onmiddellik langs die see vanaf die Keirivier suidwaarts tot by die mond van die Groot Visrivier geleë.

**Bereikbaarheid:** Al die gebiede is met konvensionele voertuie bereikbaar; in party gevalle is die gebiede tot by die see bereikbaar en in ander gevalle tot by die punte vanwaar daar maklik tot by die strand gestap kan word.

**Roetebeskrywing:** Elk van hierdie gebiede kan vanaf uitdraaipaaie wat vanaf Nasionale Pad N2 tussen Oos-Londen, en die uitdraaipad na Kei Mouth, te vinde is, bereik word. Baie van hierdie paaie is ongemerk, en uitdraaipaaie uit hierdie paaie is ook ongemerk sodat 'n mens, tensy hy vergesel word van iemand wat die plaaslike gebied goed ken, dit moeilik sal vind om baie van hierdie gebiede te bereik.

**Beskrywing van die gebied: iede:** Omdat die sestien gebiede wat onder hierdie hoof bespreek word, baie klein is en die grense daarvan soms nie duidelik aangedui is nie en die gebiede ten opsigte van baie eienskappe dieselfde is, word hulle gesamentlik behandel. Hierdie gebiede is almal aan die kus geleë en word meestal deur riviere begrens. In alle gevalle het hulle 'n ryk kweekbedekking wat tot naby die see groei. Kweekbegroeide duine word deur bosbegroeide duine en regaf rotsagtige kranse afgewissel. By meeste van hierdie gebiede is vars bruikbare water beskikbaar - indien nie in die gebied nie, dan in die onmiddellike omgewing by boere of elders waar bruikbare vars water ontgin is.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Met die moontlikheid van bosluiskoors waarteen gewaak moet word, sowel as bilharzia in die binnelandse strome, bied hierdie onderverdeelde gebied van ongeveer vierduisend morg, goeie tot middelmatige beskutting, vir etlike duisende kampeer- of piekniekeenhede. Aktiwiteite wat hiermee gekoppel kan word, is hengel waarvoor hierdie kus bekend is, en swem op veilige plekke. As gevolg van haaie kan daar nie naby riviermondings geswem word nie. Hengel van bote af is lonend mits die seetoestand dit toelaat.

'n Beskrywing van die ligging van hierdie gebiede word in die volgende tabel gegee. Hierdie beskrywing is slegs by benadering.


| | Naam | | Ligging: Van | Ligging: Tot |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Cape Morgan | | Igwilirivier in die ooste | Incarharivier in die weste |
| 2. | Double Mouth | | Morgan Bay in die ooste | Qukurivier in die weste |
| | | | (Die Goutwanarivier loop in die middel) | |
| 3. | Black Rock | | Qukurivier in die ooste | Dorpsgrense van Haga-Haga in die weste |
| 4. | Rooiwal | | Umtwenderivier in die ooste | Gwenugharivier in die weste |
| | | | (Behalwe Haga-Haga dorpsgebied in die middel) | |
| 5. | Cintsa | | Icintsarivier in die ooste | Bulularivier in die weste |
| 6. | Kwelegha | | Kwelegharivier in die ooste | Gonubierivier in die weste |
| 7. | Eastward Ho | | Veertien morg aan monding en oostelike oewer van Gonubierivier | |
| 8. | Borizabaai | | Klakastroom in die ooste | Nahoonrivier in die weste |
| 9. | Cove Rock | | Hickmansrivier in die ooste | Hluzirivier in die weste |
| | | | (Die Kalasharivier stroom in die middel van die gebied) | |
| 10. | Igoda | | Hluzirivier in die ooste | Igodarivier in die weste |
| 11. | Gulu | | Igodarivier in die ooste | Umkantzirivier in die weste |
| | | | (Die Ugulurivier loop in die middel van die gebied) | |
| 12. | Christmas Rock | | Umlelerivier in die ooste | Shelberstroom in die weste |
| 13. | Chalumna | | Wat in die volgende onderdele verdeel word: | |
| | | (a) | Kaysers Beach Dorpsgronde (oos) | Chalumnarivier in die weste |
| | | (b) | Chalumnarivier in die ooste | Lekwanirivier in die weste |
| | | (c) | Lekwanirivier in die ooste | Gnesarivier in die weste |
| | | (d) | Gnesarivier in die ooste | Keiskammarivier in die weste |
| 14. | Hamburg | | Keiskammarivier in die ooste | Umtanarivier in die weste |
| 15. | Umtati | | Umtatirivier in die ooste | Een myl weswaarts |
| 16. | Waterloobaai | | Vanaf die Groot Visrivier | Vier myl ooswaarts |

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Hierdie areas word terwille van inheemse plantegroei en diere bewaar. Op een plek, in Cape Morgan, laat die Departement toe dat 'n klein titaanmyn sy werksaamhede voortsit.


# AFDELING IV

## REGERINGSGRONDE, IN SENTRAAL-NATAL, WAT VIR OPELUGONTSPANNINGSOORDE GESKIK IS




Naby Cathedral Peak

# AFDELING IV





Driehoeksmeting, 1964.

# CATHKIN PEAK-BOSBOURESERVAAT




Driehoeksmeting 1965.



Cathkin Peak en Champagne Castle

# CATHKIN PEAK-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING IV NO. 40

**Ligging:** Hierdie groot gebied is ongeveer ses-en-dertig myl suidwes van Winterton geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met goeie gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Hierdie bosboureservaat kan vanaf Winterton, met goed aangeduide paaie, bereik word. Die een pad loop by die noordelike punt van die reservaat, Cathedral Peak, en die ander by die suidelike punt, Cathkin Peak, ten einde.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied is bo-op die kruine van die Drakensberge geleë. Dit strek suidwaarts vanaf die Basoetoelandse grens tot op die voetheuwels van die Drakensberge. Golwende boomlose heuwels met steil hange, digbegroei met die beroemde Rooigras (Themeda triandra) van die Natalse hooglande, word hier aangetref. Aan die westekant vorm hierdie heuwels die voetheuwels van groot massas holkranssandsteen waarop die groot vlakke basalt, wat loodreg die lug inskiet en die hoogste kruine van die berge vorm, rus. Talle koue kristalhelder strome ontspring in hierdie berge wat dikwels in die winter 'n sneeubedekking het. Die strome vloei oor kristalgespikkelde, rondgespoelde lawarotse wat oral ontbloot lê, en kronkel oor die laer, plat wêreld na die see.

Die somer is warm, mistig en nat. Die winter is helder en sonnig, maar koud, en sneeu word soms op die berge aangetref.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Naby skoon bruikbare water is daar in hierdie gebied kampeerplek vir etlike duisende eenhede. Aktiwiteite wat met kampeer gekoppel kan word, is swem, hengel na forelle, en stap. Hierdie gebied bied uitstekende geleentheid vir bergklim, veral vir die meer ervare rotsklimmers. Die wandelaar kan hierdie manjifieke holsandsteen en basaltkruine van die grootste bergreeks in die land aanskou. 'n Onversperde uitsig van tientalle myle kan oor die plat vlaktes, deurvleg met talle klein bergstrome wat in die Tugela inloop, verkry word.

Talle Boesmantekeninge word in die berge aangetref. Langs die perdrypaaie (Engels: Bridle paths) van ongeveer driehonderd myl, is vars water, grotte en goeie rusplekke te vind. Hoog op in die berge is die lug dun en verfrissend en 'n helder uitsig kan oor die gebied verkry word.

Die riviere wat geleentheid bied vir swem, is ook met kano's of binnebande bevaarbaar en bied veral deur die stroomversnellings 'n opwindende ondervinding. Omdat die rivierklippe rondgespoel is, kan dit bogenoemde „vaartuie" nouliks beskadig. Die moontlikheid om fossiele op te spoor, bestaan ook. Die sogenaamde Drakensberg Cycads (Encephalartos ghellinekii) word in die gebied aangetref.

Die geskikste besoektyd vir swem en visvang is vanaf Maart tot Mei en vir stap die hele jaar deur mits die weer goed is. Gedurende die somer is daar egter swaar mis en 'n hoë reënval. Gedurende die winter is die gebied te koud vir swem, maar dan is dit baie geskik vir wandel, perdry en bergklim.


**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.


**Huidige gebruik:** Die gebied word beskerm:

(i) as die opvanggebied van die Tugela;
(ii) omrede die groot verskeidenheid Boesmantekeninge wat daar voorkom; en
(iii) as 'n bewaargebied van inheemse flora en fauna, onder andere elande.

Verder is daar 'n baie belangrike hidrologiese navorsingstasie by Cathedral Peak geleë.

# HIGHMOOR-BOSBOURESERVAAT



Highmoordam met Giant's Castle in die agtergrond

## HIGHMOOR-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING IV NO. 41

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer 38 myl suidwes van Moorivier geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met kronkelende gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Vanuit Rosetta word 'n Provinsiale Pad na die Kambergnatuurreservaat gevolg tot by die uitdraaipad na Cleopatra. Hierdie pad word gevolg tot by die bosboustasie.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied wat vier-en-vyftigduisend morg groot is, strek vanaf die Basoetoelandse grens bo-op die hoogste kruine van die Drakensberge, suidwaarts tot op die voetheuwels van die berge. Tussen die grasbegroeide heuwels, met hulle steil hange, vloei talle helder bergstrome oor groot klipplate. Die hoër, loodregte basaltvlakke van die hoofbergreeks troon verder na die noorde teen die horison uit. Op die grasbegroeide heuwels is daar talle soorte wild, onder andere elande, vaal- en rooiribbokke, oorbietjies, bosbokke en duikers. Klein roofdiere word hoër op in die kranse van die berge aangetref. In die gebied is daar 'n redelike groot dam wat wemel van vis. Die klimaat van hierdie reservaat is baie koud en sonnig in die winter. Soms sneeu dit. Die somer is nat, mistig en matig.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Op die oomblik is die gebied nie baie boomryk nie, maar bied tog staanplek vir duisende kampeereenhede by 'n groterige dam of langs talle helder strome. Gekoppelde aktiwiteite hier is swem, waar die water diep genoeg is, en uitstekende forellehengelary in die strome en veral in die dam, Daar is geleentheid om ver te stap en die bergreekse te besigtig.

Die gebied het ongeveer 150 myl perdrypaaie en is uiters geskik vir hierdie aktiwiteit wat gebruik kan word om ook wild en Boesmantekeninge te besigtig. Vir rotsklimmers is daar uitstekende geleentheid vir klim. Gedurende die winter val die sneeu tot drie voet dik by die bosboustasie, en die moontlikheid om sneeusport op die steil golwende voetheuwels van die hoofbergreeks alhier te beoefen, kan gerus verder ondersoek word. Die geskikste besoektye vir perdry en bergklim is gedurende die koue maande mits dit nie sneeu nie, terwyl die somermaande meer geskik is vir visvang en kampeer.


**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Tans word die gebied beskerm as 'n deel van die Drakensbergopvanggebied en vir die bewaring van inheemse flora en fauna.

# BOESMANSNEK-BOSBOURESERVAAT




Driehoeksmeting 1965.



Deur hierdie valleie kronkel die Sanipas-pad

# BOESMANSNEK-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING IV NO. 42

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer dertig myl wes van Himeville en Underberg geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Die gebied kan met die Sanipas-pad, vanuit Natal se Provinsiale Pad R38 noord van Himeville, bereik word. 'n Ander roete wat gevolg kan word, is om die Boesmansnekpad, wat ongeveer twintig myl suid van Underberg, in Coleford se rigting, uit Provinsiale Pad R38 draai, na die bosboustasie te neem.

**Beskrywing** van die **gebied:** Hierdie geweldige groot reservaat lê bo-op die Drakensberge en strek suidwaarts vanaf die Basoetoelandse grens tot op die vlakte voor die hoofbergreeks se voetheuwels en beslaan oor die sewentigduisend morg, betreklike boomlose area. Talle bergstrome en riviere deurkruis die gebied. Binne die reservaat se grense is baie van die bekende bergspitse van die Drakensberge geleë. Die enigste twee padverbindings vanuit Natal na Basoetoeland loop albei deur hierdie reservaat naamlik die een oor Boesmansnek (Bushman's Neck) en die ander een oor die Sanipas. Op die steil grasbegroeide hange van die voetheuwels van die hoofbergreeks, is baie wild te sien. Boesmantekeninge kom ook algemeen voor. Die sandsteenformasies bo-op die Drakensberge verweer in interessante vorms soos dié verantwoordelik vir die minarette en torinkies van die bekende berg „Garden Castle" of die piek „Rhino's Horn" en andere. Die gebied het 'n koue, sonnige helder winter en 'n matige tot warm, mistige, nat somer.


Moontlikheid **vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hierdie gebied is nie besonder boomryk nie, maar dit bied tog beskutting onder bome naby pragtige, groot strome vir 'n honderd of meer kampeer- of piekniekeenhede. Sonder boombeskutting is daar staanplek vir duisende meer. Gekoppelde aktiwiteite is hengel na forelle met die nodige lisensie en toestemming, en swem in verskeie pragtige swemgate in die riviere. Vir diegene wat wil wandel, is daar lang wandelpaaie met verruklike natuurskoon aan albei kante sowel as wild en Boesmantekeninge wat besigtig kan word. Die interessante sandsteenformasies kan deur wandelaars met die nodige uithouvermoë en toerusting, of deur bergklimmers met die regte toerusting besigtig of beklim word. Die ± 200 myl perdrypaaie wat hier bestaan (en waarvan die Garden Castle Hotel gebruik maak) is seker een van die grootste aanloklikhede alhier. Gepaard met enige aktiwiteit is daar natuurlik oral die weergalose vergesigte. Meer spesifiek moet van die vergesig vanaf hierdie reservaat se uitkyktoring melding gemaak word. Dit omsluit „Garden Castle", die hoofbergreeks, 'n honderd myl ooswaarts, asook die plat vlaktes tussen die berge vir vyftig of meer myl. Dit is seker een van die wonderlikste vergesigte in die hele land, die waarvan nie deur 'n kamera vasgelê kan word nie maar alleenlik deur die mens se oog.

Van die bekende Sanipas moet ook melding gemaak word. Hierdie pas, die steilste en hoogste in die Republiek, kan vanweë sy steilheid, swak oppervlakte en kronkelende weg, alleenlik deur voertuie met vierwielaandrywing begaan word. Selfs met sulke voertuie is die pas moeilik begaanbaar. Sani Pass Hotel wat net voor die steilste deel van die pas geleë is, verskaf geleenthede om met so 'n voertuig die pas uit te gaan. Veral gedurende die winter is dit 'n besondere ondervinding, aangesien die voertuig dan oor bevrore driwwe en verby verysde watervalle ry. Daar kan kolle sneeu op die berge gesien word, en ook Basoetoes wat met hulle tipiese drag, pype en hoede, hulle spanne perde, belaai met hulle eie produkte, afstuur na die twee groot handelswinkels in die pas om hulle ware te gaan verkwansel. Die geskikste besoektyd vir bergklim, wandel en perdry, is gedurende die wintermaande en vir hengel, swem en kampeer die warmer somermaande.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word tans beskerm as 'n wateropvanggebied, en as 'n bewaargebied van inheemse flora en fauna.

# DARGLE-BOSBOURESERVAAT






Vergesig na Dargle-bosboureservaat

## DARGLE-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING IV NO. 53

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer twintig myl wes van Pietermaritzburg geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Vanuit Nasionale Pad N3, 'n paar myl noord van Pietermaritzburg, word met die Provinsiale Pad na Dargle uitgedraai. 'n Paar myl verby Darglestasie is 'n goedgemerkte pad wat na die bosboustasie lei.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied wat 3,500 morg groot is, is op die golwende voetheuwels van die Drakensberge, 'n paar myl wes van die klein stasie Dargle, geleë. Party van hierdie heuwels is digbegroei met inheemse bome en struike terwyl ander alleenlik met gras begroei is. Die gebied is baie waterryk. Verskillende riviere en strome vloei deur die gebied onder andere die Umgenirivier, Brooksidestroom, asook drie ander naamlose strome. Langs die riviere en strome is hier en daar grootbome wat goeie beskutting aan piekniekgangers of kampeerders kan bied. Die gebied het 'n matige, sonnige winter en 'n warm, reënerige somer.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Sonder enige vorm van besmetting bied hierdie gebied uitstekende geleentheid vir swem en die hengel na verskillende soorte vis waarvan forelle (met die nodige lisensie), swartbaars en geelvis die belangrikste is. Daar is ongeveer vyf morg geskikte grond naby water, met redelike beskutting, geskik vir 'n tweehonderd piekniek- of kampeereenhede. Al ander aktiwiteit, behalwe swem en hengel, wat nog met kampeer of piekniek gekoppel kan word is wandel. Die geskikste besoektyd is vanaf September tot Mei.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Tans word die gebied vir houtproduksie en vir die bewaring van inheemse flora en fauna gebruik.

## UMTAMVUNA-BOSBOURESERVAAT






Die kloof van die Umtamvunarivier

## UMTAMVUNA-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING IV NO. 54

**Ligging:** Hierdie reservaat lê ongeveer tien myl noord van Port Edward.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is tot op sekere plekke oor gruispaaie met alle konvensionele voertuie bereikbaar. Elders moet òf van voertuie met vierwielaandrywing gebruik gemaak word, òf gestap word.

**Roetebeskrywing:** Die gebied kan bereik word vanaf die oostelike oewer van die Umtamvunarivier waar die Kaapse Provinsiale Pad No. 40, by die pont met die ooreenstemmende Natalse Pad aansluit. Van die pont af moet daar eers oor munisipale en dan oor privaatgrond gegaan word alvorens die gebied binnegegaan kan word. Die gebied kan ook vanaf die Natalse Provinsiale Pad tussen Port Edward en Izingolweni binne gegaan word, maar hier bestaan nog geen paaie nie.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied beslaan drieduisend vyfhonderd morg en is ongeveer sestien myl lank. Dit strek oor 'n smal strook golwende heuwels aan die noordelike oewer van die Umtamvunarivier. Hierdie heuwels loop in die suide tot waar byna loodregte kranse vir omtrent 'n duisend voet na benede stort waar die rivier sy pad deur die heuwelland gebaan het. Behalwe waar rooi kranse ontbloot is, is die steil rante van die rivier se loop digbegroei met inheemse bos wat sterk kontrasteer met die grasbegroeide heuwels aan weerskante van die gleuf waarin die rivier stroom. Uit hierdie hoërgeleë gedeeltes van die reservaat stroom verskeie klein stroompies deur die gebied en mond later in die Umtamvunarivier, wat ook 'n getyrivier is, uit. Hierdie gebied het 'n matige, sonnige winter en 'n warm, reënerige, vogtige somerklimaat.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Behalwe die moontlikheid van bosluiskoors, is hier geen verdere gevaar van besmetting en is daar uitstekende geleentheid vir kampeer of piekniek onder groot bome. Terwyl aan hierdie aktiwiteite deelgeneem word, is daar ook gulde geleentheid vir visvang, swem, bootsport en waterski op die rivier. Met baie geskikte terrein, naby bruikbare water, kan daar amper 'n duisend kampeer- of piekniekeenhede staan. Geskikte besoektye is goeie dae dwarsdeur die jaar, hoewel die warm winter vir die meerderheid mense meer aanneemlik mag wees.

**Huidige gebruik:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige besitter:** Die deel van die gebied tussen die rivier en die kranse is tot 'n natuurreservaat geproklameer en word ook as sulks beskerm, terwyl die grasbegroeide heuwels daarnaas, as weiding verhuur word.

# STAATSGROND BY DIE MOND VAN DIE TUGELARIVIER




Driehoeksmeting 1965



Vergesig stroomop met die Tugela

## STAATSGROND TE REDHIL AAN DIE MOND VAN DIE TUGELA
## AFDELING IV NO. 77

**Ligging**: Hierdie gebied is aan die linkeroewer, by die mond van die Tugela geleë.

**Bereikbaarheid**: Enige soort motorvoertuig kan tot ongeveer kwart myl van die gebied kom. Vandaar moet òf van vierwielaangedrewe voertuie gebruik gemaak word òf gestap word.

**Roetebeskrywing**: Uit Nasionale Pad N14 by die brug oor die Tugela draai 'n goedaangeduide pad wat na die gebied lei, uit.

**Beskrywing van die gebied**: Hierdie gebied is vyf-en-sewentig morg groot. Die terrein is sanderig en dig begroei met bome tot naby die oewer van die rivier en die hoogwatermerk van die see. Langs sowel die rivier as die see word plat sanderige strande aangetref.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite**: Groot bome kan beskutting aan honderd of meer piekniekgangers en kampeerders bied. Op sommige plekke sal die digte bos egter verwyder moet word en sandhellings gelyk gemaak moet word. Die rivier bied geleentheid vir swem terwyl die see dwardseur die jaar vir swem en hengel geskik is. Onder sekere omstandighede kan bootsport in die see beoefen word.

**Huidige besitter**: Die Departement van Lande..

**Huidige gebruik**: Die gebied word tans as 'n meent vir bewoners van etlike boupersele alhier gebruik.


# AFDELING V

## REGERINGSGRONDE, IN NOORDOOS-NATAL, WAT VIR OPELUGONTSPANNINGSOORDE GESKIK IS




'n Rivier by Sodwana Bay


# AFDELING V


SWAZILAND
49
Mkuse
Newcastle
52
Vryheid
51
48
Nongoma
N A T A L
47
45
Qudeni
Mtubatuba
50
Nkandla
46
Ladysmith
44
Eshowe
Empangeni
43
Richard's Bay
Driehoeksmeting, 1964.

# KWA·MBONAMBI-BOSBOURESERVAAT




KWAMBONAMBI-BOSBOURESERVAAT



Die digbegroeide oewers van die Umzingazimeer

## KWA-MBONAMBI-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING V NO. 43

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer sestien myl oos van Empangeni geleë.

**Bereikbaarheid:** Die bosboustasie in hierdie area is maklik met gruispaaie bereikbaar. Die oewer van die Umzingazimeer is egter as gevolg van dik, los sand, alleenlik met voertuie met vierwielaandrywing bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Die bosboustasie word met 'n goedaangeduide pad wat oos uit Natal se Provinsiale Pad R21, tussen Empangeni en Mtubatuba uitdraai, bereik.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied is bo-op 'n reeks digbeplante, sanderige heuwels, 'n paar myl van die see, geleë. Daar vloei verskeie strome, wat meer na moerasse lyk, deur die gebied. Die belangrikste hiervan is die Umdibirivier wat in die groot Umzingazimeer of dam invloei. Die gebied het 'n matige, sonnige winter- en 'n baie warm, vogtige somerklimaat.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Die eintlike belang wat hierdie gebied vir opelugontspanning het, lê uitsluitlik in die feit dat dit aan die Umzingazimeer grens. Hierdie dam, wat gedeeltelik in die reservaat lê, is in die veertigerjare gedurende die laaste oorlog as 'n vliegbootbasis gebou. Nadat vis daarin geplaas is, het die dam byna twintig jaar ongerep gebly met die gevolg dat daar nou ontsaglike groot swartbaars en karpers is. Hengel moet vanuit 'n boot plaasvind aangesien die oewers van die dam ruig begroei is met bome, bosse en riete, wat hengelaars se hoeke en lyne sal laat vassit.


Die moontlikheid dat die water met bilharzia besmet is, asook die aanwesigheid van krokodille en seekoeie, skakel swem uit. Verder is die dam geskik vir bootsport, maar mens moet teen seekoeie waak.

Hier is beskutte staanplek vir etlike honderde eenhede en die geskikste besoektyd is vanaf Mei tot Augustus.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou. 'n Groot gedeelte van die Umzingazimeer behoort egter aan die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

**Huidige gebruik:** Die gebied word hoofsaaklik vir houtproduksie gebruik. Die dam, waarvan die grootste gedeelte in Bantoegebied lê, het geen besondere doel nie. Verder word alle inheemse flora en fauna in die gebied beskerm.

# FANIS-BOSBOURESERVAAT




Driehoeksmeting 1965.

## FANIS-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING V    NO. 45

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer dertig myl noordoos van Mtubatuba geleë.

**Bereikbaarheid:** Die bosboustasie is met konvensionele voertuie bereikbaar. Gruispaaie lei na die gebied. Om die visvanggebied van die Nyalazirivier te bereik, moet verkieslik van 'n voertuig met vierwielaandrywing gebruik gemaak word.

**Roetebeskrywing:** Die gebied word met 'n goedaangeduide pad, vanuit die Charter's Creekpad, bereik. Laasgenoemde pad draai, tussen Mtubatuba en Hluhluwe, uit Provinsiale Pad R21.


**Beskrywing van die gebied:** Die gebied is aan die oostekant van die monding van die Nyalazirivier, op 'n skiereiland in die St. Luciameer, geleë. Die plat, grasbegroeide soms moerasagtige gebied strek etlike myle stroomop aan die oostekant van die rivier. Die gebied het 'n matige, droë winter en 'n baie warm, reënerige, vogtige somer.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Die waarde van hierdie reservaat as opelugontspanningsoord, is in die toegang wat dit tot die oostelike oewer van die Nyalazirivier bied, geleë. Moontlike ontspanningsaktiwiteite hier, is hoofsaaklik hengel. Vanweë bilharzia en krokodille is swem uitgesluit. Ongeveer 400 tree vanaf die rivier is daar 'n redelik begroeide koppie met skuiling vir ongeveer tweehonderd piekniekgangers of kampeerders. Charter's Creek, 'n kamp van die Natalse Parkeraad, wat nie ver van hierdie gebied geleë is nie, bied 'n verskeidenheid ander georganiseerde ontspanningsaktiwiteite. 'n Stuk grond, 'n half myl breed, rondom St. Luciameer behoort aan die Natalse Parkeraad. Die gunstigste besoektyd is van Maart tot Augustus.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word tans gebruik vir houtproduksie en as 'n bewaargebied vir inheemse flora en fauna.

# ESTUARY-BOSBOURESERVAAT






Hoogwater by Mission Rocks, 'n bekende hengelpunt in die Estuary-bosboureservaat

## ESTUARY-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING V NO. 46

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer tien myl noord van St. Lucia geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied, tot by die bosboustasie, is met hobbelrige gruis- en sandpaaie bereikbaar. Vanaf die bosboustasie moet van voertuie met vierwielaandrywing gebruik gemaak word.

**Roetebeskrywing:** Die gebied word vanaf St. Lucia met 'n bosboupad bereik.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie reservaat is tussen die see en St. Luciameer geleë. Dit strek vir 'n afstand van ongeveer twaalf myl langs die kus af. Die gebied beslaan 'n grasbegroeide, sanderige, vlei-agtige vlakte wat naby die see in hoë, steil, digbegroeide sandduine verander. Varswatervleie is net agter die duine geleë. Die suidelike tien myl strandgebied van hierdie area bestaan uit opgebreekte deurmekaar stukke plat sandsteen wat gewoonlik op hierdie kus in die vorm van plat, egalige lyste verskyn. Slegs die laaste twee myl het 'n gelyk sanderige strand en plat rotslyste wat aangename swem moontlik maak. Die gebied het 'n matige tot warm, sonnige winter en 'n baie warm, vogtige somerklimaat.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Op die duine langs die pad wat daar loop, is daar al 'n hele paar piekniek- en kampeerplekke uit die digte plantegroei van die inheemse bos gekap. Dit is moontlik om die drakrag van die gebied met honderde eenhede te vermeerder. Ontspanningsaktiwiteite is hengel oor die hele strand van die reservaat, asook onderwateraktiwiteite. Haaie kan egter gevaarlik wees. Die laaste twee myl van die noordelike strandgebied is geskik vir swem.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word tans vir houtproduksie en as 'n bewaargebied van inheemse flora en fauna gebruik.

## MEERSIG-BOSBOURESERVAAT






'n Gedeelte van Bangazipan vanaf die Meersig-bosboustasie se uitkyktoring

## MEERSIG-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING V NO. 47

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer twintig myl noordoos van St. Lucia geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is met 'n sanderige pad wat plek-plek swak en hobbelrig is, bereikbaar. Oor die los sand na die strand en op die strand, moet van voertuie met vierwielaandrywing gebruik gemaak word.

**Roetebeskrywing:** Die pad na Meersig-bosboustasie moet vanaf St. Lucia gevolg word. Dit is 'n verlenging van die pad na Estuary-bosbougebied.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie reservaat grens aan Estuary-bosboureservaat. Dit lê tussen St. Luciameer en die kus en strek oor 'n afstand van ongeveer vyf-en-twintig myl. Die gebied beslaan 'n plat, vlei-agtige, grasbegroeide area. Binne die gebied is daar 'n groot binnelandse varswatermeer, die Bangazipan, van ongeveer 350-400 morg, geleë. Net soos in die geval van Estuary, verander die plat area in 'n reeks baie hoë, steil, digbegroeide duine naby die strand. Die gebied het 'n baie warm, vogtige somer en 'n matige tot warm, sonnige winter.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Bangazipan se digbegroeide oewers bied uitstekende geleentheid vir kampeer of piekniek vir etlike honderde eenhede. Die pan is geskik vir hengel en bootsport, maar vanweë bilharzia, krokodille en seekoeie, is swem buite die kwessie. Die aanwesigheid van krokodille en seekoeie vereis dat bote wat gebruik word, swaar en stewig is. By hierdie pan kan 'n besonder groot verskeidenheid en hoeveelheid wilde voëls besigtig word. Tussen die reeks lae duine langs die strand en die hoër duine dieper die binneland in, is daar uitstekende kampeer- of piekniekplek vir duisende eenhede. Die digte bosse van die hoë duine by die strand is ook vir piekniek en kampeer geskik. Vir hierdie kampeerplekke moet water saamgebring of aangelê word, aangesien varswater nie in die onmiddellike nabyheid beskikbaar is nie. Alle moontlikhede om varswater te bekom, onder andere om daarvoor te grawe, is nog nie ondersoek nie.

Die pragtige, sanderige strand, wat met laagwater plat sandsteenlyste blootlê, is origens oor sy hele lengte van ongeveer vyf-en-twintig myl geskik vir hengel. Tydens hoogwater en waar baaitjies dit andersins toelaat, is die see geskik vir swem en brandersry, hoewel daar vir haaie opgelet moet word. Die gebied is ook vir onderwateraktiwiteite besonder geskik. Die geskikste besoektyd is vanaf Maart tot Augustus.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Tans word die gebied gebruik vir houtproduksie en as 'n bewaargebied van inheemse flora en fauna.

# SORDWANA BAY-BOSBOURESERVAAT






Sodwana Bay

## SORDWANA-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING V NO. 48

**Ligging:** Die Sordwanareservaat is ongeveer vyftig myl noordoos van Hluhluwe geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is met konvensionele voertuie tot by Mbazwana-bosboustasie bereikbaar. Daarvandaan moet van voertuie met vierwielaandrywing gebruik gemaak word om hierdie gebied binne te dring

**Roetebeskrywing:** Sordwanareservaat kan vanaf Mbazwanareservaat bereik word of al langs die strand tydens laagwater òf langs 'n sanderige pad vanaf Mbazwana. Mbazwana word bereik vanuit Natalse Provinsiale Pad R21 by Mkuze, en daarvandaan oor die Lobomboberge vanwaar die pad verneem moet word.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied, wat ongeveer vier-en-twintig myl lank is en tussen die see en die Mbazwanarivier geleë is, is tipies van die kusgebiede hierlangs. Die plat, grasbegroeide, sanderige vlaktes, wat vleiagtig en moerasagtig op plekke vertoon, verander in 'n reeks hoë (tot 500 voet hoog) digbegroeide duine onmiddellik langs die see. Die strand is gelyk en bedek met fyn sand en tydens laagwater word plat sandsteenlyste wat by die see instoot, ontbloot. Behalwe die sterk helder Sordwanastroom wat uit die klein meertjie Ngoboseleni, net verby die noordgrens van die gebied, 'n paar myl die binneland in, vloei en hier in die see uitmond, is daar geen ander bruikbare varswater in die onmiddellike omgewing nie. Die gebied is egter nog nie baie deeglik ondersoek met die oog op waterverkryging nie. Die warm, sonnige winter in die gebied word afgewissel met 'n baie warm, vogtige, reënerige somer.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hier is volop goedbeskutte staanplek vir duisende piekniekgangers of kampeerders. Gekoppelde aktiwiteite is hengel, swem en onderwateraktiwiteite, maar daar moet gewaak word teen haaie. Verder kan daar tydens laagwater lang motorritte op die strand onderneem word. Die geskikste besoektyd is vanaf Maart tot Augustus.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Tans word die gebied vir die bewaring van inheemse flora en fauna gebruik. Daar bestaan onsekerheid oor die toekomstige gebruik van hierdie gebied.

# QUDENI-BOSBOURESERVAAT






Waar die Qudeni-bosboureservaat se inheemse bos begin

## QUDENI-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING V NO. 50

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer vyftig myl noordwes van Eshowe geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied kan met konvensionele voertuie bereik word. Die res van die gebied moet òf te voet òf te perd besoek word.

**Roetebeskrywing:** Die pad na die reservaat draai, net by die padmotordienshalte (Lospadhalt) tussen Kranskop en Qudeni, uit Natalse Provinsiale Pad R29.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie redelike lang, smal, sigsaggevormde reservaat is bo-op en aan die suidoostelike hange van die berge geleë. Die gebied van bykans 2,700 morg is bo-op die berge met gras begroei, en word slegs hier en daar deur groot rotse en kolle inheemse bos onderbreek. Verder na onder en in die dieper klowe, is die gebied oortrek met groot inheemse bome. Al langs die kontoere van die area se berghange is 'n plat, redelik gelyk stuk grond, digbegroei met groot inheemse bome. Deur die gebied vloei daar verskeie klein helder stroompies. Hierdie dele, wat goed beskut is, verskaf uitstekende kampeer- of piekniekplek. In die verskeidenheid van inheemse bosse is daar baie wildsoorte te sien waaronder ape, bobbejane, bosbokke en rooiduikers die belangrikste is. Teen die steil kranse wat byna loodreg na benede stort, is daar op een plek 'n waterval van byna 300 voet. Die moontlikheid bestaan dat daar ook grotte in die gebied is. Op verskillende plekke kan mooi vergesigte oor die laerliggende dele van Zoeloeland verkry word. Gedurende die winter kan dit hier selfs sneeu maar gedurende die somer is dit warm en reënerig en soms mistig.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hierdie gebied met sy onbesoedelde water en afwesigheid van besmette insekte en diere, bied 'n verskeidenheid ontspanningsmoontlikhede. Etlike honderde piekniekgangers of kampeerders kan na wild kyk, wandel, perdry en ook die verskeidenheid inheemse bome en plante van hierdie gebied probeer identifiseer. Daar bestaan geskikte kampeerplek vir etlike honderde kampeereenhede. Indien geskikte plekke vir die opdamming van bergstrome gevind kan word, kan daar geleentheid vir swem geskep word. Die geskikste besoektyd is vanaf Maart tot Junie en vanaf Augustus tot Oktober

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word vir houtproduksie, die bewaring van die inheemse woud en al die wild daarin gebruik. Dit word ook beskerm as 'n belangrike deel van die opvanggebied van die Tugelarivier.

# NGOMI-BOSBOURESERVAAT



Die deinende heuwels van die Drakensberge oorkant die
bome van die Ngomi-bosboureservaat

## NGOMI-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING V NO. 51

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer vyf-en-veertig myl oos van Vryheid op die pad na Nongoma geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied tot by die bosboustasie is met konvensionele voertuie bereikbaar. Op sekere paaie in die gebied kan ook met gewone voertuie gereis word dog elders in die gebied moet van voertuie met vierwielaandrywing gebruik gemaak word.

**Roetebeskrywing:** 'n Goedgemerkte uitdraaipad, vanuit Natalse Provinsiale Pad R22 tussen Nongoma en Vryheid, lei na die gebied.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie groot reservaat van bykans agtduisend morg is bo-op die plat kruine van die Drakensberge aan die suidekant van die Pad R22 geleë en strek langs die oostelike berghange af tot in die valleie aan hulle voet. Die platterige kruine van die berge is met gras dig begroei, maar vanaf hulle rante waar die helling begin, begin plotseling die digte groen muur van die reënwoud wat die grootste deel van hierdie reservaat bedek en wat laer af na onder strek. Deur die gebied vloei verskeie helder bruikbare bergstrome, wat saam met hoë koeltebome op verskeie plekke geskikte piekniek- en kampeerplekke vorm. In die gebied is daar 'n klein waterval van ongeveer 100 vt. te sien asook hoë loodregte kranse, waar volgens oorlewering ou Zoeloe-opperhoofde mense tereggestel het. In die winter is dit koud en sonnig en dit kan selfs sneeu, terwyl dit in die somer reënerig, mistig en warm kan wees.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hierdie area en sy water is nie besmet met enige siektedraende insekte of diere nie en is veilig vir kampeer of piekniek en geskik vir wandel op 'n goed ontwikkelde voetpadstelsel wat ook vir perdry geskik is. Daar is ook geleentheid vir die identifisering van die inheemse plante van hierdie gebied. Daar is geskikte ruimte vir etlike honderde kampeer- of piekniekeenhede wat Mei tot September die geskikste tyd vir hulle verblyf sal vind.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Hierdie reservaat word tans gebruik vir houtproduksie, die bewaring van inheemse bos, wild en voëls asook vir 'n opvanggebied van die Insikwebesirivier wat later by die Swart-Umfolozirivier instroom.

# NORMANDIEN-BOSBOURESERVAAT



## NORMANDIEN-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING V NO. 52

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer dertig myl suidwes van Newcastle geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is tot nog toe onbereikbaar vir enige soort voertuig en kan alleenlik te perd of te voet binnegegaan word.

Roetebeskrywing: Daar kan tot naby die gebied gevorder word deur vanaf Newcastle die pad na Memel oor Mullerspas te neem en amper bo-op die pas suid te swaai na die plaas Moorefield , vanwaar die gebied gesien kan word.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied van bykans drieduisend morg, is net onderkant die plat grasbegroeide toppe van die Drakensberge geleë, en strek tot onder in die vlakte wat in 'n hoek van die Drakensberge lê. Die steil berghange is digbegroei met 'n woudkleed wat onder in die vlakte, langs die rivierlope, 'n meer tipiese Laeveldse ekologie toon. Die bome op die vlakte naby die rivier is groot en kan goeie beskutting aan piekniekgangers en kampeerders bied. In die gebied staan baie van die skaars Olifantsvoet (Dioscorea elephantipes). In die omgewing is daar ook baie bosbokke te sien, en verskeie watervalle kom voor. Die gebied het 'n droë, helder, sonnige winter wat koud is en 'n warm, sonnige somer wat nie baie reënerig is nie.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hierdie gebied met sy onbesoedelde water en onbesmette insekte en diere, bied goeie staanplek onder groot bome vir etlike honderde kampeer- of piekniekeenhede. Gekoppelde aktiwiteite is hengel na forelle in die sytakke en selfs die hoër loop van die Ncandurivier wat deur hierdie gebied loop. As voetpaaie in die gebied gemaak word, kan daar ook gestap en berggeklim word, of na wild en die watervalle gekyk word. Indien daar op geskikte plekke damwalle opgerig word, kan daar ook swemgeleenthede geskep word. Die geskikste besoektyd is vanaf Maart tot September.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.


**Huidige gebruik:** Die gebied word beskerm as 'n belangrike opvanggebied van die Ncandurivier asook vir die bewaring van die natuurlike bos met al die wilde lewe daarin.

# AFDELING VI

## REGERINGSGRONDE, IN NOORD- EN OOS-TRANSVAAL, WAT VIR OPELUGONTSPANNINGSOORDE GESKIK IS





Die Poort van die Blyderivier




Driehoeksmeting, 1964.

# MAKONJWA-BOSBOURESERVAAT



Die Shiyalongubodam in die Makonjwa-reservaat

## MAKONJWA-RESERVAAT
## AFDELING VI NO. 55

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer twaalf myl noordoos van Barberton geleë.

**Bereikbaarheid:** Die reservaat is maklik met goeie gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Vanaf Barberton word die pad na Havelockmyn (Provinsiale Pad No. 77) vir ongeveer ses myl gevolg tot waar 'n goedgemerkte pad na Shiyalongubodam na links uitdraai. Hierdie pad word gevolg tot by die dam en daarvandaan word die pad na Louw's Creek, wat deur die res van die reservaat loop, gevolg.


**Beskrywing van die gebied:** Die noordelike oewer van Shiyalongubodam strek tot oor die suidgrens van die Makonjwareservaat. Die dam is ongeveer 4,000 voet bokant seespieël en is tussen ronde, kaal grasbegroeide heuweltoppe geleë. Hier en daar om die dam is daar bome en ook 'n redelike groot kol skadubome. Die dam se water is sag en helder, en bevat redelik baie vis. Die pad verby die dam volg 'n stadig-dalende wentelgang tussen digterbegroeide dele van die berge, en baie digbegroeide klowe tot naby Louw's Creek vanwaar dit na die nuutgeteerde pad (Provinsiale Pad No.10) verby sitrus- en ander tropiese vrugteboorde gaan. Hoër op naby die dam het die gebied 'n baie koue, droeë winter, wat laer af naby Louw's Creek meer gematig word. Die somer is warm en reënerig.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Shiyalongubodam is vir kampeer of piekniek geskik. Ongeveer sewentig eenhede kan onder groot skadubome ontspan terwyl daar andersins plek vir nog honderde langs die oewers is. Daar is goeie hengelgeleentheid (swartbaars, kurper en bluegill). Swem word nie aanbeveel nie omdat die moontlikheid van bilharziabesmetting bestaan. 'n Genoeglike uur kan deurgebring word in die orige gedeelte van die reservaat en dan kan met die skouspelagtige, nuutgeteerde pad (Provinsiale Pad No.10) tussen Komatipoort en Barberton, na Barberton teruggekeer word. Die geskikste besoektyd is vanaf Augustus tot Oktober en vanaf Maart tot Mei.


**Huidige besitter:**
(1) Makonjwareservaat: Die Departement van Bosbou.
(2) Shiyalongubodam : Hierdie dam en 'n gedeelte van sy suidelike oewers behoort aan die Louw's Creek-waterbewaringsraad. Toegang tot die suidelike oewers kan deur hierdie raad beperk word, maar die ander oewers van die dam kan vryelik besoek word.

**Huidige gebruik:**
(1) Makonjwareservaat: Verhuur vir bebossing.
(2) Shiyalongubodam : Waterbewaring.

## NELSHOOGTE-QUEEN'S RIVER-BOSBOURESERVAAT




Driehoeksmeting 1965.



„Die Kneukels" in die Nelshoogte-bosboureservaat

## NELSHOOGTE-QUEENS RIVER-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING VI NO. 56

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer twintig myl wes van Barberton geleë.

**Bereikbaarheid:** Die reservaat is maklik met teer- en goeie gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Bo-op Jambilapas, tussen Badplaas en Barberton, dui 'n goedgemerkte teken die uitdraaipad na die reservaat vanuit Provinsiale Pad No. 11 aan.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied is bykans twaalfduisend morg groot. Dit strek van bo-op die platorand alhier, langs die hange af tot amper in die Laeveld. As gevolg hiervan wissel die topografie van die gebied van dié van 'n tipiese hoëveldse tot dié van 'n tipiese laeveldse streek. Die inheemse plantemat wissel ooreenstemmend op die plekke waar die gebied nie met dennebome beplant is nie. Omtrent in die middel van die gebied vloei die Queen's River deur 'n diep vallei tussen die twee plantasies, Nelshoogte en Queen's River, wat hier aan mekaar grens. Hierdie rivier is die belangrikste aantrekkingskrag vir voornemende kampeerders en piekniekgangers. 'n Kenmerkende eienskap van hierdie gebied is 'n vyftal rotsagtige, digbegroeide uitsteeksels van die platorand bekend as „Die Kneukels". Van sowel hierdie uitsteeksels as ander plekke op die platorand, word 'n pragtige uitsig oor die Laeveld of Barbertonse vlakte gekry, met Barberton self, sowat twintig myl weg, duidelik sigbaar.

Om „Die Kneukels", maar meer aan die westekant, is daar 'n natuurreservaat van omtrent 250 morg. Hierdie reservaat is oortrek met 'n groot verskeidenheid inheemse bome van hierdie streek, en besit 'n ryk verskeidenheid kleinwild waaronder vaal- en rooiribbokke, duikers, oorbietjies, bosbokke, klipspringers en rooiduikers of zoempies ressorteer.


Behalwe hierdie bokkies is daar talle soorte wilde voëls, en soos verwag kan word met so baie kleinwild, ook 'n redelike aantal klein roofdiere, soos byvoorbeeld tierboskatte. Die gebied het 'n reënerige, warm somer en 'n koue, droë winter.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Naby „Die Kneukels" is sowat sewe morg sonder beskutting in die nabyheid van twee damme, vir kampeer of piekniek geskik. In die Queen's River is daar verskeie swemgate. Met sy onbesoedelde water en die afwesigheid van ander besmetting, het hierdie gebied 'n drakrag van etlike honderde kampeer- of piekniekeenhede. Besoekers kan swem, wandel om kleinwild te sien en om die natuurskoon te bewonder. Kort motortoere kan deur die gebied onderneem word. Die geskikste besoektyd met die oog op kampeer is van Maart tot Mei, vir besigtiging van wild, vanaf Julie tot September, en vir veldblomme van Augustus tot die middel van Oktober.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word vir houtproduksie en as 'n bewaargebied van inheemse flora en fauna gebruik.

# BERLIN-BOSBOURÈSERVAAT



Bo-op 'n welwing van die Platorand is die Berlin-bosboureservaat geleë

## BERLIN-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING VI NO. 57

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer ses-en-twintig myl noordwes van Barberton en agtien myl suidwes van Nelspruit geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik vanuit verskillende rigtings bereikbaar met goeie gruispaaie.

**Roetebeskrywing:** Uit die pad tussen Waterval-Boven en Nelspruit ( Provinsiale Pad No.82) ongeveer sewe-en-twintig myl oos van Waterval-Boven draai 'n goedgemerkte pad na die reservaat. Die reservaat is ook vanaf Nelspruit en Barberton oor Kaapsche Hoop bereikbaar.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie reservaat, wat tienduisend morg groot is, is bo-op 'n reeks ronde heuwels, onmiddellik bokant die loodregte rooi kranse van die platorand, geleë. Verskeie stroompies ontstaan in, en loop deur hierdie reservaat. Een van hulle het ongeveer in die middel van die gebied sy pad tussen 'n klompie komme, wat op 'n redelike sagte sandsteenformasie geleë is, deurgevreet sodat 'n paar groot grotte of tonnels daartussen ontstaan het. In sommige van hierdie komme staan daar Outeniqua Geelhout- (Podocarpus spesies), Sintkhout- (Ocotea viridis) en ook ander pragtige inheemse bome. Een van die stroompies vorm 'n waterval naby die pad na Elandshoek. In verskillende trappe toon hierdie waterval 'n val van amper 'n duisend voet. Daar is 'n netwerk van paaie in die reservaat waarvan die belangrikste die een is wat vir amper twaalf myl die welwing van die platorande naby sy afgronde volg. Hiervandaan kry die reisiger 'n verruklike uitsig oor die Laeveld. Die gebied het 'n baie koue, droë winter met 'n nat, mistige en warm somer.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hoewel hier baie plek met vars bruikbare water in die nabyheid, vir kampeer of piekniek is, is daar geen swemplekke of vis in die stroompies nie. Al gekoppelde aktiwiteite hier is wandel, veral langs die pad naby die platorand se afgronde, of motorritte en die besigtiging van wild onder andere klipspringers, vaalribbokke, duikers, bosbokke, rooiduikers, bobbejane en ape. In die warm klowe aan die noorde en westekant van die gebied, moet daar teen slange, onder andere mambas, en luislange, gewaak word. Die geskikste besoektyd om wild te sien, is nadat die gras afgebrand is, naamlik Mei, Junie en Julie. Enige mooi dag is geskik om die pragtige natuurtonele te aanskou.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.


**Huidige gebruik:** Die gebied word gebruik vir houtproduksie en dit dien as opvanggebied vir sekere strome wat byna almal in die Elandsrivier inloop. Die gebied word ook gebruik vir die beskerming van inheemse flora en fauna.



Een van die talle watervalle in hierdie aanskoulike bosboureservaat



## MAKOBULAAN- EN UITSOEK-BOSBOURESERVATE



## MAKOBULAAN- EN UITSOEK-BOSBOURESERVATE
## AFDELING VI NO. 58

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer vyftien myl suid van Lydenburg geleë.

**Bereikbaarheid:** Die reservaat is maklik met gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Die gebied kan bereik word vanaf Lydenburg. Die Houtboslooppad na Weltevreden word gevolg tot waar die uitdraaipad na Uitsoek aangedui word.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied is net onderkant die platorand, op ronde heuwels wat ook regaf kranse het, geleë. Hoewel nie heeltemal in die Laeveld geleë nie, besit die gebied tog die gematigde, rypvrye klimaat van die Laeveld. Verskeie riviere en strome wat in die hoër dele van die platorand ontspring, vloei deur hierdie gebied, en waar hulle oor die regaf kranse stort, vorm hulle verskeie mooi watervalle wat deur digbebosde klowe verder loop. Die grasbegroeide rondings van die heuwels is dig beplant met jong denneboompies. Die loop van die riviere en strome onder in die valleie, hoewel hier en daar ruig, is matig bebos met redelike groot oop ruimtes op sommige plekke. Daar is heelwat wild in die gebied. Kleiner roofdiere word aangetref en nou en dan 'n luiperd. Die gebied het 'n warm, reënerige somer en 'n droë nie alte koue, sonnige winterklimaat.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Omtrent sewentien morg grond naby mooi watervalle geleë, is geskik vir kampeer of piekniekoorde. Tien morg is naby Die Luislangwaterval in die Makobulaannatuurreservaat geleë, waar daar behalwe ander beskermende inheemse bome, ook die Kafferbroodboom (Encephalartos Jumilis) te sien is. In die Houtboslooprivier is daar twee watervalle met 'n kampeerarea van vyf morg naby die laergeleë val. In sowel hierdie rivier as die Blystaanspruit is daar forelle waarna gehengel kan word. Nog twee morg is onderkant die Wonderkloofwaterval geleë. Gekoppel met kampeer, piekniek of hengel, is daar gulde geleentheid vir wandel, swem, besigtiging van verskeie watervalle, en die baie wild wat hier aangetref word. In die kreupelhoutbos (verkromde inheemse bome en struike) moet daar opgepas word vir slange, veral mambas, luislange en kobras asook vir die kleiner roofdiere en enkele luiperds wat moontlik teegekom kan word. Die gebied het 'n drakrag van etlike honderde kampeer- of piekniekeenhede. Die geskikste besoektyd is vanaf Maart tot September.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word gebruik vir houtproduksie, dien as opvanggebied van verskeie strome wat die Houtboslooprivier voed, en as 'n bewaringsgebied van inheemse flora en fauna.

# GRASKOP-BOSBOURESERVAAT




Driehoeksmeting 1965.

## GRASKOP MAC-MAC-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING VI NO. 59

**Ligging:** Hierdie reservaat is tussen Sabie en Graskop, omtrent ses myl suid van Graskop, geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met 'n goeie gruispad bereikbaar.


**Roetebeskrywing:** Die gebied word bereik met Provinsiale Pad No. 9 tussen Sabie en Graskop, wat deur die reservaat loop.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied van vyfduisend seshonderd morg is op die digbeplante heuwels bo-op die platorand tussen Sabie en Graskop geleë. Deur die gebied loop die Mac-Mac-rivier, wat 'n klein waterval, die Klein Mac-Mac-val, vorm. Later stort dit, as die hoë skouspelagtige Mac-Mac-valle, oor die platorand en vloei verder deur die Laeveld. 'n Kleiner stroom wat ooswaarts deur die reservaat vloei, vorm op 'n kaal vlakte nie ver van die Mac-Mac-valle nie, twee pragtige swempoele wat as die Mac-Mac-poele bekend is. Die gebied se winter is droog en sonnig terwyl sy somer warm en reënerig is.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** By die Klein Mac-Mac-valle en die Mac-Mac-poele is saam sowat dertig morg grond vir kampeer of piekniek geskik. By die Mac-Mac-poele is die grootste gedeelte van 'n verdere 25 morg nie beskut nie. Gekoppelde aktiwiteite is swem en hengel vir forelle in die Mac-Mac-rivier, swem by die Mac-Mac-poele en wandel om die Mac-Mac-valle te bewonder asook om die mooi uitsig oor die Laeveld van die rand van die platorand af te geniet. Kleinwild, onder andere duikers, bosbokke, wildevarke en bobbejane is ook op hierdie wandelinge te sien. Die gebied het 'n drakrag van etlike honderde eenhede en die geskikste besoektyd is van Maart tot Augustus.


**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word tans vir houtproduksie en ook as 'n bewaargebied van inheemse flora en fauna gebruik. Beide die Mac-Mac-valle en die Mac-Mac-poele is al ontgin as toeriste-aantreklikhede.



'n Blik vanaf „God's Window"

## MARITI- EN BLYDE-BOSBOURESERVAAT




Driehoeksmeting 1965.

## BLYDE-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING VI NO. 60

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer vyf myl noord van Graskop geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met goeie gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Graskop word vanaf Sabie met Provinsiale Pad No.9 bereik. Op Graskop moet die pad na Blyde-bosboureservaat verneem word.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie pragtige reservaat wat negeduisend morg beslaan, is bo-op 'n reeks golwende heuwels wat aan hulle oostekant deur die regaf kranse van die platorand begrens word, geleë. Verskeie riviere vloei deur hierdie gebiedweg van die platorand af. Later stort hulle oor verskeie hoë kranse en vorm tenminste twee hoë watervalle. In die loop van een van die Blyderivier se sytakke, waar hy amper in die middel van die reservaat sy pad deur groot plate kwartsiete van die Swartrifserie gebaan het, word verskeie pragtige swemgate tussen die digbeplante bos gevorm. Naby die platorand is daar 'n sagte sandsteenformasie wat in allerhande snaakse vorms verweer en mooi natuurlike rotstuine vorm. 'n Gleuf in die platorand staan bekend as „God's Window". Uit hierdie digbegroeide omgewing kan 'n verruklike vergesig oor die vlakte van die Laeveld verkry word. Die gebied het die warm, nat, mistige somer van die Hoëveld en 'n koue, droë winter met swaar ryp.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** By die mooi swempoele is daar ongeveer twee-en-twintig morg geskikte kampeerarea. By die poel bekend as „die dam", is daar meer as vyftien morg geskik met beskutting effens weg van die water af, en by „die poele" is omtrent sewe morg met goeie beskutting geskik. Aktiwiteite gekoppel met kampeer, is hengel na forelle in die Blyderivier, gemaklike stap of rondry in goeie bosboupaaie, die besigtiging van die skouspelagtige omgewing veral die vergesigte vanaf „God's Window", en ook die besigtiging van verskeie soorte kleinwild. Die gebied het 'n drakrag van bykans 'n duisend eenhede en die geskikste besoektyd is van Maart tot Augustus.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word tans gebruik vir houtproduksie, en as 'n beskermingsgebied vir inheemse flora en fauna. „God's Window" en die Lissabon- en Berlinwaterval is alreeds as toeriste-aantreklikhede ontgin.

# MARITI- EN BLYDE-BOSBOURESERVAAT






Die kontoere van die Platorand bokant die beplante gedeeltes van die Mariti-bosboureservaat

## MARITI-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING VI NO. 61

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer ses myl noordoos van Graskop, onmiddellik onderkant die platorand, geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met goeie gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Vanaf Graskop word die gebied met Provinsiale Pad No.57 wat na Bosbokrand lei, bereik. Net anderkant die skouspelagtige Koewynspas draai 'n goedaangeduide pad wat die gebied binnegaan, weg.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied van seweduisend morg is op die digbegroeide voorheuwels van die platorand net onderkant Blyde-bosboureservaat geleë. „God's Window" lê bokant hierdie reservaat. Talle klein stroompies stroom uit die hoogliggende dele van die platorand deur hierdie gebied. Nader aan die platorand is die klowe en hange digbegroei met inheemse bos, met kaal gelyk kolle hier en daar langs stroompies. Die gebied het 'n warm, sonnige winter en 'n warm, nat somer.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hoewel daar kampeergeleenthede op sekere plekke in die gebied is, is daar, as gevolg van gebrek aan vis en die teenwoordigheid van bilharzia in die water, geen moontlikheid vir hengel of swem nie. Alleen wandel en die klim van steil voetpaadjies wat die platorand bereik, kan met kampeer of piekniek gekoppel word. Op hierdie wandelinge kan verskillende soorte kleinwild, onder andere die langstertbosaap, gesien word. Die heldergekleurde loerie word ook hier aangetref. Die area het 'n drakrag van 'n honderdtal eenhede en die geskikste tyd vir besoeke is van Maart tot Augustus.


**Huidige gebruik:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige besitter:** Die gebied word vir houtproduksie en die bewaring van inheemse flora en fauna gebruik.

# WELGEVONDEN-BOSBOURESERVAAT




Driehoeksmeting 1965



Aangeplante en inheemse bosse hoog teen die terrasse van die Platorand in die Welgevonden-reservaat

## WELGEVONDEN-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING VI No. 62

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer agtien myl noordoos van Graskop, onderkant die platorand, geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met goeie gruispaaie bereikbaar.


**Roetebeskrywing:** Hoewel hierdie reservaat omtrent agtien myl direk noordoos van Graskop geleë is, is dit amper veertig myl met die pad. Dit kan vanaf Provinsiale Pad P17, tussen Bosbokrand en Klaserie, bereik word deur 'n goedaangeduide pad wat ongeveer tien myl noord van Bosbokrand na die reservaat uitdraai, te volg.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied is ongeveer tienduisend morg groot en is onderkant die skouspelagtige rooi kranse van die platorand geleë. Dit beslaan talle steil voetheuwels, wat met denne- en bloekombome dig beplant is, en diep klowe en hange van die platorand wat dig begroei is met die reënwoud van hierdie streek. Deur die gebied stroom drie klein riviere, en talle kleiner bergstrome wat met allerhande riete, struike, en groot grassoorte begroei is. Verskeie bosboupaaie deurkruis die gebied wat 'n warm, sonnige winter en 'n warm, reënerige somer het.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hierdie gebied se aantrekkingskrag lê in sy mooi natuurskoon, en die heerlike Laeveldse klimaat gedurende die winter, wat ook die geskikste besoektyd is. Langs die Muthlumuvirivier en die Sandrivier is daar ongeveer drie morg geskikte kampeerterrein. In die Madiba-Bakonerivier is daar drie baie mooi kleinerige, maar onbesmette swemgate wat ongeveer drie myl van die naaste kampplek geleë is. As gevolg van die ruigte van die rivieroewers en die lope, is hengel uitgeskakel. Wandel op die goeie bosboupaaie, en die besigtiging van kleinwild en die pragtige natuurskoon is geskikte aktiwiteite om met kampeer of piekniek gekoppel te word.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Hierdie gebied word hoofsaaklik vir houtproduksie maar ook vir die bewaring van inheemse flora en fauna gebruik.






Vergesig oor die Salique-bosboureservaat vanaf Mariepskop gesien

## SALIQUE-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING VI NO. 63

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer drie-en-twintig myl noord van Graskop geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met goeie gruispaaie bereikbaar.


**Roetebeskrywing:** Hierdie gebied word maklik vanaf Provinsiale Pad No. 17 tussen Bosbokrand en Klaserie bereik met goedgemerkte paaie wat onderskeidelik minder as 'n half myl en ongeveer vyf myl suid van Klaserie na die weste uitdraai.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie reservaat van drieduisend morg is net onderkant die platorand op 'n reeks spits heuwels geleë. Die Klaserierivier, 'n breë vlak stroom, en die Jordaanrivier, 'n kleiner stroom, asook verskeie bergstrome, deurkruis die gebied. Die gebied beslaan hoofsaaklik die digbeplante voorheuwels van die platorand. Daar is baie min gelyk grond. Die klowe van die gebied is dig begroei met inheemse bos wat in die warm, sonnige winters en nat, warm somers mooi groei.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Ongeveer drie morg beskutte grond met 'n drakrag van 'n vyftigtal eenhede en geskik vir kampeer of piekniek, is beskikbaar waar 'n dwarswal (wat later vergroot gaan word) oor die Klaserierivier gegooi is. Aktiwiteite wat met kampeer of piekniek gekoppel kan word, is visvang laer in die rivier af (in Bantoegebied) of wandel en rondry op die skilderagtige bosboupaaie, wat taamlik hoog op teen die platorand opgaan, en waarvandaan mooi uitsigte oor die Laeveld verkry word. Swem is as gevolg van die moontlikheid van bilharzia heeltemal uitgesluit. Die geskikste besoektyd is vanaf Mei tot Augustus.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word hoofsaaklik vir houtproduksie gebruik en is ook 'n bewaringsgebied van inheemse flora en fauna.



Die hange van Mariepskop troon bo die Laeveld uit

## MARIEPSKOP-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING VI    No. 64

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer vyf-en-twintig myl noord van Graskop geleë.

**Bereikbaarheid:** Die reservaat is maklik met goeie gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Die gebied word met 'n goedaangeduide pad wat uit Provinsiale Pad No.17, tussen Bosbokrand en Klaserie, ongeveer 'n half myl suid van Klaserie uitdraai, bereik.


**Beskrywing van die gebied:** Die plat oppervlaktes van etlike van die hoogste punte van die platorand alhier, naamlik Mariepskop (6382 vt.) Magalieskop (5500 vt.) en Hebronberg (5000 + vt.), word ingesluit deur die grense van hierdie reservaat van vyfduisend morg. Aan hulle oostekante val die hange van hierdie berge byna loodreg af na die Laeveld vir etlike duisende voet. Na die weste, en tussen hierdie berge, lê asemberowende afgronde in die vorm van smal klowe en valleie waardeur die strome wat dit so uitgekerf het, vloei. Die hange en klowe van hierdie berge is met die tipiese plantegroei van 'n sogenaamde reënwoud bedek, maar op die laagste dele toon dit 'n tipiese Laeveldse karakter. Van al die skouspelagtige uitsigte oor die Laeveld, van die platorand af, is die een vanaf Mariepskop die verruklikste. Selfs 'n blik weswaarts oor die diep gleuf van die Blyderivier se poort na die binneland oor die plat, Transvaalse Hoëveld, bied 'n asemberowende vergesig. Hoewel dit op party plekke in die reservaat mag ryp, is die klimaat oorwegend een waarin 'n warm, sonnige winter deur 'n warm, reënerige, mistige somer gevolg word.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hier is ongeveer sewe morg beskutte grond, naby vars helder water, beskikbaar vir piekniek of kampeer. Dit het 'n drakrag van etlike honderde eenhede. Gekoppelde aktiwiteite bo-op die platorand is swem in 'n dam in die Klaserierivier en ook in die helder onbesoedelde water van verskeie ander strome wat maklik opgedam kan word. In die bestaande dam is daar ook forelle. Daar is wonderlike geleenthede vir stap, met pragtige uitsigte oor die natuurskoon. Daar kan ook na forelle gehengel word. Ver na onder, naby die Blyderivier, is daar aantreklike geleenthede vir swem en die hengel van geelvis, baber en paling in die helder water. Kampeer of piekniekplek vir etlike honderde mense is hier onder groot bome beskikbaar. Verdere moontlike ontspanningsaktiwiteite is stap en bergklim op bestaande paaie en voetpaaie. Daar is byvoorbeeld 'n voetpad van die rivier af tot bo-op Mariepskop. In hierdie laer geleë deel van die reservaat moet gewaak word teen slange. Die geskikste besoektyd is van Mei tot Augustus.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word gebruik vir houtproduksie, dit is ook 'n belangrike opvanggebied van die Klaserierivier, en word beskerm as 'n bewaargebied van inheemse flora en fauna.

# BLYDERIVIERPOORT



Die Blyderivier op die pad na die Laeveld

# BLYDERIVIERPOORT
## AFDELING VI NO. 65

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer agt-en-twintig myl noord van Graskop geleë. Per pad is dit ongeveer veertig myl ver.

**Bereikbaarheid:** 'n Skouspelagtige deel van die gebied is met redelike steil gruispaaie bereikbaar. Hierdie paaie is vir motorvoertuie maklik begaanbaar.

**Roetebeskrywing:** Die gebied word vanaf Mariepskop-bosboustasie bereik. 'n Goedaangeduide pad uit Provinsiale Pad No.17 tussen Bosbokrand en Klaserie lei na die bosboustasie.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied is net agter Mariepskop (6382 vt.) met sy loodregte hange van amper 4000 vt., waar die Blyderivier sy pad deur die klipformasie gevreet het, geleë. Die rivier vloei tussen steil, hoë, digbegroeide koppies en berge deur totdat dit tussen die byna loodregte hange van Mariepskop en die noordelike aangrensende berge op die Laeveld uitloop. Hierdie helder stroom vloei later in die gebied, saam met die Ohrigstadrivier in wat net so helder is, en hierdie groter stroom vloei dan verder tussen die digbegroeide koppies en berghange deur. Die plantemat se blare toon alle skakerings tussen geel en rooi gedurende die kouer maande.

Hoog bokant die digbegroeide hange van die berge vertoon die loodregte kranse, naby hulle kruine, rooi en geel met die groen skynsel van mos en ander groeisels wat as gevolg van die misweer goed aard. Langs die rivier is groot inheemse bome en groot gelyke oop ruimtes. Baie van die Mungerhoutbome hier, het 'n stamdeursneë van meer as 4 voet en van die groot Essenhoutbome troon amper 'n honderd voet die lug in. Die gebied het 'n droë, warm, sonnige winter met 'n reënerige, warm, mistige somer.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Die Blyde- en Ohrigstadrivier is hier nie met bilharzia besmet nie, en is vol geelvis en kurper. Groot poele helder water, rietbegroei aan hulle kante, word orals aangetref. Aan weerskante en verder weg van die rivier is gelyke areas met groot bome, wat uitstekende kampeergebied vorm. In die water word geen krokodille maar op een plek wel seekoeie aangetref. Aktiwiteite wat met kampeer of piekniek gekoppel kan word, is swem, hengel, bergklim en met kano's vaar. Die gebied het 'n drakrag van 'n duisend of meer eenhede. Verskeie helder bergstrome verskaf drinkwater en 'n groot verskeidenheid inheemse bome en struike van besondere grootte, kan waargeneem word. Die geskikste besoektyd is vanaf Mei tot Augustus.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, maar die gebied sal binnekort oorgedra word aan die Transvaalse Provinsiale Administrasie.

**Huidige gebruik:** Skynbaar is die toekomstige gebruik van die gebied nie baie duidelik vasgestel nie. Die gebied is egter opgemeet met die oog op die aanbring van 'n waterbewaringskema onder die Departement van Waterwese.

# F.C. ERASMUS-NATUURRESERVAAT




Driehoeksmeting 1965.

## F.C. ERASMUS-NATUURRESERVAAT
## AFDELING VI NO. 66

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer vyf myl suidoos van Bosbokrand, geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met goeie gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Die gebied word met 'n goedgemerkte pad, wat uit Provinsiale Pad No.17 tussen Bosbokrand en Witrivier ongeveer sewe myl suid van Bosbokrand uitdraai, bereik.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie reservaat van 8,000 morg is in die Laeveld geleë en omsluit 'n paar van die klein rantjies in die omgewing van Bosbokrand. Daar vloei 'n hele paar naamlose takke van die Sabierivier deur die gebied. Hierdie gebied is oortrek met hardehoutbome en struike van die Laeveld. Op plekke waar dit nie baie ruig bebos is nie, word 'n goeie voorbeeld van 'n savanne gekry. Die besonder groot kiaatbome in hierdie reservaat is opvallend. Opvallend is die warm en sonnige klimaat wat hier gedurende die winter heers. Die somerklimaat is reënerig en warm.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Drie van die strome hier is opgedam. In die damme is heelwat swartbaars en waarskynlik „Bluegill" waarop eersgenoemde lewe, en daar kan dus gehengel word. Naby ander varswaterstroompies in die nabyheid van twee van hierdie damme, is daar pragtige kampeerplek onder groot skaduryke bome. Origens dra die gebied 'n plantemat wat verteenwoordigend van die Laeveldse flora is. Groot, gelyk, oop ruimtes tussenin, is geskik vir spele. Hierdie gebied het 'n drakrag van etlike honderde eenhede elk. Hier is ook heelwat wild, onder andere koedoes, duikers, ribbokke en klipbokke (klipspringers), te sien. In een van die damme is daar 'n seekoei terwyl daar ook heelwat ape as ook kleiner roofdiere in die omgewing is. Swem is buite die kwessie as gevolg van bilharzia, en gevalle van malaria kom ook voor. Die geskikste besoektyd is van Mei tot Augustus. Hoewel hulle in die winter maar skaars is, moet op baie warm dae gedurende hierdie maande tog vir slange opgepas word.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word gebruik as 'n natuurreservaat.

## ZWARTFONTEIN-BOSBOURESERVAAT



'n Deel van die Klipkopjedam in die
Zwartfontein-bosboureservaat

## ZWARTFONTEIN-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING VI NO. 67

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer vyftien myl suidoos van Sabie en omtrent tien myl noordwes van Witrivier geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met goeie gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Ongeveer twaalf myl oos van Sabie op Provinsiale Pad No. 33 wat na Bosbokrand lei, draai 'n pad na Witrivier wat deur die reservaat loop, uit.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied is op 'n reeks golwende heuwels onderkant die platorand geleë. Dit is hoofsaaklik met bloekombome beplant. Blinkwaterspruit wat later die Witrivier word, asook verskeie ander strome wat nie name het nie, vloei deur die gebied. In die beplante deel, naby die grens van die reservaat, is hierdie rivier opgedam en vorm 'n binnelandse meer, die Klipkopjedam omring met bloekombeplante heuwels wat afsteek teen die agtergrond van die platorand wat verder weg sigbaar is. Die winter is sonnig en matig en die somer nat en warm.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Om die dam, tussen redelike groot bome, is daar beskutte ruimte wat meer as 'n honderd morg beslaan. Hierdie terrein kan meer as 'n duisend kampeer- of piekniekeenhede dra. Daar is uitstekende geleentheid vir die hengel van geelvis, swartbaars, kurper en baber. Aangename wandelings met bestaande bosboupaaie kan in hierdie mooi omgewing onderneem word. Swem as gevolg van die moontlike aanwesigheid van bilharzia - tensy anders bewys word - word nie aanbeveel nie. Daar is geleentheid vir alle vorms van bootsport. Hierdie gebied kan feitlik deur die hele jaar besoek word, hoewel die somerreënval van 36 - 40 duim (900-1000 mm.) aktiwiteite hier mag beperk.


**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou. Die Klipkopjedam is in privaat besit.

**Huidige gebruik:** Die gebied word gebruik vir waterbewaring en houtproduksie, en dien as 'n beskermingsgebied van inheemse flora en fauna.

# FRANKFORT- EN RIETFONTEIN-BOSBOURESERVATE




Driehoeksmeting 1965.



Poele in die Sabierivier in die Frankfort-reservaat

## FRANKFORT-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING VI NO. 68

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer twintig myl suid van Graskop, en ongeveer tien myl noordoos van Sabie geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met goeie gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Provinsiale Pad No. 9, tussen Sabie en Graskop, word gevolg. Uit hierdie pad word die pad wat Klipkraal aandui, gevolg om die reservaat te bereik. Die gebied kan ook bereik word vanaf die pad tussen Sabie en Sabie River Bungalows.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied is op die digbegroeide voorheuwels van die platorand en die lae dele daartussen geleë. Om die klowe en langs die walle van die Sabierivier, wat deur die gebied stroom, is daar ruie inheemse bos. Die rivier stroom oor groot vlakke gladgespoelde klipplate, en vorm op plekke groot poele water. Hier en daar word groterige gelyk, oop ruimtes langs die rivier aangetref. Die gebied het 'n warm, sonnige winter en 'n nat en warm somer.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Die gebied beskik oor kampeerterreine naby die rivier. Aktiwiteite wat hiermee gekoppel kan word, is hengel in die Sabierivier, en wandelings om die wild en natuurskoon te besigtig. Die Sabierivier is besmet met bilharzia en die moontlikheid om bosluiskoors in hierdie omgewing op te doen, bestaan ook. Die Sabierivier mag ook deur mynwater besoedel wees. Die gebied het 'n drakrag van etlike honderde piekniek- of kampeereenhede, en die geskikste besoektyd is gedurende die koue maande. Gedurende die warm maande is daar baie mambas in hierdie streek.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Hierdie gebied word vir houtproduksie gebruik, en is 'n beskermingsgebied van inheemse flora en fauna.

# FRANKFORT- EN RIETFONTEIN-BOSBOURESERVATE



## RIETFONTEIN-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING VI NO. 69

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer vyf myl oos van Sabie geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is met steil gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Die reservaat is aan weerskante van die Provinsiale Pad tussen Sabie en Sabie River Bungalows geleë en word duidelik aangedui.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie area is op 'n reeks steil heuwels net onderkant die platorand geleë. Die Sabierivier vloei deur hierdie gebied, maar daar is baie min gelyk grond langs die Sabie sowel as langs die Malieveldrivier en Cooper's Creek wat ook deur die gebied vloei. Die grasbegroeide heuwels, met ruigbegroeide klowe word tans met dennebome beplant. Die winters in die gebied is sonnig en taamlik koud terwyl die somers nat en warm is.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Langs 'n naamlose bergstroom, waarin daar forelle is, en wat maklik opgedam kan word om 'n goeie swemplek te vorm, is daar onder groot bome meer as vier morg beskutte grond wat vir kampeer of piekniek geskik is. Hierdie gebied met 'n drakrag van meer as honderd eenhede, bied gekoppelde aktiwiteite naamlik hengel en wandel, asook swem op plekke in die Sabierivier wat hier nog nie met bilharzia besmet is nie. Verskillende soorte wild waaronder bosvarke, bobbejane, ape, ribbokke, duikers, rooiduikers (zoempies) en klein roofdiere, kan ook by tye gesien word. Die geskikste besoektye is in die lente en somermaande op mooi dae wanneer dit nie reent nie.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word tans vir houtproduksie asook vir die beskerming van inheemse flora en fauna gebruik.

## BROOKLANDS–BOSBOURESERVAAT




Driehoeksmeting 1965.

## BROOKLANDS-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING VI    NO. 70

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer vyftien myl suid van Sabie geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met goeie gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Die gebied word bereik met 'n goedgemerkte pad wat uit Provinsiale Pad No. 9 wat Sabie en Nelspruit verbind, uitdraai, naby Rosehaughstasie.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied is op 'n reeks heuwels bo-op die hoëveld van die platorand geleë. Die Brooklandsrivier, en verskeie naamlose strome vloei deur hierdie digbeplante gebied. Die karakteristieke dolomietformasie van die berge in hierdie omgewing is vir mooi gevormde rotse in party koppies en vir vorming van grotte in hierdie reservaat verantwoordelik. Die gebied het 'n koue, droë, sonnige winter en 'n warm, reënerige somer.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Op drie plekke, met 'n gesamentlike oppervlakte van vyf tot ses morg, is daar beskutte ruimte, geskik vir kampeer- of piekniek. Hoewel daar vars bruikbare water beskikbaar is, is swem of hengel vanweë die stroom se kleinheid, nie moontlik nie. Gekoppelde aktiwiteite hier is wandel en die besigtiging van 'n merkwaardige dolomietkoppie, pragtig met groot aalwyne en ander inheemse struike begroei. Naby die bo-punt van die koppie is daar 'n grot wat met stalagmiete en stalagtiete oortrek is, en wat moontlik toegang tot 'n hele sisteem onderaardse vertrekke kan bied. Elders is daar 'n grot wat ongeveer vyfhonderd mense kan huisves. Die gebied kan op mooi dae dwarsdeur die jaar besoek word.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Tans word die gebied vir houtproduksie en as 'n beskermende gebied vir die bewaring van inheemse flora en fauna gebruik.

# ENTABENI-BOSBOURESERVAAT




Driehoeksmeting 1965



Entabeni-bosboureservaat

# ENTABENI-BOSBOURESERVAAT
# AFDELING VI NO. 71

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer dertig myl oos van Louis Trichardt geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is met goeie gruispaaie vir alle tipes voertuie maklik bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Die gebied word vanaf Provinsiale Pad No.98, tussen Louis Trichardt na Punda Milia, met 'n goed aangeduide uitdraaipad na Entabeni, bereik.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie reservaat is op die kruine van die Soutpansberg, twintig myl oos van Louis Trichardt, geleë. Die hoër dele is digbegroei met aangeplante bome, en die klowe met inheemse reënwoudplantegroei. Die hange van die berge is minder dig begroei met inheemse bos. Die Muchindudzirivier, asook 'n ander naamlose stroom vloei deur die gebied. Laasgenoemde stroom is opgedam en vorm 'n redelike groot dam, bekend as die Ebbedam. Die gebied het 'n sonnige, rypvrye winter en 'n warm, reënerige somer.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Ongeveer twee morg goed beskutte grond naby die Ebbedam is geskik vir kampeer of piekniek en het 'n drakrag van tussen vyftig en honderd eenhede. In die dam is daar geleentheid vir hengel maar nie vir swem nie aangesien dit die drinkwater vir die bosboustasie en nabygeleë saagmeul verskaf. Verder is daar volop geleentheid vir stap en wandel in 'n skouspelagtige omgewing met 'n heerlike klimaat. Vanaf Entabeni kan na „Vera's Tears," 'n mooi klein watervalletjie, uitgery word, of nadat 'n mens eers die nodige toestemming gekry het, deur die aangrensende Tate Vondo (Naturelle Trust) reservaat wat toegang tot die Fundudzimeer bied. Hierdie meer is die heilige meer van die Vendas. In Entabeni vanaf Mativakop word 'n pragtige uitsig oor die Laeveld alhier verkry. Lamondokop, waarop bobbejane vir die Vendas heilig is, kan ook vanaf hierdie kop gesien word. Daar is twee kleinerige natuurreservate waar wild waaronder die kuifkoptarentaal en besondere plante gesien kan word. Hierdie gebied kan enige mooi dag dwarsdeur die jaar besoek word.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word hoofsaaklik vir houtproduksie, vir die bewaring van twee natuurreservate, en die beskerming van inheemse flora en fauna elders op die reservaat gebruik.

# HANGLIP-BOSBOURESERVAAT



Vergesig oor die Laeveld vanaf die Soutpansberge in die Hanglip-bosboureservaat

## HANGLIP-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING VI NO. 72

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer vyf myl noordwes van Louis Trichardt geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met goeie gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** 'n Pad, gemerk Forest Road, loop uit Louis Trichardt na die reservaat. Daar moet na hierdie pad verneem word.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie reservaat strek van bo-op die kruine tot verby die voet van die Soutpansberge by die Hanglip-area, naby Louis Trichardt. Vanuit die suidelike hange van hierdie gebied vloei 'n paar klein naamlose strome. In hul omgewing en in die klowe groei reuse inheemse bome waarvan die wilde kastaiings miskien die treffendste sou gewees het as daar nie selfs groter stinkhoutbome (O. viridens) te sien was nie. Bo-op die plat bergkruin verander die plantegroei egter en tussen die verweerde sandsteen groei daar duisende vlammende rooi aalwyne asook ander inheemse bome en struike wat nie so groot is soos die wat op die berghange aangetref word nie. Hier kan die begraafplaas van die afgestorwe Venda-opperhoofde gesien word, en ook die stelling wat deur Genl. Piet Joubert gebruik is teen die Vendas in 1894. Sommige skietgate het pragtig behoue gebly. Die gebied het die warm, droë, sonnige winterklimaat wat in Noord-Transvaal aangetref word, en 'n baie warm, reënerige somerklimaat.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Met 'n geringe kans om bosluiskoors op te doen, bied hierdie gebied op verskeie plekke naby helder bruikbare water, uitstekende geleentheid vir piekniek of kampeer. Hierdie gelyke dele word goed deur groot koeltebome beskut. Die takke van sommige van hierdie bome kom ongeveer veertig voet bokant die grond bymekaar en skep die indruk van 'n hoë koel dak. Hierdie terreine het 'n drakrag van ongeveer vyftig eenhede. Bo-op die berg is daar groot gelyke ruimtes tussen die sandsteenkoppies en inheemse bome, wat uitstekende kampplek en plek vir spele vir nog honderde eenhede bied.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Hierdie gebied word gebruik vir houtproduksie, is 'n geregistreerde kwekery en dien as 'n belangrike wateropvanggebied en as 'n bewaargebied van inheemse flora en fauna.

# DE HOEK-BOSBOURESERVAAT



Die Debegeni-waterval in die De Hoek-bosboureservaat

# DE HOEK-BOSBOURESERVAAT
## AFDELING VI NO. 73

**Ligging:** Hierdie reservaat is ongeveer vyftien myl wes van Tzaneen geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met goeie gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Die area word met 'n goedaangeduide bosboupad wat uit Provinsiale Pad P17, tussen Pietersburg en Tzaneen, draai, bereik.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie reservaat is op die voetheuwels van die Drakensberge, aan die noordekant van die bekende Magoebaskloof geleë. Behalwe groot vlakke natuurbos in die klowe om die strome en op dele van die berghange, is die res van die gebied met aangeplante bos oortrek. Deur die gebied stroom omtrent twaalf naamlose strome wat almal later in die helder Dokolewarivier stort. Hierdie rivier het sy loop tot op die harde graniet onderlaag van die berge gevreet. Talle kere vorm die stroom watervalle of steil vinnigvloeiende versnellings oor reuse gladde kliprondings asook groot poele soos wat by die bekende en skouspelagtige Debegenivalle gevind word. Hierdie gebied het 'n koue, sonnige winter en 'n warm, reënerige somerklimaat.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** In hierdie skouspelagtige omgewing is daar, naby die Dokolewarivier, twee geskikte kampeer- of piekniekplekke. Hierdie terreine van sowat $3\frac{1}{2}$ morg elk is goed beskut deur groot bome en het 'n drakrag van meer as 'n honderd eenhede. Gekoppelde aktiwiteite is swem in die baie geskikte poele van die Dokolewarivier asook hengel vir forelle. Verder kan daar myle ver op goeie bosboupaaie gewandel word. Die geskikste besoektyd is op mooi dae dwarsdeur die jaar. In die winter is die water egter koud en die loop van die rivier vang eers taamlik laat die son se strale.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word as 'n opvanggebied, vir houtproduksie en ook as 'n beskermingsgebied van inheemse flora en fauna gebruik.

# NEW AGATHA-WOLKBERG-BOSBOURESERVAAT






Die kruine van die Wolkberg

## NEW AGATHA-WOLKBERG- BOSBOURESERVAAT
## AFDELING VI NO. 74

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer vyf-en-twintig myl suidwes van Tzaneen geleë, maar byna veertig myl ver per pad.

**Bereikbaarheid:** Hierdie reservaat is moeilik bereikbaar. Die paaie en houtbrûe is baie swak en alleenlik voertuie met vierwielaandrywing kan die gebied binnegaan.

**Roetebeskrywing:** Vanaf Tzaneen moet eers met Provinsiale Pad P17 na Haenertsburg gery word. Vandaar moet 'n ongemerkte pad na die reservaat gevolg word.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied is bo-op en rondom die kruin van die Wolkbergpiek van die Drakensberge geleë. Die area toon die tipiese grasbegroeide hellings van sommige bergkruine, maar word hier onderbreek deur die kaal graniet-riwwe van die berg se hoër punte wat na die suide en noorde lê. Diep, koel, ryklik begroeide klowe strek ooswaarts na onder en twee van hulle is besonder steil en baie interessant om te besoek. In hierdie klowe vloei koue strome wat later in die Groot Letsitelerivier uitmond. Forelle kom algemeen in hierdie bergstrome voor. Toegang tot die gebied, vanuit die noordekant, geskied deur 'n wonderlike kloof met feitlik loodregte, aalwynbegroeide rotshange. Binne hierdie kloof vloei 'n stroom, naamlik die Malapetsirivier. Die gebied het 'n droë, sonnige, matige winter en 'n reënerige, warm somerklimaat.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hier is geleentheid vir etlike duisende eenhede om op die berg te kampeer of piekniek te hou. Daar is egter omtrent geen skuiling nie. Gekoppelde aktiwiteite is hengel, wandel en bergklim, asook die identifisering van die talle wilde blomme en struike wat daar voorkom. Baie van die strome kan opgedam word en sal sodoende mooi swemplekke vorm. Goeie dae dwarsdeur die jaar is geskik vir besoeke.

**Huidige besitter:** Die Departement van Bosbou.

**Huidige gebruik:** Die gebied word tans beskerm as 'n bewaargebied van inheemse flora en fauna, maar 'n bebossingskema word vir die hele gebied in vooruitsig gestel. Dit is ook 'n belangrike opvanggebied vir riviere.


# AFDELING VII

## REGERINGSGRONDE, IN SUIDWES-TRANSVAAL, DIE DIE ORANJE-VRYSTAAT EN NOORDWES-KAAPLAND, WAT VIR OPELUGONTSPANNINGSOORDE GESKIK IS




Die Augrabiese waterval

AFDELING VII




Driehoeksmeting, 1964.

# DIE GANSPAN NABY JAN KEMPDORP






Die rietbegroeide oewers van Ganspan

## GANSPAN (JAN KEMPDORP)
## AFDELING VII NO. 78

**Ligging:** Hierdie dam is ongeveer negentien myl noordwes van Warrenton en ses myl wes van Jan Kempdorp geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is met alle soort voertuie bereikbaar oor gruispaaie wat soms klipperig is.

**Roetebeskrywing:** Van Jan Kempdorp af word die pad na Espagdrif gevolg en na ongeveer vyf myl draai die pad na Ganspan regs uit die pad tussen Jan Kempdorp en Espagdrif. Na 'n paar honderd treë draai 'n ongemerkte pad, wat na die dam lei, na die regterkant toe uit.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie dam, wat twee myl lank is, is geleë in 'n kom tussen kalkagtige rante. Dit het rietbegroeide oewers, maar daar is talle oop kolle waar die water vir hengel- of swemdoeleindes maklik bereikbaar is. Die dam word gevorm deur die afloop van besproeiings- en stormwater.


Die omgewing het baie watervoëls. Om die pan is daar baie doringboompies wat te klein is om beskutting aan kampeerders te bied. Indien die troebel water van die pan gekook word, is dit drinkbaar.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hierdie gebied van 200 morg met sy onbesoedelde water bied 'n verskeidenheid van opelugontspanningsmoontlikhede, vir etlike honderde persone. Hier kan deelgeneem word aan swem, hengel en bootsport en die voëllewe kan gedurende die warmer maande waargeneem word. Kampeerders moet egter hulle eie skuiling saambring aangesien daar geen skadubome is nie.

**Huidige gebruik:** Die Departement van Lande.

**Huidige besitter:** Dit is 'n opvanggebied van oortollige besproeiingswater en stormwater.

# STAATSGROND GELEË IN DIE OMGEWING VAN WARRENTON



Die groot watervlak van die Vaalrivier bokant die uitkeerwal van die Vaalhartsstudam

## DIE VAALHARTSSTUDAM
## AFDELING VII NO. 79

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer vier myl oos van Warrenton langs die Vaalrivier geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met alle voertuie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Vier myl oos van Warrenton draai 'n goedaangeduide pad uit die Nasionale Pad na die gebied toe.


**Beskrywing van die gebied:** 'n Reuse betonmuur dwarsoor die Vaalrivier dam die water hier op sodat 'n watervlak van ongeveer een myl breed gevorm word. 'n Deel van die water vloei in kanale weg, terwyl die res oor die wal stort en verder vloei. Aangeplante uitheemse bome en groot inheemse soetdoring- en kareebome groei op die oewer van die rivier.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Daar is genoeg skuiling onder groot koeltebome vir etlike honderde kampeer- of piekniekeenhede. Dwarsdeur die jaar kan hier gehengel word en in die warmer maande geswem en aan bootsport deelgeneem word. Water is na die gebied aangelê. Aangesien talle mense hier kampeer of piekniek hou, het die Departement van Waterwese toiletgeriewe opgerig.

**Huidige besitter:** „The Poor Sisters of Nasareth" besit hierdie 32 morg grond, maar die Departement van Waterwese hou 'n servituut daarop.

**Huidige gebruik:** Die rivier word vir besproeiingsdoeleindes opgedam.

# STAATSGROND GELEË IN DIE OMGEWING VAN WARRENTON



'n Deel van die driehonderd morg staatsgrond langs die Vaalrivier

## DIE GEBIED VAN 300 MORG LANGS DIE NOORDELIKE OEWER VAN DIE VAALRIVIER AFDELING VII NO. 80

**Ligging:** Hierdie gebied is geleë aan die regteroewer van die Vaalrivier by die brug waar Nasionale Pad N13 oor die rivier by Veertien Strome gaan

**Bereikbaarheid:** Die gebied kan met gewone voertuie bereik word, want daar is grondpaaie tot naby die rivier. 'n Pad moet vir die laaste entjie gemaak word of anders kan daar geloop word.

**Roetebeskrywing:** Verskeie ongemerkte paaie lei uit Nasionale Pad N13, noord van die brug by Veertien Strome, na die gebied by die rivier.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied beslaan 'n area tussen die noordelike rivieroewer en Nasionale Pad N13 wat parallel met die rivier loop. Naby die rivier is baie groot gladde klippe en reuse soetdoring-, karee- en ander inheemse bome. Nader aan die pad is die bome kleiner en word baie minder klippe aangetref.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hierdie gebied het 'n drakrag van etlike honderde kampeer- of piekniekeenhede. Die hele jaar deur kan hier gehengel word en gedurende die warmer maande ook geswem word. Die rivierwater is drinkbaar mits dit gekook word.


**Huidige besitter:** Die Departement van Lande.

**Huidige gebruik:** Geen.

## PERSEEL 157 VAN BUCKLANDS-NEDERSETTING OOK BEKEND AS „DIE NEUS"




Driehoeksmeting 1965



„Die Neus" by Douglas

# „DIE NEUS" BY DIE SAMEVLOEIING VAN DIE VAAL- EN ORANJERIVIER
## AFDELING VII NO. 81

**Ligging:** Hierdie gebied is geleë by die sameloop van die Vaal- en Oranjerivier ongeveer sewe myl van Douglas af.

**Bereikbaarheid:** Gruispaaie lei na die gebied en dit is dus maklik met alle voertuie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Vanaf Douglas word die pad na Prieska gevolg. Na ongeveer twee myl draai die goedaangeduide pad na Bucklands na regs uit, en eindig by „Die Neus".


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie hoogliggende gebied van dertien morg, is naby die oewers van die riviere dig met groot soetdoring-, kameeldoring- en blinkblaar-wag-'n-bietjiebome begroei. Die res van die gebied bestaan uit oop of grasbegroeide kolle tussen groterige bome.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Hierdie gebied wat 'n drakrag van ongeveer honderd piekniekeenhede het, is meer geskik vir eendaagse uitstappies. Die rivierwater is troebel en soms modderig, en piekniekgangers moet hul eie water verskaf. Die groot watervlak wat hier gevorm word, is baie geskik vir bootsport hengel en swem.

**Huidige besitter:** Die Departement van Lande.

**Huidige gebruik:** Geen.

## SKEMATIESE VOORSTELLING VAN KAMPEERTERREIN AAN WEERSKANTE VAN DIE CONRADIEBRUG






Die kampeerterrein aan die digbegroeide rivieroewer onderkant die wal van die Hawkesdam

## DIE TERREIN AAN DIE OEWER VAN DIE ORANJERIVIER AAN WEERSKANTE VAN DIE CONRADIEBRUG NABY HAWKESDAM
## AFDELING VII NO. 82

**Ligging:** Die gebied is aan die suidelike oewer van die Oranjerivier geleë, sestien myl suid van Upington.

**Bereikbaarheid:** 'n Teerpad lei tot by die gebied, en dit is dus tot hier maklik bereikbaar vir alle voertuie. Binne die gebied is dit egter sanderig.

**Roetebeskrywing:** Vanaf Upington word na Keimoes gereis. Na ongeveer veertien myl draai 'n goedaangeduide teerpad ooswaarts uit na Kanoneiland. Hierdie pad lei na die Conradiebrug.


**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied aan die noordwestelike oewer van die Oranjerivier strek 500 treë stroom-op en 500 treë stroom-af van die Conradiebrug, en is ongeveer ses morg groot en net onderkant Hawkesdam geleë. Die gebied beslaan die sanderige oewers van die rivier asook die eilande in die rivier. Inheemse boomsoorte soos blinkblaar, wag-'n-bietjie, soetdoring en kareebome word hier aangetref.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Die gebied het 'n drakrag van 'n paar honderd kampeer- of piekniekeenhede. Daar is moontlikhede vir hengel, swem en bootsport; laasgenoemde veral op die Hawkesdam. Gedurende die somer is die rivierwater baie modderig en moet kampeerders hulle eie water saambring.

**Huidige besitter:** Die Departement van Lande.

**Huidige gebruik:** Die gebied is aan die afdelingsrade van Kenhardt en Gordonia verhuur en word tans gebruik as kampeerterrein.

# RESTANT VAN PLAAS LANYON VALE WAT AAN DIE ORANJERIVIER GELEË IS



Die Oranjerivier by die restant van die plaas Lanyon Vale

## GEDEELTE ELSIESDRIF VAN DIE PLAAS LANYON VALE AFDELING VII NO. 83

**Ligging:** Elsiesdrif is ongeveer 54 myl wes van Prieska, aan die Oranjerivier geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is met alle voertuie oor slegte gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Vanaf Niekerkshoop word vir ongeveer 12 myl met die Griekwastadpad gereis. Hier moet verneem word na die ongemerkte paaie wat na die plaas Elsiesdrif lei.


**Beskrywing van die gebied:** Die terrein is dig begroei met groot inheemse bome wat uitstekende skadu aan kampeerders en piekniekgangers kan verleen. Die sanderige grond is redelik gelyk. Daar is 'n windpomp wat vars water kan verskaf en brandhout is volop. Die rivier het steil, sanderige walle wat met bome dig begroei is.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Etlike honderde persone kan hier kampeer. Daar is moontlikhede vir swem, hengel (hoofsaaklik palings en babers), kanovaart en ander bootsport. Heelwat ape en 'n verskeidenheid voëls is ook hier te sien.

**Huidige gebruik:** Die Departement van Lande.

**Huidige besitter:** Hierdie stuk grond word tydelik verhuur.

## KALKFONTEINDAM EN OMGEWING



Aan die oewer van die Kalkfonteindam

## GEDEELTE VAN DIE PLAAS KALKFONTEIN AAN DIE KALKFONTEINDAM
## AFDELING VII NO. 84

**Ligging:** Hierdie gebied is geleë aan die oostelike oewer van die Kalkfonteindam, ongeveer twintig myl noord van Fauresmith.

**Bereikbaarheid:** Deur middel van gruispaaie is die gebied maklik bereikbaar vir alle soorte voertuie.

**Roetebeskrywing:** Vanaf Fauresmith word die pad na Petrusburg gevolg. Na ongeveer agtien myl word die plaas Kalbasdrif bereik en met die toestemming van die eienaar kan die dam met die privaat pad oor sy plaas bereik word.

**Beskrywing van die gebied:** Klein klipperige rantjies, wat afdaal na 'n gelyk vlakte, word in hierdie gebied aangetref. Die vlakte is tot aan die oewer van die dam begroei met klein boompies, bossies en gras.


**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Etlike honderde kampeerders of piekniekgangers kan hier vertoef, mits hulle hul eie skuiling verskaf. Die dam se water is drinkbaar.

Die dam bied uitstekende geleentheid vir bootsport, swem en hengel. Swartbaars, karp, silwer- en geelvis word hier aangetref.

**Huidige besitter:** Die Departement van Lande.

**Huidige gebruik:** Wateropgaardoeleindes.

## RESTANT VAN PLAAS VOORSLAG 854 AAN DIE VAALDAM






'n Gedeelte van die restant van die plaas Voorslag 854

## UITVALGROND OP PLAAS VOORSLAG 854 LANGS DIE VAALRIVIER
## AFDELING VII NO. 85

**Ligging:** Hierdie gebied is aan die Vaalrivier geleë, ongeveer drie-en-twintig myl noord van Frankfort.

**Bereikbaarheid:** Gruispaaie maak die gebied met enige soort voertuig bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Vanaf Frankfort word die pad na die Jim Fouché vakansieoord gevolg. Na ongeveer twintig myl, ongeveer drie myl duskant die Jim Fouché vakansieoord, word regs gedraai met die aangeduide pad na die plaas „Poortjie". Daar kan na die ligging van die gebied verneem word.


**Beskrywing van die gebied:** Grasbegroeide rante daal geleidelik af na die Vaalrivier. Hier en daar word 'n groterige boom aangetref. 'n Goeie woonhuis en 'n paar buitegeboue staan op die grond wat in geheel 3.5 morg groot is.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Daar is ruimte vir ongeveer honderd kampeer- of piekniekeenhede. Persone moet egter hul eie skuiling verskaf. Piekniekgangers en kampeerders het deur hierdie gebied toegang tot die Vaalrivier asook die Vaaldam en kan dus aan hengel en bootsport deelneem. Die geskikste besoektyd is gedurende die warmer somermaande.

**Huidige besitter:** Die Departement van Lande.

**Huidige gebruik:** Geen.

# VAALDAM






'n Vergesig oor Vaaldam

# VAALDAMPLOTTE 89, 99, 114 EN 117 LANGS DENEYSVILLE
## AFDELING VII NO. 86

**Ligging:** Die gebiede is suid van Deneysville se dorpsgrond geleë.

**Bereikbaarheid:** Enige soort voertuig kan die terrein onder bespreking bereik.

**Roetebeskrywing:** Die gebied kan òf van Deneysville òf van die Oranjeville-Deneysville-pad bereik word deur na die plaas Bramley te ry.

**Beskrywing van die gebied:** Die gebied word gekenmerk deur grasbegroeide rante waarop feitlik geen bome groei nie.

**Moontlikheid vir opelugontspanningsaktiwiteite:** Die plotte onder bespreking grens aanmekaar en is altesaam 21 morg groot. Die gebied is geskik vir 'n honderdtal of meer kampeerders wat egter bereid moet wees om hulle eie skuiling te verskaf en water vanaf die nabygeleë Deneysville te verkry. Deneysville se paaie verleen toegang tot die Vaaldam waar hierdie gebied se kampeerders hul met swem, hengel en bootsport kan vermaak.

**Huidige besitter:** Die Departement van Lande.

**Huidige gebruik:** Geen.

# BYLAE 1

## ALFABETIESE LYS VAN ALLE STAATSDAMME IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

| | NAAM VAN DAM | RIVIER | | OPPERVLAKTE (VOL) (in morg) | NAASTE DORP OF STAD |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Albasinidam | Luvuvhu | | 311 | Louis Trichardt |
| 2. | Allemanskraaldam | Sandrivier | | 3235 x | Ventersburg |
| 3. | Armeniadam | Leeurivier | | 469 | Hobhouse |
| 4. | Beaufort West Dam | Gamkarivier | | 18 x | Beaufort West |
| 5. | Beenbreekdam | Oranjerivier | | x | Onseepkans/Pofadder |
| 6. | Beervleidam | Grootrivier | | 1996 | Willowmore |
| 7. | Boegoebergdam | Oranjerivier | | 943 | Prieska of Upington |
| 8. | Boskopdam | Mooirivier | | 436 x | Potchefstroom |
| 9. | Bospoortdam | Hexrivier | | 272 | Rustenburg |
| 10. | Bronkhorstspruitdam | Bronkhorstspruit | | 1014 | Bronkhorstspruit |
| 11. | Buffeljagsdam | Buffeljagsrivier | | 1700 x | Heidelberg, K.P. |
| 12. | Buffelspoortdam | Sterkstroom | | 120 | Rustenburg |
| 13. | Bulshoekdam | Olifantsrivier | | 906 | Clanwilliam |
| 14. | Clanwilliam Dam | Olifantsrivier | | 906 | Clanwilliam |
| 15. | Corneliadam | Leeuspruit | | 100 | Koppies |
| 16. | Craigie Burn Dam | Mnyamvubu | | 200 | Mooirivier/Greytown |
| 17. | Doorndraaidam | Sterkrivier | | 493 | Potgietersrus |
| 18. | Ebenezerdam | Groot-Letabarivier | | 447 x | Tzaneen |
| 19. | Erfenisdam | Vetrivier | | 3862 | Winburg of Theunissen |
| 20. | Floriskraaldam | Buffelsrivier | | 941 x | Laingsburg |
| 21. | Hartbeespoortdam | Krokodilrivier | | 1919 | Pretoria |
| 22. | Hluhluwe | Hluhluwe | | 450 x | Hlabisa/Hluhluwe |
| 23. | Kingnadam | Kingnarivier | | 91 x | Montagu |
| 24. | Klein-Maricodam | Klein-Maricorivier | | 108 | Zeerust |
| 25. | Klipdrifdam | Loopspruit | | 566 | Potchefstroom |
| 26. | Klipbergdam | Koningsrivier | 1964 | | Robertson |
| 27. | Koppiesdam | Renosterrivier | | 789 | Koppies |
| 28. | Korintepoortdam | Korinterivier | | 120 x | Riversdale |
| 29. | Kosterdam | Kosterrivier | 1964 | | Rustenburg |
| 30. | Leeugamkadam | Leeurivier | | 337 | Fraserburg Road |
| 31. | Leeuwboschdam | Swartbasrivier | | 62 | Rietfontein |
| 32. | Lindley's Poort Dam | Elandsrivier | | 168 | Swartruggens |
| 33. | Loskopdam | Olifantsrivier | | 1969 | Groblersdal |
| 34. | Luphephe | Luphephe | | 181 | Messina |
| 35. | Marico Bosvelddam | Groot-Maricorivier | | 509 | Groot-Marico |
| 36. | Midmar Dam | Mgeni | | 1821 x | Howick, Natal |
| 37. | Ngagane | Ngagane | | 2370 x | Newcastle |
| 38. | Nooitgedachtdam | Komatirivier | | 899 x | Carolina |
| 39. | Nwanedzi | Nwanedzi | | 81 x | Messina |
| 40. | Nzhelele | Nzhelele | | 444 | Messina |
| 41. | Ohrigstaddam | Ohrigstadrivier | | 110 | Ohrigstad |
| 42. | Pienaarsrivierdam | Pienaarsrivier | | 464 x | Pretoria |
| 43. | Pietersfonteindam | Keisierivier | | - | Montagu |
| 44. | Pongolopoortdam | Pongolo | 1964 | 15500 x | M'kuze |
| 45. | Rietspruitdam | Rietspruit/Skoonspruit | | 365 x | Ventersdorp |
| 46. | Roodepoortdam | Onder-Kromspruit | | 132 | Dewetsdorp |
| 47. | Rooikraaldam | Bloedrivier | | 55 | Groblersdal |
| 48. | Rooikrantsdam | Buffalo River | | 85 | King William's Town |
| 49. | Rust de Winterdam | Elandsrivier | | 550 | Warmbad |
| 50. | Rustfonteindam | Modderrivier | | 1374 | Bloemfontein |
| 51. | Schweizer-Renekedam | Hartsrivier | | 322 | Schweizer-Reneke |
| 52. | Stompdriftdam | Olifantsrivier | | 650 x | Oudtshoorn |
| 53. | Sterkspruitdam | Sterkspruit | ? | 12 | Pinetown/Durban |
| 54. | Tonteldoosdam | Tonteldoosrivier | | 535 | Roossenekal |
| 55. | Tweerivieredam | Koegarivier | | 1154 x | Humansdorp |
| 56. | Tweespruitdam | Klein-Leeurivier | | 36 | Ladybrand |
| 57. | Vaaldam | Vaalrivier | | 34978 | Vereeniging/Frankfort |
| 58. | Vaalhartsstudam | Vaalrivier | | 1739 | Jan Kempdorp |
| 59. | Vlugkraaldam | Vlugkraal(Plaas) | | 13 | Roossenekal |
| 60. | Vogelvleidam | Klein-Bergrivier | | 1252 | Tulbach |
| 61. | Wagendriftdam | Boesmansrivier | | 300 x | Estcourt |
| 62. | Waterdown Dam | Klipplaatrivier | | 315 x | Whittlesea (Queenstown) |
| 63. | Witklipdam | Sandrivier | | | Nelspruit |
| 64. | Yasdam | Oranjerivier | | | Goodhouse |

L.W. Die x by die oppervlaktegrootte van die dam dui 'n dam aan, in aanbou of reeds voltooi, wat kragtens die nuwe beleid van die Departement van Waterwese 'n bufferstrook grond rondom die dam bokant hoogvloedwatermerk het.

# BYLAE 1
## ALFABETIESE LYS VAN ALLE DAMME VAN WATERBEWARINGSRADE

| NAAM VAN DAM | RIVIER | OPPERVLAKTE | NAASTE DORP OF STAD |
|---|---|---|---|
| Bellair Dam | Brakrivier | 212 | Ladismith (K.P.)/Barrydale |
| Blyderivierdam | Blyderivier | 54.5 | Hoedspruit |
| Bon Accord Dam | Apiesrivier | 293 | Pretoria |
| Brandvleidam | Sytak van Breederivier | 1864 | Worcester |
| Duiwenhoksdam | Duiwenhoksrivier | 61 | Heidelberg |
| Egmont Dam | Witspruit | 275 | Van Stadensrust/Zastron |
| Gilbert-Eyles Dam | Mzimkulwana | 38 | Port Shepstone |
| Grassridge Dam | Groot-Brakrivier | 1620 | Cradock |
| Groothoekdam | Sytak van Hexrivier | 16.9 | Ceres |
| Kafferskraaldam | Skoonspruit | 271 | Ventersdorp |
| Kafferrivierdam | Kafferrivier | 975 | Bloemfontein |
| Kammanassiedam | Kammanassierivier | 407 | Oudtshoorn |
| Keeromdam | Nuyrivier | 89 | Worcester |
| Klaseriedam | Klaserierivier | 96 | Klaserie |
| Kromellenboogdam | Klein-Maricorivier | 280 | Groot-Marico |
| Lake Arthur | Tarkarivier | 535 | Cradock |
| Longmere | Witrivier | 91 | Witrivier |
| Mentzdam | Sondagsrivier | 1548 | Kirkwood |
| Moordkuildam | Hoeksrivier | 144 | Worcester |
| Olifantsnekdam | Hexrivier | 299 | Rustenburg |
| Oukloofdam | Cordiersrivier | 48 | Prince Albert |
| Smart Syndicate Dam | Ongersrivier | 3939 | Britstown |
| Twyfelspoortdam | Sterkstroom | 55 | Groot-Marico |
| Vanwyksvleidam | Vanwyksvlei | 4350 | Vanwyksvlei |
| Weltevredendam | Leeuspruit | 112 | Koppies |

# BYLAE 2

## BESIENSWAARDIGE GEBIEDE WAT NIE AAN DIE KRITERIA WAARVOLGENS DIE GEBIEDE GEMEET IS, VOLDOEN HET NIE.

1. BROEDERSTROOM-BOSBOURESERVAAT

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer veertien myl noordwes van Tzaneen geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied kan met 'n nou kronkelende gruispad bereik word.

**Roetebeskrywing:** Uit Provinsiale Pad P17, ongeveer sewe myl wes van Tzaneen, draai 'n bosboupad, gemerk Forest Drive, noordwaarts die berge in. Hierdie pad loop deur Broederstroom-Bosboureservaat.

**Beskrywing van die gebied:** Die nou, kronkelende Forest Drive is uitgekap uit die steil hellings van die Vaalkransberge, wat oral begroei is met die digte reënwoud wat tiperend van hierdie deel van die land is. Verskeie klein strome vloei deur die gebied. Daar is baie min gelyk grond. Die Dap Naudédam wat in die gebied geleë is, is ontoeganklik vir die publiek aangesien dit water aan die Pietersburgse Munisipaliteit verskaf.

2. DE HELSE BOS

**Algemeen:** De Helse Bos en De Hoek van Hel, wat so genoem is na aanleiding van die digbegroeide reënwoud op die berge noordoos van Tzaneen, ressorteer vandag onder die De Hoek- en Woodbush-Bosboureservate. Forest Drive wat hierdie gebiede verbind, loop dan ook deur wat voorheen bekend was as De Helse Bos. Vir 'n beskrywing vanhierdie gebiede, kyk by De Hoek en Woodbush-Bosboureservate.

3. KATBERG-BOSBOURESERVAAT

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer vyf-en-twintig myl noord van Fort Beaufort geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is maklik met gruispaaie bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Die pad vanaf Fort Beaufort na Queenstown (Provinsiale Pad No. 48) loop deur die gebied.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied is op die Katberg van die Amatolareeks geleë, en waar die pad oor die berge gaan, kry mens 'n pragtige uitsig oor die omliggende begroeide en beplante heuwels en valleie. Daar is min gelyk grond.

4. SWARTBERG-BOSBOURESERVAAT

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer vyftien myl suid van Prince Albert geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied is met gruispaaie maklik bereikbaar.

**Roetebeskrywing:** Die pad tussen Oudtshoorn en Prince Albert (N121 en Provinsiale Pad No.8) loop deur die gebied.

**Beskrywing van die gebied:** Hierdie gebied is bo-op, en rondom die kruine van die Swartberge geleë. Die gebied is ru, ongenaakbaar met baie min water. Tog bied dit geleentheid om sekere plantsoorte sowel as interessante geologiese verskynsels, in hierdie wêrelddeel te besigtig. Die skouspelagtige en steil Swartbergpas, waarlangs die pad hierdie gebied deurkruis, gee 'n goeie beeld van hoe die gebieddaaruitsien. Dit kan maklik beskou word as 'n „Wilderness-Area", waarin die mens se vermoëns moet opweeg teen die ongenaakbaarheid van die natuur, as hy daarin wil rondbeweeg.

5. WOODBUSH-BOSBOURESERVAAT

**Ligging:** Hierdie gebied is ongeveer twaalf myl noordwes van Tzaneen geleë.

**Bereikbaarheid:** Die gebied kan met 'n nou kronkelende gruispad bereik word.

**Roetebeskrywing:** Vanuit Provinsiale Pad No. 17, wat deur Magoebaskloof gaan, draai 'n bosboupad, gemerk Forest Drive, ongeveer sewe myl wes van Tzaneen noordwaarts die berge in. Hierdie pad loop deur die Woodbush-Bosboureservaat wat aan die Broederstroomreservaat grens.

**Beskrywing van die gebied:** Die nou kronkelende Forest Drive, wat uit die steil hellings van die berge alhier uitgekap is, deurkruis 'n digbegroeide mat van reënwoud en struike wat tot hoog teen die berge groei. Verskeie strome vloei deur die gebied wat baie min gelyk grond besit.

# BYLAE 3

## SAMEVATTING VAN MOONTLIKE ONTSPANNINGSAKTIWITEITE IN DIE POTENSIËLE OPELUGONTSPANNINGSOORDE

| Naam van gebied | Swem | | Hengel | | Bootsport | | Bergklim | | Onderwater | | Perdry | Ander aktiwiteite en opmerkings | Stap en Wandel | Piekniek of kampeer | Afdeling waarin geleë | Nommer op afdelingskaart | Bladsy |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Varswater | See | Varswater | See | Varswater | See | Bergpaaie | Rotsklim | Varswater | See | | | | | | | |
| KAAPPROVINSIE: | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1. Alexandria-bosboureservaat | x | x | x | x | x | x | | | x | x | | | x | x | 3 | 35 | 91 |
| 2. Bathurst-bosboureservaat | | x | | x | | x | | | | | | | x | x | 3 | 36 | 93 |
| 3. Blouberg-bosboureservaat | | x | | x | | x | | | | x | | | | x | 1 | 1 | 13 |
| 4. Bloukrans-bosboureservaat | x | x | | x | | x | | | | x | | | x | x | 2 | 30 | 77 |
| 5. Brandvleidam | | | | | x | | | | | | | | | | 1 | 7 | 25 |
| 6. Bluelilliesbush-bosboureservaat | | x | | x | | x | | | | x | | | x | x | 2 | 33 | 83 |
| 7. Buffeljagtsand-bosboureservaat | | x | | x | | x | | | | x | | | x | | 1 | 23 | 55 |
| 8. Cecilia-bosboureservaat | | | | | | | | | | | | | x | x | 1 | 12 | 35 |
| 9. De Mond-bosboureservaat | x | x | x | x | x | x | | | x | x | | Besigtiging van wild | x | x | 1 | 24 | 57 |
| 10. Devil's Peak-bosboureservaat | | | | | | | x | x | | | | | x | | 1 | 11 | 33 |
| 11. „Die Neus" | | | x | | x | | | | | | | | | x | 7 | 81 | 191 |
| 12. Duinefonteinsand-bosboureservaat | | x | | x | | x | | | | x | | | x | | 1 | 23 | 55 |
| 13. Eersterivier-bosboureservaat | x | x | | x | | x | | | | x | | | x | x | 1 | 15 | 41 |
| 14. Elandsbaai-uitspanning | | x | x | x | | x | | | | | | Kanovaar op rivier | x | x | 1 | 75 | 65 |
| 15. Elsiesdrif aan die oewer van die Oranjerivier | x | | x | | x | | | | | | | | x | x | 7 | 83 | 195 |
| 16. Franschhoek-bosboureservaat | x | | x | | | | x | | | | | | x | x | 1 | 8 | 27 |
| 17. Ganspan (Jan Kempdorp) | x | | x | | x | | | | | | | | x | x | 7 | 78 | 85 |
| 18. Garcia-bosboureservaat | | | x | | | | x | | | | | | x | x | 1 | 25 | 59 |
| 19. Grabouw-bosboureservaat | | | | | | | x | | | | | Besigtiging van Ghanfoupas | x | x | 1 | 18 | 45 |
| 20. Grootvadersbos-bosboureservaat | | | | | | | x | | | | | | x | x | 1 | 21 | 51 |
| 21. Harkerville-bosboureservaat | | x | | x | | | x | | | x | | | x | x | 2 | 28 | 73 |
| 22. Hawequas-bosboureservaat | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| (Bainskloof) | x | | x | | | | x | | | x | | | x | x | 1 | 4 | 19 |
| (Dutoitskloof) | | | x | | | | x | x | | | | | x | x | 1 | 5 | 21 |
| (Stettynskloofdam) | x | | x | | | | x | | | | | Geen aktiwiteite binne in die dam nie | x | x | 1 | 6 | 23 |
| 23. Hogsback-bosboureservaat | | | x | | | | x | | | | x | | x | x | 3 | 37 | 95 |
| 24. Jonkershoek-bosboureservaat | x | | x | | | | x | x | | | | | x | x | 1 | 10 | 31 |
| 25. Kogelberg-bosboureservaat | x | | x | | x | | x | | | | | In die rivier vaar met kano's | x | x | 1 | 17 | 43 |
| 26. Kologha-bosboureservaat | | | | | | | x | | | | | | x | x | 3 | 38 | 97 |
| 27. Keurboomsrivier-bosboureservaat | x | x | x | x | x | x | x | | x | x | | Ook waterski | x | x | 2 | 29 | 75 |

BYLAE 3 (vervolg)

| Naam van gebied | Swem | | Hengel | | Bootsport | | Bergklim | | Onderwater | | Perdry | Ander aktiwiteite en opmerkings | Stap en Wandel | Piekniek of kampeer | Afdeling waarin geleë | Nommer opafdelingskaart | Bladsy |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Varswater | See | Varswater | See | Varswater | See | Bergpaaie | Rotsklim | Varswater | See | | | | | | | |
| 28. Kluitjieskraal-bosboureservaat | x | | x | | | | x | | | | | | x | x | 1 | 3 | 17 |
| 29. Kusbosreservate vanaf Kei Mouth tot Grootvisrivier | x | x | x | x | | x | x | | x | x | | | x | x | 3 | 39 | 99 |
| 30. Lebanon-bosboureservaat | | | | | | | | | | | | | x | x | 1 | 19 | 47 |
| 31. Lottering-bosboureservaat | | | | | x | | x | | | x | | | x | x | 2 | 31 | 79 |
| 32. Nuweberg-bosboureservaat | | | | | | | x | | | | | | x | x | 1 | 20 | 49 |
| 33. Purgatory-uitspanning | | | | | | | x | | | | | | x | x | 1 | 9 | 29 |
| 34. Sederberg-bosboureservaat | x | | | | | | x | | | | x | | x | x | 1 | 2 | 15 |
| 35. Staatsgrond aan Noordelike oewer van Vaalrivier-Warrenton | | | x | | | | | | | | | | x | x | 7 | 80 | 189 |
| 36. Staatsgrond aan die oewer van die Oranjerivier | x | | x | | x | | | | | | | | x | x | 7 | 82 | 193 |
| 37. Stilbaai-Oos-bosboureservaat | | x | | x | | x | | | | x | | | x | x | 1 | 27 | 63 |
| -Wes-bosboureservaat | | x | | x | | x | | | | x | | | x | x | 1 | 26 | 61 |
| 38. Strandfontein-bosboureservaat | | x | | x | | x | | | | x | | | x | x | 1 | 14 | 39 |
| 39. Stormsrivier-bosboureservaat | | x | | x | | x | | | | x | | | x | x | 2 | 32 | 81 |
| 40. Tokai-bosboureservaat | | x | | x | | | x | | | x | | Water egter baie koud | x | x | 1 | 13 | 37 |
| 41. Uilenkraal-Oos | | x | | x | x | | | | | x | | | x | x | 1 | 76 | 67 |
| 42. Vaalhartsstudam | x | | x | | x | | | | | | | | x | x | 7 | 79 | 187 |
| 43. Walkerbaai-bosboureservaat | | x | | x | | x | | | | | | | x | x | 1 | 22 | 53 |
| 44. Witelsbos-bosboureservaat | | x | | | | x | | | | x | | | x | x | 2 | 34 | 85 |
| NATAL: | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 45. Boesmansnek-bosboureservaat | x | | x | | | | x | x | | | x | Besigtiging van Boesmantekeninge | x | x | 4 | 42 | 109 |
| 46. Cathkin Peak-bosboureservaat | x | | x | | | | x | x | | | | Besigtiging van Boesmantekeninge en met binnebande in die riviere ry | x | x | 4 | 40 | 105 |
| 47. Dargle-bosboureservaat | x | | x | | | | | | | | | | x | x | 4 | 53 | 111 |
| 48. Estuary-bosboureservaat | | x | x | | | x | | | | x | | | x | x | 5 | 46 | 125 |
| 49. Fanis-bosboureservaat | | | x | | x | | | | | | | | x | x | 5 | 45 | 123 |
| 50. Highmoor-bosboureservaat | x | | x | | | | x | x | | | x | Besigtiging van Boesmantekeninge en moontlike ski in die winter | x | x | 4 | 41 | 107 |

BYLAE 3 (vervolg)

| Naam van gebied | Swem | | Hengel | | Bootsport | | Bergklim | | Onderwater | | Perdry | Ander aktiwiteite en opmerkings | Stap en Wandel | Piekniek of kampeer | Afdeling waarin geleë | Nommer op afdelingskaart | Bladsy |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Varswater | See | Varswater | See | Varswater | See | Bergpaaie | Rotsklim | Varswater | See | | | | | | | |
| 51. Kwambonambi-bosboureservaat | | | x | | x | | | | | | | | x | x | 5 | 43 | 121 |
| 52. Meersig-bosboureservaat | | x | | x | | x | | | | x | | | x | x | 5 | 47 | 127 |
| 53. Ngomi-bosboureservaat | | | | | | | | | | | x | | x | x | 5 | 51 | 133 |
| 54. Normandien-bosboureservaat | | | x | | | | x | | | | x | | x | x | 5 | 52 | 135 |
| 55. Qudeni-bosboureservaat | | | | | | | | x | | | x | | x | x | 5 | 50 | 131 |
| 56. Sordwana-bosboureservaat | | x | | x | | x | | | | x | | | x | x | 5 | 48 | 129 |
| 57. Tugelamond | | x | x | x | | x | | | | x | | Kanovaar op rivier | x | x | 4 | 77 | 115 |
| 58. Untamvuna-bosboureservaat | x | | x | | x | | x | | | | | Waterski | x | x | 4 | 54 | 113 |
| TRANSVAAL: | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 59. Berlin-bosboureservaat | | | | | | | x | | | | | Besigtiging van myne | x | x | 6 | 57 | 145 |
| 60. Blyde-bosboureservaat | x | | x | | | | | | | | | | x | x | 6 | 60 | 151 |
| 61. Blyderivierpoort | x | | x | | | | x | | | | | | x | x | 6 | 65 | 161 |
| 62. Brooklands-bosboureservaat | | | | | | | | | | | | Besigtiging van grotte | x | x | 6 | 70 | 171 |
| 63. De Hoek-bosboureservaat | x | | x | | | | | | | | | | x | x | 6 | 73 | 177 |
| 64. Entabeni-bosboureservaat | | | x | | | | | | | | | | x | x | 6 | 71 | 173 |
| 65. Erasmus F.C. Natuurreservaat | | | x | | | | | | | | | Besigtiging van Laeveldse flora en wild | x | x | 6 | 66 | 163 |
| 66. Frankfort-bosboureservaat | | | x | | | | | | | | | | x | x | 6 | 68 | 167 |
| 67. Graskop-bosboureservaat | x | | x | | | | | | | | | | x | x | 6 | 59 | 149 |
| 68. Hanglip-bosboureservaat | | | | | | | | | | | | Besigtiging van Venda begraafplaas en stelling van Genl. Piet Joubert | x | x | 6 | 72 | 175 |
| 69. Makobulaan-bosboureservaat | x | | x | | | | | | | | | Besigtiging van wild en watervalle | x | x | 6 | 58 | 147 |
| 70. Makonjwa-reservaat | | | x | | x | | | | | | | | x | x | 6 | 55 | 141 |
| 71. Mariti-bosboureservaat | | | | | | | x | | | | | | x | x | 6 | 61 | 153 |
| 72. Mariepskop-bosboureservaat | x | | x | | | | x | | | | | Pragtige uitsigte oor Laeveld | x | x | 6 | 64 | 159 |
| 73. Nelshoogte-bosboureservaat | x | | | | | | x | | | | | Besigtiging van interessante natuurreservaat | x | x | 6 | 56 | 143 |
| 74. Rietfontein-bosboureservaat | x | | x | | | | | | | | | Besigtiging van wild | x | x | 6 | 69 | 169 |
| 75. Salique-bosboureservaat | | | | | | | | | | | | Hengelmoontlikhede naby die gebied | x | x | 6 | 63 | 157 |
| 76. Welgevonden-bosboureservaat | x | | | | | | x | | | | | | x | x | 6 | 62 | 155 |
| 77. Wolkberg-bosboureservaat | | | x | | | | x | x | | | | | x | x | 6 | 74 | 179 |
| 78. Zwartfontein-bosboureservaat | | | x | | x | | | | | | | | x | x | 6 | 67 | 165 |

BYLAE 3 (vervolg)

| Naam van gebied | Swem | | Hengel | | Bootsport | | Bergklim | | Onderwater | | Perdry | Ander aktiwiteite en opmerkings | Stap en Wandel | Piekniek of kampeer | Afdeling waar-in geleë | Nommer op afdelingskaart | Bladsy |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Varswater | See | Varswater | See | Varswater | See | Bergpaaie | Rotsklim | Varswater | See | | | | | | | |
| D. ORANJE-VRYSTAAT: | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 79. Staatsgrond aan die oewer van die Vaalrivier | | | x | | | | | | | | | Kanovaar | x | x | 7 | 85 | 199 |
| 80. Staatsgrond in nabyheid van Vaaldam | | | | | | | | | | | | Swem, hengel en bootsport in Vaaldam | x | x | 7 | 86 | 201 |
| 81. Staatsgrond langs die Kalkfonteindam | x | | x | | x | | | | | | | | x | x | 7 | 84 | 197 |

ografie deur Middleton & Joubert (Edms.) Bpk. Pretoria